

# **Media standpunte oor die Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur**

Jeanne-Marié Strauss



Werkstuk ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste  
vir die graad van Magister in Rampbestuur aan die Universiteit van die Vrystaat

in die

Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe  
(Disaster Management Training and Education Centre for Africa)

Studieleier: Dr L. Terblanche

Bloemfontein  
November 2010

## Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat deur hierdie tesis in te lewer, dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie by enige universiteit hierdie tesis aangebied het nie.

---

Handtekening

November 2010

## **Bedankings & Erkenning**

Hierdie tesis sou nie moontlik wees as dit nie vir die volgende persone was nie.

My opregte dank en waardering:

Vir my ouers, Tommie en Anita Strauss, vir julle ondersteuning en begrip.

Vir my twee broers, Thomas en Francois, vir julle geduld en tegniese steun.

Vir al my vriende en julle belangstelling vanuit al die hoeke van die wêreld – Londen, Duitsland, Amerika, Frankryk, Suid-Korea en waar my hart die warmste klop – Suid-Afrika.

Tobias, you see me. 354.

Vir my studieleier, Doktor Lydie Terblanche, vir u noukeurige steun en advies.

Graag wil ek ook my dank uitspreek aan die beroepspelers wat deel was van my data versameling en wat tyd gemaak het om deel te neem aan my studie.

Ek erken ook die finansiële steun van die Suid-Afrikaanse Departement van Wetenskap en Tegnologie, wat hierdie geleentheid vir my moontlik gemaak het.

Jeanne-Marié Strauss

## OPSOMMING

Klimaatsverandering is volgens Watkins (2007: 1) 'n oorgrensende wetenskaplike realiteit met ongekende klimaatsverwante veranderinge wat die globale mensdom se gedeelde koolstofspasie bedreig. Die post-Kioto klimaatskonferensie is in Kopenhagen tussen 7 en 18 Desember 2009 gehou. Die Kopenhagen klimaatskonferensie verteenwoordig 'n multinasionale poging om klimaatsuitdagings en temperatuurstygings deur 'n omvattende ooreenkoms te beperk en die Kopenhagen klimaatsberaad het geëindig sonder 'n ambisieuse of wettige verdrag.

In 'n snelgroeïende land soos Suid-Afrika en 'n geografiese kwesbare provinsie soos die Wes-Kaap, wat ryk is aan natuurlike hulpbronne, verteenwoordig klimaatsverandering 'n groeiende risiko wat toenemende uitdagings vir rampbestuur inhou. Die primêre bron van nuus is koerante en gevolglik versterk dit die spesifieke rol wat nuusblaaie soos *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* in die "globale dorp" kan speel.

Vir die leserspubliek om die konteks van die probleem te verstaan, moet die rol en aard van inligtingsbronne verstaan word, omdat koerante se selektiewe inhoud verteenwoordigend is van wat belangrik is. *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* is daarom 'n sentrale bron van invloed omdat dit die leserspubliek se risiko-persepsies van klimaatsverandering deur hul inhoud beïnvloed. Relevante literatuur is geraadpleeg en het 'n kennisgaping getoon in die verhouding tussen nuusblaaie en lesers in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad en rampbestuur.

Hierdie studie is onderneem met die doel om te bepaal hoe die drie Wes-Kaapse koerante naamlik *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se uitbeelding van die Kopenhagen klimaatsberaad konstrueer, verstaan en benader word deur die toepassing van 'n gemengde navorsingsmetode. 'n Kwantitatiewe teksanalise is onderneem vanaf November 2009 tot Februarie 2010 en het statistiese resultate van 299 items gelewer. Kwalitatiewe onderhoude het in-diepte insigte van vier joernaliste, 'n klimaatspesialis en 'n rampbestuurder gelewer.

Die studie se bevindinge vanuit die empiriese ondersoek en die literatuur dui daarop dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* ideaal geplaas is om 'n uitgebreide en

kritieke rol te speel in die konteks van internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad.

Die implikasie vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* is dat hulle benut kan word om volhoubare verantwoordelike risiko-verminderende gedrag deur bewusmaking by die leserspubliek te bevorder deurdat dit lesers kan help om 'n meer persoonlike verbintenis met klimaatsverandering te hê. Voortvloeiend hieruit en uit die deelnemers se opinies is bevind dat klimaatsverandering 'n brandende kwessie is en nie meer net 'n omgewingkwessie is nie. Struikelblokke kompliseer die kommunikasie van die klimaat diskoers, en sal oorkom moet word om die visie van 'n uitgebreide rol vir die koerante te van konstante en daadwerklike nuuswaardige klimaatsverandering beriggewing te realiseer.

Vanuit die empiriese resultate van die studie is faktore geïdentifiseer wat die nuuswaardigheid van die Kopenhagen klimaatsberaad beïnvloed en aangespreek moet word om verandering teweeg te bring. Beter samewerking tussen die redakteur, wetenskaplikes en joernaliste moet bewerkstellig word; kommersiële nuuswaardes soos die onmiddellikheid van nuus moenie ruimte en tyd wat toegeken word aan klimaatsverandering beriggewing beperk nie; joernaliste moet wegbeweeg van die blote erkenning na meer ondersoekende joernalistiek; dominante neutrale nuusdekking moet vervang word met gepaste insig artikels wat positiewe oplossings en geleenthede van samewerking beklemtoon; en daar moet meer plaaslike prominensie en relevansie verleen word aan klimaatsverandering en die erns van internasionale klimaatsverandering samesprekings.

Rampbestuur is 'n kritieke funksie in die hantering van die fisiese, wetenskaplike en waarneembare verskynsel van klimaatsverandering binne die konteks van volhoubare ontwikkeling. Wanneer hierdie studie in die geheel beskou word, is dit duidelik dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* gebruik kan word as 'n effektiewe komponent van rampbestuur deur 'n rol te speel in die leserspubliek se oortuiging van die erns oor internasionale klimaatsverandering samesprekings, en om openbare druk vir meer beslissende klimaatsbeleidvorming en kollektiewe deelname te bewerkstellig.

## ABSTRACT

Climate change for Watkins (2007: 1) is a cross-boundary scientific reality with unknown climate related changes that threatens the global humanity's shared carbon space. The post-Kioto climate conference was held in Copenhagen between 7 – 18 December 2009. This Copenhagen climate change conference represents a multinational effort to limit climate challenges and temperature increases through a comprehensive agreement. The Copenhagen climate summit concluded without an ambitious or lawful accord

In a fast-growing country like South Africa and a geographically vulnerable province like the Western Cape, that is rich with natural resources, climate change represents a growing risk with increasing challenges for disaster management. The primary source of news is newspapers and this strengthens the specific role that *Die Burger*, *Cape Argus* and the *Cape Argus* can play in the "global village".

Newspapers content is representative of what is important, and to understand the context of the problem the role and nature of these information sources must be understood. *Die Burger*, *Cape Argus* and the *Cape Times* is a central source of influence, because through the content it publishes it influences the risk perceptions of the reading public. Relevant literature consulted indicated a knowledge gap in the relationship between newspapers and their readers in the context of the Copenhagen climate summit and disaster management.

This study is undertaken with the aim of establishing how three Western Cape newspapers namely *Die Burger*, *Cape Times* and the *Cape Argus* constructed, understood and approached the Copenhagen climate summit through a mixed method approach. The quantitative text analysis undertaken during November 2009 to February 2010 provided statistical results from 299 items. Qualitative interviews provided in-depth insights from four journalists, a climate scientist and a disaster manager.

The empirical research and the literature indicates that *Die Burger*, *Cape Argus* and the *Cape Times* are ideally placed to play an extensive and critical role in the context of international climate change conferences such as the Copenhagen climate summit.

The implication for *Die Burger*, *Cape Argus* and the *Cape Times* is that they can be utilized to improve sustainable, responsible risk-decreasing behaviour through awareness raising of the reading public by helping them create a personal connection with climate change. Leading from this it is found that climate change is a burning issue and no longer simply an environmental issue. Obstacles complicate the communication in the climate discourse and must be overcome to realise the vision of an extensive role for newspapers with constant and newsworthy climate change reporting.

From the empirical research, factors were identified that influences the newsworthiness of the climate summit and these must be addressed to bring about change. Better collaboration between the editors, scientists and journalists must be achieved; commercial news values such as the immediacy of news must not limit the space and time allocated for climate change reporting; journalists must move away from mere recognition to more investigative journalism; the dominant neutral news coverage must be replaced with more positive and insightful articles; and more local prominence and relevance must be given to climate change and the seriousness of international climate change conferences.

Disaster management is a critical function in the management of a physical, scientific and observable unfolding event like climate change within the context of sustainable development. When considering this study in its entirety, it is clear that *Die Burger*, *Cape Argus* and the *Cape Times* can be utilized as a more effective component of disaster management, by conveying the importance and seriousness of international climate change conferences to their readers which can lead to public pressure for more decisive policy formulation around climate change and bring about collective participation.

# INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
Verklaring.....	i
Bedankings en Erkenning.....	ii
Opsomming.....	iii
Abstract.....	v
Lys van tabelle.....	xiii
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING.....</b>	<b>1</b>
1.1 INLEIDING EN RASIONAAL VAN DIE ONDERSOEK.....	1
1.2 LITERATUURSTUDIE.....	2
1.3 NAVORSINGSVRAAG EN NAVORSINGSDOELWITTE.....	3
1.4 NAVORSINGSMETODOLOGIE.....	5
1.5 AFBAKENING VAN DIE NAVORSINGSVELD.....	6
1.6 UITLEG VIR DIE RES VAN DIE TESIS.....	6
1.7 BEGRIPSOMSKRYWINGS EN KONSEPTE.....	8
<b>HOOFSTUK 2: DIE KOPENHAGEN KLIMAATSBERAAD IN DIE KONTEKS VAN RAMPBESTUUR.....</b>	<b>11</b>
2.1 KLIMAATSVERANDERING EN KLIMAATSVERANDERING SE IMPAKTE.....	11
2.1.1 Globale Klimaatsverandering.....	11
2.1.2 Klimaatsverandering in Afrika.....	12
2.1.3 Klimaatsverandering in Suid-Afrika.....	13
2.1.4 Klimaatsverandering in die Wes-Kaap.....	14
2.2 RAMPBESTUUR IN SUID-AFRIKA.....	15
2.3 DIE KOPENHAGEN KLIMAATSBERAAD.....	17
2.3.1 Agtergrond tot die totstandkoming van die Kopenhagen klimaatsberaad.....	17
2.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad.....	19
2.3.3 Die Kopenhagen Ooreenkoms.....	21
2.3.4 Kommentaar oor die Kopenhagen klimaatsberaad en die Kopenhagen Ooreenkoms.....	22
2.4 SUID-AFRIKA SE ROL IN INTERNASIONALE KLIMAAT SAMESPREKINGS.....	24
2.5 KLIMAATSVERANDERING AS OMGEWINGSKWESSIE.....	27



2.6 GEVOLGTREKKING.....	28
-------------------------	----

**HOOFSTUK 3: LITERATUURSTUDIE.....30**

3.1 INLEIDING.....	30
--------------------	----

3.2 OORSIG VAN BESTAANDE LITERATUUR.....	30
--	----

3.3 MASSAMEDIA.....	31
---------------------	----

3.4 MEDIA TEORIEË.....	33
------------------------	----

3.5 UITDAGINGS VIR DIE UITGEBREIDE ROL VAN KOERANTE EN DIE JOERNALIS IN DIE KONTEKS VAN INTERNASIONALE KLIMAATSVERANDERING SAMESPREKINGS.....	35
---	----

3.5.1 Kompleksiteit van klimaatsverandering.....	36
--	----

3.5.2 Koerante se uitdagings.....	37
-----------------------------------	----

3.5.3 Joernaliste se struikelblokke.....	40
--	----

3.5.4 Raam-analise.....	42
-------------------------	----

3.6 DIE UITGEBREIDE ROL VAN KOERANTE IN DIE KONTEKS VAN KLIMAATSVER- ANDERING.....	43
---	----

3.7 DIE UITGEBREIDE ROL VAN DIE JOERNALIS IN DIE KONTEKS VAN KLIMAATSVERANDERING.....	47
--	----

3.7.1 Verhouding tussen wetenskaplikes en joernaliste.....	47
--	----

3.7.2 Verantwoordelike wetenskaplike verslaggewing.....	48
---	----

3.8 OORSIG VAN DIE HOOFBEVINDINGE VAN DIE LITERATUURSTUDIE.....	51
---	----

**HOOFSTUK 4: NAVORSINGSONTWERP EN NAVORSINGSMETODOLOGIE.....52**

4.1 INLEIDING.....	52
--------------------	----

4.2 DIE NAVORSINGSVRAAG.....	52
------------------------------	----

4.3 KWALITATIEWE EN KWANTITATIEWE NAVORSING METODEDES.....	53
--	----

4.3.1 Die kwantitatiewe teksanalise en gepaardgaande voordele.....	54
--	----

4.3.2 Die kwalitatiewe onderhoude en gepaardgaande voordele.....	54
--	----

4.3.3 Die gemengde navorsingsontwerp.....	55
---	----

4.4. ONDERWERP SELEKSIE EN KEUSE VAN DIE STUDIE PERIODE.....	56
--	----

4.4.1 Omgewing.....	56
---------------------	----

4.4.2 Keuse van die studieperiode.....	56
--	----

4.4.3 Kaapse Koerante.....	56
----------------------------	----

4.4.3.1) <i>Die Burger</i> .....	57
----------------------------------	----

4.4.3.2) Die <i>Cape Argus</i> .....	57
4.4.3.3) Die <i>Cape Times</i> .....	57
4.4.4 Joernaliste.....	58
4.4.5 Kundiges: klimaatsverandering wetenskaplike en rampbestuurder.....	58
4.5 DATAVERSAMELING METODEDES.....	58
4.5.1 Teksanalise as 'n dataversameling proses.....	58
4.5.2 Dataversameling proses van onderhoude met joernaliste en kundiges.....	59
4.6 DATA ANALISE EN INTERPRETASIE.....	60
4.6.1 Analise van die versamelde kwantitatiewe data.....	60
4.6.2 Analise van die versamelde kwalitatiewe data.....	61
4.7 ETIESE ASPEKTE EN TEKORTKOMINGE VAN DIE DATAVERSAMELING TEGNIEKE.....	62
4.8 SAMEVATTING.....	64
<b>HOOFSTUK 5: KWANTITATIEWE DATA VERWERKING EN INTERPRETASIE.....</b>	<b>65</b>
5.1 INLEIDING.....	65
5.2 KWANTITATIEWE ONTLEDING VAN DIE GESELEKTEERDE KOERANT ITEMS.....	65
5.2.1 Inleiding.....	65
5.2.2 Struikelblokke.....	66
5.3 STATISTIESE BESKRYWINGS VAN DIE KODEERLYS.....	66
5.3.1 Getal items per datum.....	66
5.3.1.3 Gemiddelde aantal items per dag per koerant.....	68
5.3.1.4 Artikels wat eksklusief handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad.....	68
5.3.2 Prominensie van die items deur hul plasing in die koerant.....	69
5.3.3 Die gebruik van nuusagentskappe en buitelandse koerante.....	71
5.3.4 Item Kategorieë.....	74
5.3.5 Infografika.....	76
5.3.6 Raam.....	76
5.3.7 Houding.....	81
5.3.8 Konteks.....	83
5.3.9 Aantal artikels van deelnemende joernaliste.....	86
5.4 SAMEVATTING.....	87
<b>HOOFSTUK 6: INTERPRETASIE VAN DIE KWALITATIEWE DATA.....</b>	<b>88</b>
6.1 INLEIDING.....	88

6.2 ONDERHOUDE MET JOERNALISTE.....	88
6.3 KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE DEELNEMENDE JOERNALISTE SE RESPONSE.....	89
6.3.1 Professionele verantwoordelikhede en opleiding.....	89
6.3.1.1 Onderwerp area.....	90
6.3.1.2 Die vlak van omgewingsverslaggewing en bywoning van konferensies.....	90
6.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad van 2009.....	91
6.3.2.1 Die Kaapse koerante se perspektief.....	91
6.3.2.2 Die Kopenhagen Ooreenkoms.....	92
6.3.2.3 Nuusdekking oor die Kopenhagen klimaatsberaad.....	93
6.3.3 Publiek se belangstelling.....	94
6.3.3.1 Belangstelling van lesers.....	94
6.3.3.2 Klimaatsverandering vanuit 'n persoonlike verwysingsraamwerk.....	95
6.3.3.3 Leserspubliek se klimaatsverandering behoeftes.....	95
6.3.3.4 Invloed van die Kopenhagen klimaatsberaad.....	96
6.3.3.5 Afname in klimaatsverandering belangstelling.....	97
6.3.4 Uitdagings.....	97
6.3.4.1 Verslaggewing oor internasionale samesprekings.....	97
6.3.4.2 Struikelblokke in verslaggewing oor klimaatsverandering.....	98
6.3.4.3 Hulpmiddels.....	99
6.3.4.4 Vryheid.....	100
6.3.5 Verantwoordelikheid.....	101
6.3.5.1 Koerant se verantwoordelikheid.....	101
6.3.5.2 Redakteur se verantwoordelikheid.....	102
6.3.5.3 Joernaliste se verantwoordelikheid.....	102
6.3.6 Konteks, rame, houding en evolusie van klimaatsverandering verslaggewing....	103
6.3.6.1 Suid-Afrikaanse konteks van artikels.....	103
6.3.6.2 Rame van die artikels.....	104
6.3.6.3 Houding.....	104
6.3.6.4 Evolusie van klimaatsverandering verslaggewing.....	105
6.3.7 Veranderinge en voorstelle.....	106
6.3.7.1 Onderwerpe.....	106
6.3.7.2 Dialoog tussen joernaliste en wetenskaplikes.....	107

6.4 KWALITATIEWE ONTLEDING VAN DIE DEELNEMENDE KLIMAAT KUNDIGES SE RESPONSE.....	108
6.4.1 Agtergrond van die organisasie/departement.....	108
6.4.1.1 Departementele betrokkenheid by ramp risiko bestuur.....	108
6.4.1.2 Professionele betrokkenheid by klimaatsverandering.....	109
6.4.2 Rol van koerante.....	109
6.4.2.1 Verantwoordelikheid van Die Burger, Cape Argus en die Cape Times.....	109
6.4.3 Die Kopenhagen klimaatsberaad.....	110
6.4.3.1 Koerante se invloed.....	110
6.4.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur.....	110
6.4.3.3 Die Kopenhagen Ooreenkoms.....	110
6.4.4 Klimaatsverandering.....	111
6.5 SAMEVATTING.....	111
<b>HOOFSTUK 7: GEVOLGTREKKING EN VOORSTELLE.....</b>	<b>113</b>
7.1 INLEIDING.....	113
7.2 BEVINDINGE BEKOM DEUR TRIANGULASIE.....	113
7.2.1 Wat is drie uitgesoekte Kaapse koerante se houding teenoor die onlangse Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur?..	114
7.2.2 Hoeveel en hoe dikwels word daar oor die Kopenhagen klimaatsberaad in Kaapse koerante berig? .....	115
7.2.3 Wat is die hooframe van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	115
7.2.4 Hoe lyk die inhoud en wat is die hoof kategorieë van die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	116
7.2.5 Watter kennis is nodig om te berig oor die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	116
7.2.6 Wat is die joernaliste se mening van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	116
7.2.7 Wat is die joernalis se mening van hul koerante en hulle persoonlike verantwoordelikheid in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	117
7.2.8 Watter uitdagings word deur joernaliste ervaar in beriggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	118
7.2.9 Wat is die mening van klimaatsverandering kundiges van die rol van die Suid-Afrikaanse media in die Kopenhagen klimaatsberaad?.....	119
7.3 TEKORTKOMINGE EN VOORSTELLE VIR VERDERE NAVORSING.....	120

7.4 AANBEVELINGS VIR DIE IMPLEMENTERING VAN DIE BEVINDINGE.....	121
7.4.1 <i>Die Burger, Cape Argus</i> en die <i>Cape Times</i> .....	121
7.4.2 Onderwerpparea.....	122
7.4.3 Joernaliste.....	123
7.4.4. Joernaliste, redakteurs en klimaatwetenskaplikes.....	124
7.5 SAMEVATTING.....	125
<b>BRONNELYS.....</b>	<b>128</b>
<b>ADDENDA.....</b>	<b>143</b>
Addendum A: Uitnodiging.....	143
Addendum B: Vertroulikheidsversekering vorm.....	145
Addendum C: Afrikaanse onderhoudskedule vir joernaliste.....	146
Addendum D: Engelse onderhoudskedule vir klimaatsverandering wetenskaplike en rampbestuurder.....	149

## Lys van tabelle

Tabel 5.3.1.1 Totale items per koerant.....	67
Tabel 5.3.1.2 Artikels per maand.....	67
Tabel 5.3.1.4 Artikels wat handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad.....	68
Tabel 5.3.2.1 Bladsynommer kategorieë.....	70
Tabel 5.3.2.2 Bladsynommer kategorieë per koerant.....	70
Tabel 5.3.3.1 Nuusagentskappe en buitelandse koerante.....	71
Tabel 5.3.3.2 Die Burger: Bron van die item.....	72
Tabel 5.3.3.3 Cape Argus: Bron van die item.....	73
Tabel 5.3.3.4 Cape Times: Bron van die item.....	73
Tabel 5.3.4.1 Item kategorieë.....	74
Tabel 5.3.4.2 Die Burger: Item kategorieë.....	75
Tabel 5.3.4.3 Cape Argus: Item kategorieë.....	75
Tabel 5.3.4.4 Cape Times: Item kategorieë.....	75
Tabel 5.3.5.1 Totaal Infografika.....	76
Tabel 5.3.5.2 Selfstandige Foto's.....	76
Tabel 5.3.6.1 Artikels se rame.....	77
Tabel 5.3.6.2 Die Burger: Rame.....	78
Tabel 5.3.6.3 Cape Argus: Rame.....	79
Tabel 5.3.6.4 Cape Times: Rame.....	80
Tabel 5.3.7.1 Opsomming van die Koerante se Houdings.....	81
Tabel 5.3.7.2 Die Burger: Houding.....	81
Tabel 5.3.7.3 Cape Argus: Houding.....	82
Tabel 5.3.7.4 Cape Times: Houding.....	82
Tabel 5.3.8.1 Konteks van die artikels.....	83
Tabel 5.3.8.2 Die Burger: Konteks van die artikels.....	84
Tabel 5.3.8.3 Cape Argus: Konteks van die artikels.....	84
Tabel 5.3.8.4 Cape Times: Konteks van die artikels.....	85
Tabel 5.3.9.1 Artikels per deelnemende joernalis.....	86

# 1. Inleiding

## 1.1 Inleiding en Rasionaal van die Onderzoek

My belangstelling in die bewusmaking van die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad het my gemotiveer om deur navorsing duidelikheid te bekom oor die spesifieke uitbeelding van die Kopenhagen klimaatsberaad in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*. Die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad moet in koerante se inhoud weerspieël word omdat dit die publiek help om die belangrikheid van samewerking oor klimaatsverandering te verstaan en die gevolge wat dit vir rampbestuur inhou.

Klimaatsverandering en aardverhitting is nie sinoniem met mekaar nie – die verhoogde kweekhuiseffek lei tot aardverhitting, om hierdie rede word ‘klimaatsverandering’ gebruik in hierdie tesis omdat dit meer akkuraat en omvattend as ‘aardverhitting’ is. Vir Joubert (2008: 5) is klimaatsverandering ’n ernstige bedreiging in Suid-Afrika.

Volgens Houghton (2004: 9) word ons planeet omring deur ’n gaskombes wat die oppervlak van die planeet warm hou en lewe handhaaf. Die probleem wat ons in die gesig staar is dat van die aanvang van die Industriële Revolusie (260 jaar gelede) mense daartoe bygedra het om die sogenaamde natuurlike kombes van die atmosfeer dikker te maak deur hul kweekhuisgasse teen ’n ongekende spoed in die aarde se atmosfeer vry te stel. Deur meer fossiel brandstowwe te gebruik vir energie en deur ontbossing vir landboupraktyke maak ons die kombes dikker deur die kweekhuisgas vrystellings wat die hitte vasvang.

Om kommunikasie te verstaan is vir Nelkin (1995: 1) en Berger (2008: 7) ’n manier om ons leefwêreld te verstaan, omdat die nuus ons oor gebeure vertel wat ons nie direk ervaar het nie soos die gebeure van die Kopenhagen klimaatsberaad. Die inligting wat die publiek van koerante verkry, speel om hierdie rede ’n rol in dit wat die publiek as waar beskou en hoe die publiek ’n opinie vorm, omdat koerante selektief is oor watter kwessies hulle hul aandag op fokus. Koerante en veral joernaliste is daarom in die verantwoordelike posisie waar hulle die leserspubliek kan inlig deur hulle beriggewing oor sekere kwessies (Deacon, Pickering, Golding & Murdock 1999: 1).

Hierdie navorsing is die moeite werd om te doen omdat dit die struikelblokke kan identifiseer wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* en joernaliste verhinder om 'n optimale rol in beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad te lewer. Die resultate van die studie kan uiteindelik voorstelle maak oor hoe *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* gebruik kan word as 'n effektiewe komponent van rampbestuur deur 'n rol te speel in die vorming van risiko-persepsies deur volhoubare beriggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings en geleenthede. Dus in hierdie studie word die potensiaal van die Kopenhagen klimaatsberaad as 'n katalisator vir die ontwikkeling van omgewingsverantwoordelike gedrag bespreek.

## 1.2 Literatuurstudie

Klimaatsverandering is 'n groot bedreiging vir Suid-Afrika, veral die Wes-Kaap word geïdentifiseer as kwesbaar vir toekomstige veranderinge in die klimaat. Die publiek is deurlopend deur koerante op hoogte gehou met die verloop van die samesprekings by die Kopenhagen klimaatsberaad. Die voorlopige literatuur dui daarop dat die drie Kaapse koerante kan bydra om positiewe verandering teweeg te bring omdat hulle 'n fundamentele invloed het op mense se opinies.

Cramer (2008) bestudeer klimaatsverandering uit die oogpunt van 'n beramingsanalise deur al die dominante klimaatstema's van die jaar 2005 in drie Kaapse dagblaie (*Die Burger*, *Cape Times* & *Cape Argus*) te ondersoek. Cramer se studie ondersteun my benadering dat die media se keuse van nuusdekking die publieke opinie en persepsie beïnvloed oor die verandering in die klimaat.

Turner (2008) ondersoek ses Wes-Kaapse koerante naamlik *Die Burger*, *The Cape Argus* en *The Cape Times*, die Saterdag uitgawe van *Die Burger*, *The Saturday Argus* en *The Sunday Argus*. Turner kyk spesifiek na die invloed van die hekwagterskapmodel op wetenskaplike nuusdekking oor 'n tydperk van twee maande. Hierdie studie fokus op 'n vergelykende oorsig van nuusdekking en hoe hekwagterskap in hierdie koerante toegepas word.

Hierdie is die enigste studies wat opgespoor kon word wat spesifiek na voorstellings van klimaatsverandering in Kaapse koerante kyk. Die genoemde proefskrifte dui aan, dat in



die konteks van klimaatsverandering, 'n behoefte bestaan om koerante se rol uit te brei in die opvoeding van die publiek in die konteks van klimaatsverandering.

Hierdie proefskrifte is almal onlangs onderneem en dit is duidelik dat daar nog nie 'n amptelike studie onderneem is wat spesifiek die uitbeelding van die Kopenhagen klimaatsberaad in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* ondersoek het nie, omdat dit so onlangs plaasgevind het. Hierdie navorsing spreek daarom 'n leemte aan in die bestaande literatuur oor internasionale klimaatsverandering samesprekings en klimaatsverandering as 'n groeiende joernalistieke vakgebied.

### **1.3 Navorsingsvraag en Navorsingsdoelwitte**

Vir Oosthuizen (1997: 14) is koerante dikwels 'n primêre bron van inligting vir die Suid-Afrikaanse publiek en daarom is koerante in 'n kritieke posisie om mense te help en te beïnvloed in die konteks van klimaatsverandering en ramp voorligting. Die Kopenhagen samesprekings het gehandel oor klimaatsverandering en het geëindig sonder 'n ambisieuse of wettige verdrag – bekend as die Kopenhagen Ooreenkoms.

Die Kopenhagen Ooreenkoms is 'n drie bladsy dokument waar die lede van die Verenigde Nasies se Raamwerk Konferensie oor Klimaatsverandering erken: klimaatsverandering is een van die grootste uitdagings van ons tyd en politieke wilskrag, aanpassing en internasionale ondersteuning word benodig; kweekhuisgasinkortings moet geïmplementeer word tot 'n maksimum van 2°C van voor-nywerheidsvlakke; die nadelige impak van klimaatsverandering word deur alle lidlande van die Klimaatskonvensie ervaar; en ontwikkelde lande moet finansiële hulpbronne, tegnologie en kapasiteitsbou voorsien vir ontwikkelende lande vir hulle implementering en aanpassing aksies (United Nationsb 2009: 2).

Daar is nie navorsing wat fokus op *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se amptelike uitbeelding van die Kopenhagen klimaatsberaad nie en die bestaan van hierdie kennisgaping het gelei tot die formulering van my navorsingsvraag.

Hierdie studie se hoof navorsingsvraag is: “Wat is drie uitgesoekte Kaapse koerante se houding teenoor die onlangse Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur?”.

Die informele waarneming is dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* die Kopenhagen klimaatsberaad op 'n beperkte wyse gedek het. Die leserspubliek kan daarom nie oorreed word dat klimaatsverandering 'n ernstige probleem is wat onmiddellike aksie benodig nie, alhoewel wetenskaplike bewyse oortuigend is dat klimaatsverandering plaasvind. Hierdie studie sal veral ten doel hê om te beskryf hoe verskillende koerant verslaggewing (hoofopskrifte, inhoud, prominensie, frekwensie en die uitleg van die berig) 'n sekere beeld van die Kopenhagen klimaatsberaad gekonstrueer het.

Die formulering van die doelwitte van hierdie ondersoek het ontwikkel omdat klimaatsverslaggewing en internasionale samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad 'n relatiewe nuwe joernalistieke genre is en uit 'n belangstelling oor die rol wat koerante speel in die verslaggewing van die Kopenhagen klimaatsberaad. Die doel van hierdie studie is om *Die Burger*, *Cape Times* en *Cape Argus* se verslaggewing met mekaar te vergelyk in hul konstruksie van die Kopenhagen klimaatsberaad.

Om die bogenoemde doel te bereik word die volgende sekondêre doelwitte gestel en sal daar gepoog word om dit te bereik: om 'n beskrywing te gee van die redes waarom die Kopenhagen klimaatsberaad nie die nodige nuusdekking ontvang het nie; en om klimaatsverandering en die rol van die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van Suid-Afrikaanse rampbestuur te beskryf.

Sekondêre navorsingsvrae wat ontstaan vanuit hierdie doelwitte is:

Hoeveel en hoe dikwels word daar oor die Kopenhagen klimaatsberaad in Kaapse koerante berig?;

Wat is die hooframe wat geïdentifiseer is in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Hoe lyk die inhoud van die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad (konteks, infografika)?;

Wat is die hoof kategorieë in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Watter kennis is nodig om te berig oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Wat is die joernaliste se mening oor die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Wat is joernaliste se mening van hulle koerante en hulle persoonlike verantwoordelikheid oor haal taak om inligting te voorsien in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Watter uitdagings word deur joernaliste ervaar in beriggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad?; en

Wat is die mening van klimaatsverandering kundiges van die nuwe rol van die Suid-Afrikaanse media tydens die Kopenhagen klimaatsberaad?

Die navorsing doelstellings van hierdie studie sal daarom waardevol wees om te bepaal hoe *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* onlangs die Kopenhagen klimaatsberaad gedek het. Die studie sal daarom beide die leemtes in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad identifiseer, en watter veranderinge in die toekoms aangebring kan word om die leserspubliek in te lig en te bemagtig.

#### **1.4 Navorsingsmetodologie**

Die navorsing sal van beide kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes gebruik maak om my in staat te stel om spesifieke inligting te bekom, en sodoende die navorsingsdoelwitte van die studie te bereik. Vir hierdie navorsing is die kwantitatiewe metodologie van 'n teksanalise die hoof navorsingsmetode.

Die kwantitatiewe navorsingsmetode behels die objektiewe en sistematiese teksanalise van bestaande koerantartikels wat oor 'n onlangse tydperk gekies is. Beriggewing wat handel oor klimaatsverandering en spesifiek die Kopenhagen klimaatsberaad in 2009 in *Die Burger*, *Cape Times* en *Cape Argus*, wat tussen 2 November 2009 en 26 Februarie 2010 verskyn het, sal bestudeer word vir die doeleindes van hierdie studie.

Daar sal spesifiek gefokus word op die redakteursbriewe, hoofartikels, uitleg van die artikels en aanhalings oor die Kopenhagen klimaatsberaad tydens hierdie ondersoek om standpunte uit te lig. Die inhoud van die versamelde artikels sal gekategoriseer word om te bepaal of die koerante se houding teenoor die Kopenhagen klimaatsberaad positief,

neutraal of negatief is. Hierdie spesifieke artikels kan ook beskou word as die betrokke koerant se amptelike standpunt tot die Kopenhagen klimaatsberaad.

Die kwalitatiewe data-insamelingsmetodes behels semi-gestruktureerde vraelyste en onderhoude met joernaliste, wat in die betrokke ondersoektydperk by die koerant gewerk het. Die konteks van 'n koerant se perspektief beïnvloed die dekking van inligting oor die Kopenhagen klimaatsberaad en daarom is daar besluit om onderhoude met die betrokke joernaliste te voer. Onderhoude is ook gevoer met betrokke kundiges in beide die rampbestuur en klimaatsverandering veld in die Wes-Kaap. Hierdie onderhoude lewer 'n groot aantal inligting waarop kwalitatiewe interpretasies van die kwantitatiewe navorsing gebaseer gaan word.

### **1.5 Afbakening van die navorsingsveld**

Die probleemstelling sal op beperkende wyse ondersoek word omdat die navorsingsmetodologieë gaan fokus op die studie van nuusverslae wat handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad in *Die Burger*, *Cape Times* en *Cape Argus*, gekies oor 'n onlangse periode. Die beperkinge van die studie is dat dit nie vir veralgemening doeleindes gebruik kan word nie, omdat die navorsing slegs oor 'n tydperk van vier maande onderneem is en navorsing van drie Kaapse dagblaaie insluit.

### **1.6 Uitleg vir die res van die tesis**

Die navorsingsverslag is in sewe hoofstukke verdeel.

#### Hoofstuk 1: Inleiding.

Hierdie hoofstuk het 'n inleiding van verskillende elemente van die studie insluitend die rasionaal van die ondersoek, die probleemstelling en die afbakening van die navorsingsveld. Dit gee 'n oorsig oor hoe die navorsingsprobleem wat handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad geformuleer is, wat die doelwitte van die navorsingstudie is en dit sit die raamwerk vir die res van die studie uiteen.

## Hoofstuk 2: Die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur

Dit volg op hoofstuk een en bronne wat handel oor klimaatsverandering is geraadpleeg om te illustreer dat klimaatsverandering 'n wetenskaplike realiteit is wat globale gevolge het. Verder kontekstualiseer hierdie hoofstuk die impak van klimaatsverandering op die Aarde, die Kopenhagen klimaatsberaad, die gevolglike Kopenhagen Ooreenkoms en die opkoms van klimaatsverandering as 'n joernalistieke omgewingskwessie.

## Hoofstuk 3: Literatuurstudie

Daar word in die literatuurstudie ondersoek ingestel na die aard van die studies wat alreeds gedoen is oor klimaatsverandering, en spesifiek die verband tussen klimaatsverandering en die media. Hierdie relevante literatuur lig ook teoretiese raamwerke uit wat relevant is tot die studie en dit kyk na die probleem van klimaatsverandering as 'n nuwe vorm van wetenskaplike joernalistiek.

## Hoofstuk 4: Navorsingsontwerp en navorsingsmetodologie

Hierdie hoofstuk handel oor die spesifieke kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetodologieë wat toegepas is vir die insameling en analise van die data met betrekking tot die navorsingsvrae.

## Hoofstuk 5: Kwantitatiewe data verwerking en interpretasie

Hoofstuk vyf is die daaropvolgende hoofstuk en handel oor hoe die versamelde kwantitatiewe data in terme van die navorsingsvrae deur 'n teksanalise ontleed word. Die empiriese resultate word weergegee deur besprekings, statistiese diagramme en tabelle, en word bespreek in samehang met die navorsingsverwagtinge wat in hoofstuk vier gestel is.

## Hoofstuk 6: Interpretasie van die kwalitatiewe data

Die menings verkry van die ses deelnemers en vanuit die vooropgestelde vraelyste word hier bespreek. Dit brei uit op hoofstuk vyf se kwantitatiewe bevindinge oor die nuusomgewing en die rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*. Die resultate van die kwalitatiewe studie word aangebied in die volgorde soos wat dit in die vraelyste uiteengesit is, met die selektiewe individuele opmerkings en kommentaar van die deelnemers.

## Hoofstuk 7: Gevolgtrekking en voorstelle

Hierdie is 'n finale hoofstuk en samevatting van die vorige hoofstukke in 'n betekenisvolle vorm. Bevindinge is volgens toepaslike opskrifte ingedeel om ooreen te stem met die navorsingsvrae. Die resultate van die studie sal geïntegreer word om die moontlike verklarings vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se houding teenoor die Kopenhagen klimaatsberaad weer te gee. Dit sluit die gevolgtrekkings en voorstelle vir toekomstige navorsing in hierdie studieveld in. Hoofstuk sewe word gevolg deur 'n bronnelys en navorsingsdata aangeheg as addenda A tot D.

### **1. 7 Begripsomsrywings en konsepte**

Vir die doel van hierdie studie sal die volgende konsepte gebruik en gedefinieer word:

**Aardverhitting** is die styging in die aarde se oppervlakte temperatuur. Dit word veroorsaak deur die kweekhuiseffek vanweë 'n oormaat aan hitte-behoudende kweekhuisgasse wat vrygestel is as gevolg van menslike aktiwiteite wat die kombes dikker maak (Joubert 2006: 72-73).

**Antropogenies** beteken klimaatsverandering is 'n direkte of indirekte gevolg van menslike inmenging. Deur die geskiedenis van die planeet het die aarde deur warm en kouer periodes gewissel, maar die huidige klimaatsverandering vind plaas teen so 'n vinnige tempo dat dit nie net deur natuurlike siklusse verduidelik kan word nie. Die mees onlangse verslag van die IPCC bevestig dat daar oorweldigende bewyse is dat mense die wêreld se klimaat affekteer (Boykoff & Roberts 2008).

Die Verenigde Nasies se gesaghebbende Interregeringspaneel oor Klimaatsverandering (**IPCC**) is in 1988 gestig. Hierdie paneel assesseer wetenskaplike, tegniese en sosio-ekonomiese inligting en publiseer assesserings wat gebaseer is op eweknie hersiene gepubliseerde wetenskaplike en tegniese literatuur. Die doel is om beleidsrelevante inligting, maar nie beleidsvoorskriftelike inligting te voorsien nie, oor sleutelaspekte van klimaatsverandering, naamlik: die fisiese wetenskap; klimaatsverandering impakte, aanpassing en kwesbaarheid; en die verligting van klimaatsverandering. Vier assesseringsverslae in 1990, 1995, 2001 en 2007 is alreeds voltooi (May & Caron 2009: 27).

**Klimaat** is die “gemiddelde weer” of die statistiese beskrywing in terme van wat verwag kan word oor ’n gegewe periode. Klimaat is die meting van die weer (temperatuur, lugdruk, vogtigheid, wind, reënval en sonskyn) op ’n spesifieke plek en oor ’n lang tydperk. Alhoewel die weer vinnig verander, kan klimaatspatrone oor ’n langtermyn voorspel word (Solomon *et al* 2007: 96, 104).

**Klimaatsverandering** is nie ’n enkele gevaar nie, maar ’n waarneembare verandering in die gemiddelde globale klimaatstoestand oor tyd vanweë interne en eksterne prosesse van natuurlike verandering, soos sonkol aktiwiteit en vulkaniese uitbarstings, en aanhoudende antropogeniese aksies. Dit beteken dat antropogeniese klimaatsverandering nie deel is van die natuurlike siklus van verandering van hierdie planeet soos vulkaniese uitbarstings nie. Antropogeniese bedrywighede soos industriële fossielbrandstof verbranding, ontbossing en grootskaalse onvolhoubare landboupraktyke het gelei na die langtermyn atmosferiese leeftyd van sekere kweekhuiskasse. Die gevare is dat hierdie verandering die intensiteit en frekwensie van klimaat risiko’s soos natuurlike rampe (storms en vloede) gaan verhoog en die areas gaan vergroot wat deur hulle geaffekteer word (Coppola 2007: 70; Wisner, Blaikie, Cannon & Davis 2007: 83).

Volgens Rekkel (2010: 19) en McQuail (2005: 28) is ’n **koerant** ’n nuusblad wat daaglik of weekliks uitgegee word, op ’n gereelde tyd, en dit verwys na huidige gebeurtenisse in die politiek, ekonomie, kultuur en sport. Dikwels lewer dit kommentaar op sekere nuusgebeure en beskik dit ook oor ’n kolom met lesersbriewe.

Die **Konferensie van die Partye (COP)** is die hoogste liggaam van die Klimaatskonvensie en die hoogste besluitnemingsowerheid wat jaarliks vir ’n tydperk van twee weke ontmoet om globale klimaatverandering teikens, implementering en verbindings van verdrae te hersien. Dit is ’n assosiasie van al die lande wat lede is van die Klimaatskonvensie. COP15 is die offisiële titel van die vyftiende sessie van COP, wat die opvolg van die Kioto Protokol bespreek het (UNFCCC 2010).

Die **Kweekhuiseffek** word veroorsaak deur kweekhuiskasse. Die aarde se klimaatsisteem word gedryf deur die hitte energie van die son. Verskeie kweekhuiskasse in die atmosfeer vang hierdie energie van die son vas en verhit die aarde en hierdie is die natuurlike kweekhuiseffek. Menslike aktiwiteite oor die afgelope 260 jaar soos die verbranding van fossielbrandstof, ontbossing en landboupraktyke het gelei na ’n

toename in die konsentrasie van kweekhuisgasse en 'n toename in temperatuur beteken dat meer hitte vasgevang word. Dit is bekend as die verhoogde kweekhuiseffek wat lei tot verdere aardverhitting en klimaatsverandering (Jarman 2007: 5).

**Kweekhuisgasse** is die atmosferiese gasse, beide natuurlik en antropogenies, wat verantwoordelik is vir aardverhitting en klimaatsverandering omdat dit die son se uitstraling absorbeer en vrystel. Hierdie uitstraling word gevolglik deur die aarde se oppervlak, die atmosfeer en wolke vrygestel wat die kweekhuiseffek tot gevolg het. Koolstofdioksied is die kweekhuisgas wat die meeste vrygelaat word in die atmosfeer deur fisiese en chemiese prosesse. 'n Dominante faktor in klimaatsverandering is 'n toename in die konsentrasie van verskeie kweekhuisgasse in die atmosfeer wat dan optree soos 'n kombens rondom die aarde, of die glasdak van 'n kweekhuis, en die Aarde warm maak (UNFCCC 2010; United Nationsa 2009).

**Persepsie** verteenwoordig die basiese komponent in die formulering van 'n konsep deur 'n kombinasie van kognitiewe en emosionele oordele, albei is verbind tot gedrag en die onmiddellikheid van die risiko. Vlakke van risiko bewustheid is afhanklik van die kwantiteit en kwaliteit van beskikbare inligting en die individu se risiko-persepsie. Mense is meer kwesbaar as hulle nie bewus is van gevaarlike risiko's nie. Risiko-persepsie is daarom nodig vir rampbestuur en kommunikasie. Die erkenning dat 'n risiko bestaan is belangrik sodat 'n persoon kan beoordeel wat die relatiewe graad van ernstigheid van die risiko is deur dit te vergelyk met ander risiko's (Coppola 2007: 162, 170).

'n **Ramp** kan onmiddellik of geleidelik plaasvind en dit oorweldig mense se plaaslike vermoëns om met hul beskikbare hulpbronne mee te ding. Rampe lei tot groot skade, verwoesting en menslike lyding, en word gekategoriseer as natuurlik of menslik. Die verandering van die klimaat veroorsaak die vermeerdering van die frekwensie en intensiteit van natuurlike rampe soos onder andere hittegolwe, vloede en droogtes (United Nationsa 2009; Wisner *et al* 2007: 5).

**Rampbestuur** is die aanhoudende en geïntegreerde multidisiplinêre proses van beplanning en implementering van maatstawwe wat gemik is op: die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe; rampgereedheid; 'n spoedige en effektiewe respons ná rampe; en die herstel en rehabilitasie nadat die ramp plaasgevind het (*Rampbestuur Wet Nommer 57 van 2002 van Suid-Afrika* 2008: 6).



## **2: Die Kopenhagen Klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur**

Klimaatsverandering is die grootste bedreiging in die 21ste eeu weens die globale koolstofspasie wat ons almal op Aarde deel. In hierdie hoofstuk word ondersoek ingestel na die relevante literatuur om die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van klimaatsverandering se impakte te kontekstualiseer sowel as die gevolge wat dit vir Suid-Afrika se rampbestuur en regering inhou. Die fokus van hierdie hoofstuk is om die leser te oriënteer met betrekking tot die relevante literatuur wat die agtergrond beskryf vir my ondersoek en by te dra tot die gesprek oor internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad.

### **2.1 Klimaatsverandering en klimaatsverandering se impakte**

Die drie enorme omgewingsgevolge van globale klimaatsverandering is die verskuiwing van klimaatsones, 'n styging in seevlakke en 'n toename in ernstige gebeurtenisse (Rowlands 1998: 3). Klimaatsverandering is gevolglik 'n globale krisis wat nie tot landgrense beperk kan word nie en dit herinner vir Zipplies (2008: 10, 15) dat ons deel is van 'n "globale gemeenskap".

Die geskiedenis van Suid-Afrika tydens apartheid het gelei tot nasionale isolasie van internasionale gebeurtenisse. Gevolglik is die regering en nuusblaaie se betrokkenheid, en die publieke bewusmaking van klimaatsverandering 'n betreklike nuwe kwessie in Suid-Afrika.

#### 2.1.1 Globale Klimaatsverandering

Die debat duur voort of klimaatsverandering veroorsaak word deur natuurlike sikliese patrone of antropogeniese aktiwiteite. Volgens Solomon *et al* (2007: 5) en Midgley *et al* (2005: 7) is die weer- en klimaatstoestand aan die verander, en dit word ondersteun deur die wetenskaplike bewyse in die toename van 0,6°C in die gemiddelde globale temperatuur vanaf 1850 (periode van rekord). Klimaatsverandering is dus 'n fisiese, wetenskaplike en waarneembare verskynsel.

Vir Beck (1999) leef ons in 'n risiko samelewing as gevolg van antropogeniese klimaatsverandering. Die IPCC (2007) se 2007 Asseseringsverslag staaf met 90% sekerheid dat menslike deelname van die aanvang van die industriële revolusie klimaatsverandering versnel het. Die momentum van menslike aktiwiteite soos die gebruik van fossielbrandstof, die vernietiging van reënwoude en onvolhoubare landboupraktyke het kweekhuisgas konsentrasies verhoog wat lei tot die vermeerderende kweekhuiseffek (Nordhaus 2008: 2). Hierdie oorsake, skryf Zipplies (2008: 15), illustreer dat klimaatsverandering diep ingebed is in die groeiende struktuur van ons samelewing, individuele gedrag en in die ekonomie.

Die gevare en ongunstige gevolge van klimaatsverandering as gevolg van wisselende temperature sal eers in die toekoms op 'n globale skaal plaasvind. Hierdie toekomstige gevolge is interafhanklik en sluit in: toenemende onvoorspelbare weerstoestande met rampspoedige droogtes byvoorbeeld in Suidwes-Australië; vloede en storms; veranderende klimaatsones; toenemende vlakke van lugbesoedeling; konflik oor voedsel en watertekort; toename in kusvloede byvoorbeeld in New Orleans; seevlakstygings byvoorbeeld in Bangladesj; ineenstorting van ekosisteme; en verhoogde gesondheid risiko's (Nordhaus 2008: 2; Rabie 2008: 15).

Klimaatsverandering is 'n globale krisis wat die basiese hulpbronne van die lewe bedreig. Klimaatsverandering is globaal van aard en beteken vir Watkins (2007: 24) en Hellmuth, Moorhead, Thomson en Williams (2007: 8) dat sleutel ontwikkelingssektore sensitief is en dat niemand immuun is nie. In die komende dekades gaan alle lande geaffekteer word ten spyte van hulle welvaart of individuele kweekhuisgas vrystellings, maar arm gemeenskappe en ontwikkelende lande soos Afrika is meer kwesbaar vir die impak van langtermyn wisselvallige klimaatstoestande.

### 2.1.2 Klimaatsverandering in Afrika

Afrika is die kwesbaarste kontinent vir klimaatsverandering en is reeds blootgestel aan wisselvallige klimaatstoestande as gevolg van die kontinent se geografiese ligging. Voorts beskik Afrika oor die minste tegniese-, institusionele- en finansiële kapasiteit om te reageer op die bedreigings van klimaatsverandering en om daarby aan te pas (Joubert 2006: 5).

Ooreenkomstig met klimaatsmodelle kan temperature teen 2100 wêreldwyd 3°C hoër wees as in 2000 en teen 2050 kan die gemiddelde temperature in Afrika verhoog met 1.5°C tot 3°C, temperature gaan toenemend styg met die verloop van tyd. Afrika is die tuiste van 13% (800 miljoen mense) van die wêreld se bevolking en dra slegs 3,2% by tot alle koolstof vrystellings, wat opsigself bewys dat Afrika die kleinste bydrae het tot klimaatsverandering, maar die swaarste daardeur getref word (IPCC 2007; World Wide Fund for Nature 2002: 1).

Hellmuth *et al* (2007: 2) en Rabie (2008: 1) noem spesifieke faktore wat die Afrika kontinent se kwesbaarheid tot klimaatsverandering verhoog: wydverspreide armoede, terugkerende droogtes, ongelyke landverdeling, watertekort, MIV/Vigs, ongeletterdheid, onvoldoende gesondheid infrastrukture, konflik, gebrek aan voedselsekureit, kusbewoning, swak state en die afhanklikheid van reënval vir bestaansboerdery.

Daar is 'n verwesenliking volgens EM-DAT (2010) se statistieke dat die impakte van klimaatsverandering vererger: tussen 1980 en 2008 het 1699 natuurrampe op die Afrika kontinent plaasgevind wat 319 miljoen mense geaffekteer het, met gemiddeld 24438 mense wat per jaar as 'n gevolg daarvan gesterf het. Van 1980 tot 2008 was epidemies, vloede, droogtes en storms die vier verwoestendste klimaats-verwante rampe; met Kenia, Ethiopië, Ghana, Soedan, Malawi en Suid-Afrika wat die ergste deur natuurlike rampe getref was. Dit beteken dat die toename van rampe in Afrika soos droogtes en vloede, wat vererger as gevolg van klimaatsverandering, 'n ernstige bedreiging op die vasteland bied vir armoede verligting en volhoubare ontwikkeling.

### 2.1.3 Klimaatsverandering in Suid-Afrika

Suid-Afrika is in die onbenydenswaardige posisie as die grootste besoedelaar in Afrika en dit impliseer dat klimaatsverandering in Suid-Afrika inherent 'n energie (steenkool) probleem is. Na aanleiding hiervan is Suid-Afrika tans die 23ste grootste kweekhuysgasvrysteller wat bydra tot 1% van die wêreld se vrystellings (NRDC 2010). Hierdie statistieke bewys Suid-Afrika se toenemende afhanklikheid van koolsuurgas verbranding weens verstedeliking, bevolkingsgroei en die ekonomiese afhanklikheid van steenkool energie (Zipplies 2008: 45).

Alhoewel lae koste energie belangrik is vir Suid-Afrika se ontwikkeling is dit teenstrydig met die mitigasie van klimaatsverandering en gaan dit klimaatsverwante rampe vererger. Volgens die IPCC (2007) en Statssa (2010) se bevindinge gaan Suid-Afrika met 'n geraamde bevolking van 49,32 miljoen gemiddeld 3,4°C warmer wees teen 2100. Hierdie statistiek beteken dat Suid-Afrika se samelewing, ontwikkelende ekonomie, landbou sektor, watervoorrade en biodiversiteit beslis deur klimaatsverandering geaffekteer gaan word, en dat dit vlakke van lewenskwaliteit gaan verminder (Stern 2008: 104; Joubert 2006: 5).

Tussen 1900 en 2010 lys EM-DAT (2010) epidemies, storms en vloede as die top drie natuurlike rampe wat die hoogste sterfgevalle tot gevolg gehad het in Suid-Afrika. Droogtes het die meeste mense geaffekteer soos die droogte van 2004 wat 15 miljoen Suid-Afrikaners nadelig beïnvloed het. Suid-Afrika is 'n ontwikkelende land met 'n groot persentasie van die bevolking wat in armoede en hoë risiko areas leef. In hierdie gemeenskappe voeg klimaatsverandering net nog 'n stressor by wat hierdie gemeenskappe verhoed om vir langtermyn gevolge te beplan.

Hellmuth *et al* (2007: 2) noem dat omgewingsnood in buurlande weens klimaatsverandering se impakte van voedseltekorte, vloede en droogtes 'n direkte impak op Suid-Afrika gaan hê. Dit gaan tot migrasie lei wat meer konflik gaan veroorsaak aangesien mededinging vir hulpbronne gaan toeneem. Klimaatsverandering verteenwoordig daarom 'n risiko tot lewensonderhoud en sekuriteit op die individuele vlak, gemeenskapsvlak en op die nasionale vlak vir die Suid-Afrikaanse regering.

#### 2.1.4 Klimaatsverandering in die Wes-Kaap

Die provinsie van die Wes-Kaap het 'n geraamde bevolking van 5,27 miljoen en 'n totale land oppervlak van 129 307 km<sup>2</sup>. Die geografiese ligging impliseer dat die provinsie die kwesbaarste is tot klimaatsverandering in Suid-Afrika met 'n toename in voorspellings van ten minste 1°C in die jaarlikse gemiddelde temperatuur teen 2050 (Marindo, Groenewald & Galsie 2008: 7).

Dit is nie so eenvoudig dat die Wes-Kaap droër of natter gaan word nie, klimaatsverandering is 'n meer komplekse fenomeen. Klimaatsverandering is 'n

ontwikkelingskrisis omdat dit alle hulpbronne vir volhoubaarheid affekteer, weens die feit dat omgewingsdegradasie in die Wes-Kaap gaan lei tot 'n afname in lewenskwaliteit en produktiwiteit. Historiese rampe geassosieer met weerstoestande in die Wes-Kaap sluit onder andere die Kaapse Vlakte vloed van 2001, die 2008 Moutonshoek brand en die Suidkaapland droogtes van 2009/2010 in (Wes-Kaapse Landboustoestande 2001: 2).

Klimaatsverandering gaan deur 'n toename in natuurlike grootskaalse rampe (droogtes, vloed in kusgebiede, hittegolwe en veldbrande) en wisselvallige reënval lei tot spesie uitsterwing; en dit gaan 'n meetbare invloed hê op landbouproduksie, die unieke biodiversiteit en fynbos, watervoorrade, mariene stelsels, gesondheid en die ekonomie (DEAT 2004; Hewitson 2002). Dit gaan spanning plaas op alle fasette van die infrastruktuur, die ekonomie, die potensiaal vir 'n volhoubare toekoms en die vermoëns van die samelewing (Mukheibir & Ziervogel 2006: 3).

Al hierdie tendense hou gevolge vir rampbestuur in Suid-Afrika in en die aksies wat in die volgende twintig jaar geneem word, gaan 'n beslissende impak op klimaatsverandering in die tweede helfte van hierdie eeu hê.

## **2.2 Rampbestuur in Suid-Afrika**

Klimaatsverandering is nie meer net 'n omgewingskwessie nie, omdat die historiese en huidige akkumulering van kweekhuysgas vrystellings armoede verligting en volhoubare ontwikkeling in Afrika en Suid-Afrika bedreig deur 'n toename in klimaatsverwante rampe. Klimaatsverandering is om hierdie rede 'n uitdaging vir die globale mensdom en rampbestuur is 'n kritieke funksie in die hantering van klimaatsverandering.

Rampbestuur is die aanhoudende en geïntegreerde multidissiplinêre proses van beplanning en implementering van maatreëls wat fokus op die vermindering van gemeenskappe se kwesbaarheid. Dit kan verdeel word in die voor-ramp proses wat gemik is op die voorkoming of vermindering van die risiko van rampe en rampgereedheid; en die na-ramp proses wat gemik is op die effektiewe respons, die herstel en rehabilitasie nadat 'n ramp plaasgevind het (*Rampbestuur Wet van Suid-Afrika* 2008: 6).

Die dringendheid vir aanpassing tot klimaatsverandering word verder na vore gebring deur die vier IPCC verslae se projeksies. Volgens die IPCC (2007) gaan natuurlike rampe se frekwensie en intensiteit vermeerder en vererger as gevolg van klimaatsverandering. Stern (2008: 9) bereken dat teen 2050 die gemiddelde aantal geaffekteerde en klimaatsvlugteling kan vermeerder tot 200 miljoen weens stygende seevlakke, swaarder vloede en meer ekstreme droogtes. Suid-Afrika se regering en rampbestuur moet daarom toenemende dreigende rampe as klimaatsverwant erken.

In Suid-Afrika bewys die *Suid-Afrikaanse Grondwet*, *Nasionale Rampbestuur Wet*, *Nasionale Rampbestuur Raamwerk* en die *Nasionale Komitee vir Klimaatsverandering* die institusionele en wettige verantwoordelikhede om klimaatsverandering ernstig op te neem. Dit identifiseer rampbestuur as 'n verantwoordelikheid wat deur nasionale en plaaslike owerhede 'n prioriteit moet wees vir die bestuur, voorkoming en vermindering van rampe.

Volgens die *Nasionale Rampbestuur Raamwerk van 2005* artikel 32 (b) (2008: 28) kan klimaatsverandering gekategoriseer word as 'n nasionale ramp omdat dit "meer as een provinsie affekteer". Die *Nasionale Rampbestuur Raamwerk van 2005* artikel 6.3.3. (2008: 172-173) stipuleer die belangrikheid van kommunikasie vir risiko vermindering, voorkoming, respons en herstel aktiwiteite om te verseker dat die inligting na betrokke gemeenskappe oorgedra word deur middel van vroeë waarskuwing, respons en herstel pogings. Die rol van die media tydens rampe moet gedefinieer en bestuur word deur 'n beraadslagende proses wat die media rolspelers in die respons en herstel pogings moet insluit, wat kan lei tot die verhoging van publieke bewusmaking en ondersteuning.

Soos vooraf genoem is die vermindering van kwesbaarheid tot rampe en risiko's sentraal tot rampbestuur. Die IPCC (2007: 69) hou vol dat talle klimaatsverandering impakte verhoed, verminder of verleng kan word deur middel van mitigasie. Die kwantiteit en kwaliteit van inligting wat bestaan speel 'n belangrike rol hierin deur middel van risiko-persepsie (die erkenning dat 'n gevaar bestaan) en risiko-verminderende gedrag.

Vir Wisner *et al* (2007: 330-331) is dit belangrik dat die media se betrokkenheid publieke bewusmaking bevorder. Die media is daarom 'n kritiese skakel in suksesvolle

rampbestuur omdat dit akkurate inligting in 'n verstaanbare taal en op 'n tydige wyse na die algemene publiek kan gee en so bewusmaking kan bevorder (Coppola 2007: 162; Haddow & Bullock 2006: 195). Dit impliseer dat koerante 'n onafskeidbare deel is van ramp risiko vermindering omdat dit kan help om gevare te identifiseer, te assesser, te monitor en dit versterk vroeë waarskuwings. Sodoende kan koerante daadwerklik help om sterk samelewings te bou ten opsigte van veiligheid en weerbaarheid, deur middel van kennis oordrag en opvoeding om voorbereiding vir effektiewe risiko respons te verbeter (UNISDR 2005).

Die grootste kweekhuisgas vrystellings oor die komende dekades word in snelgroeïende ontwikkelende lande voorsien en omdat Suid-Afrika 'n opkomende ontwikkelende land is hou dit ernstige gevolge vir die land in. Rampbestuur en klimaatsverandering moet daarom nie as aparte kwessies beskou word nie. Versuim om op te tree kan tot ernstige gevolge lei deurdat kweekhuisgasse in die atmosfeer dubbel voor-industriële vlakke so vroeg soos 2035 kan bereik (Stern 2008: vi). Die globale gevare van klimaatsverandering skep die platform vir internasionale kollektiewe aksie soos die Kopenhagen klimaatsberaad, en dit is waar die aspekte van die Kopenhagen Ooreenkoms kan help om die gevare en kwesbaarheid te verminder deur middel van ramp mitigasie en voorbereiding.

### **2.3 Die Kopenhagen klimaatsberaad**

Die wetenskaplike bewyse gee 'n duidelike boodskap dat klimaatsverandering 'n realiteit is en dat dit teen 'n vinniger spoed plaasvind as wat vroeër bereken is. Vir Ban Ki-Moon (in Walsh 2009) beteken dit dat klimaatsverandering 'n globale kollektiewe probleem is wat internasionale samewerking en leierskap benodig om die risiko op die impak van ekosisteme, die samelewing en die ekonomie aan te pak. Die Kopenhagen klimaatsberaad van 2009 illustreer die internasionale proses van samewerking wat deur 'n omvattende ooreenkoms kweekhuisgasvrystelling wil beperk.

#### 2.3.1 Agtergrond tot die totstandkoming van die Kopenhagen klimaatsberaad

Die vermeerdering van CO<sub>2</sub> in die atmosfeer gaan lei tot langtermyn veranderinge in die klimaatstelsel wat vir millennia sal voortduur, maar 'n afname in kweekhuisgas inkortings

kan die langtermyn impakte van klimaatsverandering beperk. Groeiende publieke en politieke bewusmaking oor omgewingskwessies en 'n reeks van internasionale vergaderings het in 1988 gelei tot die stigting van die Verenigde Nasies se gesaghebbende Interregering Paneel oor Klimaatsverandering (IPCC). Dit was die katalisator wat gelei het tot die totstandkoming van die Verenigde Nasies se Raamwerk Konferensie oor Klimaatsverandering (die Klimaatskonvensie of UNFCCC) in 1992 by die Rio de Janeiro Aarde beraad (UNFCCC 2009; United Nations 2009).

Die Klimaatskonvensie is 'n internasionale verdrag met globale lidmaatskap. Die doel is om gevaarlike klimaatsverandering deur die stabilisering van kweekhuisgasvrystellings te beperk, wat deur antropogeniese inmenging met die klimaatstelsel veroorsaak word. Dit het tans meer as 189 lidlande, bekend as Partye tot die Konvensie (COP). Onder die Klimaatskonvensie erken lande dat hulle algemene, maar verskillende verantwoordelikhede en bekwaamhede het (Shanahan 2009: 2; Grubb, Vrolijk & Brack 1999: 4, 36-37).

Vandat die Klimaatskonvensie gestig is ontmoet verskillende partye jaarliks om gevolge van klimaatsverandering en moontlike maatreëls wat geneem moet word te bespreek. Die IPCC publiseer ook elke vyf jaar verslae wat die wetenskaplike grondslag vir hierdie diplomatieuse prosesse van die Klimaatskonvensie voorsien. Hierdie verslae het onder andere 'n groot rol gespeel in samesprekings wat gelei het na die Kioto Protokol (May & Caron 2009: 27; DEAT 2004).

Samesprekings vir die Kioto Protokol is deur COP-3 op 11 Desember 1997 in Kioto, Japan, voltooi en in 2005 in werking gestel (Grubb *et al* 1999: 3; Dirikx & Gelders 2009: 205). Die Kioto Protokol verbind nywerheidslande, uitsluitend onder andere Amerika wat dit nie bekragtig het nie (wat verantwoordelik is vir 25% van mensgemaakte atmosferiese kweekhuisgasse), kollektief tot 'n bepaalde afskaling van gemiddeld 5,2% kweekhuisgasvrystellings in vergelyking met die vlak waarop dit in 1990 was, tussen 2008-2012 (Torrie, Parfett & Steenhof 2002; Shanahan 2009: 2).

Tans moet snelgroeiende ontwikkelende lande soos Suid-Afrika nie aan wetlik bindende mikpunte voldoen nie, hoewel hulle deur die Klimaatskonvensie aangemoedig word om dit te doen.



Die Kioto Protokol, wat klimaatsverandering wil voorkom, verstryk 2012 en om hierdie proses aan die gang te hou was daar 'n dringende behoefte vir 'n nuwe klimaat protokol wat op 1 Januarie 2013 geïmplementeer moet word. In Desember 2007 in Bali, Indonesië, by COP-13 het die Klimaatskonvensie partye besluit op die Bali Aksie Plan (BAP). Die BAP is 'n tipe "padkaart" vir besluite oor onderhandelings vir die beweging na 'n nuwe post-Kioto klimaatsverdrag en het die afsnydatum vir die volgende klimaatsooreenkoms in Desember 2009 vasgestel (Lockwood 2009: 186).

### 2.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad

Die Verenigde Nasies het die COP-15 saamtrek van lidlande van die VN-raamwerkkonvensie oor klimaatsverandering tussen 7 en 18 Desember 2009 in Kopenhagen, Denemarke, gehou. Onder VN leierskap voorsien die Kioto Protokol die primêre platform om globale samewerking oor klimaatsverandering aan te pak. Die doel van hierdie internasionale ooreenkoms oor klimaatsverandering is om 'n nuwe ooreenkoms te bereik en meer lande as in die Kioto-Protokol te betrek, in ag genome die erns van klimaatsuitdagings en stygende vrystellings (DEAT 2004; May & Caron 2009: 27).

Leiers en verteenwoordigers van 193 lande het in Kopenhagen ontmoet om die klimaat bespreking te hernu. Lande neem in verskillende magsblokke tydens onderhandeling deel vir groter bedingingsmag: die Afrika-groep, die Sambreelgroep, die Aosisgroep, die Europese Unie, die minder ontwikkelende lande, en die G77+China groep. Meer as 15000 afgevaardigdes (staatshoofde, omgewing ministers, VN amptenare en joernaliste) het die Kopenhagen onderhandelinge bygewoon (UNFCCC 2009).

Die Kopenhagen klimaatsberaad het ongehoorde deelname met die bywoning van 120 staatshoofde gelok wat dit tot op datum die grootste vergadering van wêreldleiers maak. Hierdie bywoning van staatshoofde toon aan dat lande dit eens is dat die globale klimaatstelsels herstel moet word en verhoog die globale klimaat samesprekings tot 'n nuwe vlak. Die Kopenhagen klimaatsberaad verteenwoordig daarom 'n nuwe kollektiewe beweging na 'n koolstof neutrale ekonomie en aanpassings by uiterste weersomstandighede (Edkins s.a.: 11; NRDC 2010).

Die president van COP-15 en die Deense Prime Minister Lars Løkke Rasmussen, het gesê: “The top leaders were taking Copenhagen seriously as their deadline and delivered beforehand. Had Obama not been due to attend, I doubt whether the US would have begun committing on long-term finance – which is historical. Had Lula not been due to attend, Brazil would hardly have raised its level of ambitions. Had Wen not been due to attend, China would probably not have opened to some level of international insight as to what it is doing – which actually is a globally politically significant admission” (Andersen 2009).

Suid-Afrika se afvaardiging na die VN-klimaatsonderhandeling het onder andere President Jacob Zuma, Buyelwa Sonjica (minister van omgewingsake en waterwese), Maite Nkoane-Mashabane (minister van internasionale betrekkinge en samewerking), Joanne Yawitch (die adjunkdirekteur generaal van die departement van omgewingsake en die regering se hoofonderhandelaar), ander senior amptenare, akademië en politici ingesluit.

Sleutel aspekte wat by die Kopenhagen klimaatsonderhandeling bespreek was sluit in: die finansiering van ontwikkelende lande; steun vir kapasiteit; sterker aksie vir voorkoming en aanpassing by klimaatverandering; en tegnologiese oordrag wat nasionale grense en nasionale selfbelang oorskry (Hayes & Smith 1993: 357; United Nationsb 2009). ’n Nuwe multilaterale klimaatpakt moes in elf dae in die vorm van ’n ingewikkelde onderhandelingsdeurgedrag word vir konsensus. Vroeër bestaande verdelings tussen ontwikkelende en ontwikkelde lande oor historiese en toekomstige verantwoordelikhede het dit duidelik gemaak dat ’n wetlik bindende ooreenkoms gekompliseerd sou wees.

Geen bindende verdrag is by die Kopenhagen klimaatsonderhandeling gesluit nie. Teen 31 Januarie 2010 is elke betrokke lidland van die UNFCCC verantwoordelik om hul nasionale beperkingsdoelwitte van kweekhuisgasvrystelling teikens in te dien by die Verenigde Nasies Sekretariaat in die vorm van nasionale aksieplanne (*Kopenhagen Klimaatsonderhandeling* 2010). Joanne Yawitch het gesê dat die rapportering van uitlaatgasse nog vrywillig vir lande is, maar dat dit waarskynlik in die nabye toekoms verpligtend sal raak (Tempelhoff 2010: 18).

### 2.3.3 Die Kopenhagen Ooreenkoms

Op 18 Desember 2009 is die Kopenhagen Ooreenkoms tussen BASIC lande (Brasilië, Suid-Afrika, Indië en China) en 20 ander lande gekonseptualiseer as die mees komplekse omgewingsooreenkoms tot op hede. Gevolglik op 19 Desember 2009 is die mosie deur afgevaardigdes aanvaar om “kennis te neem van die Kopenhagen Ooreenkoms”. Dit beteken daar is ooreengekom om amptelike erkenning vir die Kopenhagen Ooreenkoms te gee op so 'n wyse dat daardie lande wat gekant daarteen was oorreed is om dit nie teen te staan nie (United Nationsb 2009; UNFCCCa 2009).

In die Kopenhagen Ooreenkoms word wetenskaplike bewyse erken om temperatuurstygings tot 'n maksimum van 2°C van voor-nywerheidsvlakke te beperk en dat klimaatsverandering die grootste uitdaging van ons tyd is. Dit stipuleer dat lande gesamentlike, dog uiteenlopende verantwoordelikhede het om klimaatsverandering te takel. China en Amerika se deelname en aanvaarding van die 2°C toename illustreer dat die deelname van twee groot kweekhuisgasvrystellers 'n sterk steunbasis van deelname aan die Ooreenkoms verleen. Ontwikkelde lande het ook hulself daartoe verbind om ontwikkelende lande te ondersteun deur middel van finansiering van \$30 biljoen jaarliks vanaf 2012 en \$100 biljoen per jaar teen 2020 (United Nationsb 2009).

Die Kopenhagen Ooreenkoms erken verder dat sosio-ekonomiese ontwikkeling en armoede verligting die belangrikste prioriteite in ontwikkelende lande soos Suid-Afrika is, maar dat 'n lae kweekhuisgasvrystelling strategie onafskeidbaar deel is van volhoubare ontwikkeling. Die UNFCCCa (2009) stipuleer dat die Ooreenkoms ontwikkelde en ontwikkelende nasie-state se nasionale teikens en binnelandse wette om kweekhuisgasse te verminder bepaal. Hierdie nasionale aksieplanne moet teen 31 Januarie 2010 ingedien word by die Verenigde Nasies Sekretariaat. Ontwikkelde lande moet teikens van kweekhuisgasse verminder van 25% tot 40% van 1990 voor-nywerheidsvlakke teen 2020 en globale kweekhuisgasvrystellings moet teen 2050 gehalveer word (IPCC 2007).

Hiervolgens het Suid-Afrika alreeds op 6 Desember 2009 vasgestel om vrystellings met 34% teen 2020 en 42% teen 2025 te sny onder verwagte vlakke, mits Suid-Afrika die finansiering en tegnologiese oordrag van die ontwikkelde lande kry (Midgley *et al* 2005:

17). Dus het die huidige uitkomst van die Kopenhagen Ooreenkoms daadwerklike gevolge vir Suid-Afrika se beleidsimplimentering. Vir Tasneem Essop bewys hierdie nuwe tydlyn vir inkortings sekerheid oor watter soort inkortings Suid-Afrika in absolute terme onderneem (Bonthuys 2009: 4).

#### 2.3.4 Kommentaar oor die Kopenhagen klimaatsberaad en die Kopenhagen Ooreenkoms

Suid-Afrika het gehoop op 'n inklusiewe, doeltreffende en billike verdrag, maar die uitkomst van die elf dae Kopenhagen klimaatsverandering konferensie het geen omvattende of regsgeldige klimaatspakt gelever nie. Baie lande was ontevrede oor die laaste twee dae van samesprekings wat gelei het tot die Kopenhagen Ooreenkoms omdat slegs 26 lande deel was van die samesprekings. Suid-Afrika se opposisiepartye was teleurgesteld met die afloop van die onderhandelings in Kopenhagen en het ook gehoop vir 'n ooreenkoms wat wetlik afdwingbaar sou wees (Peyper 2009: 2).

Hierdie beperkte deelname tydens die opstel van die Kopenhagen Ooreenkoms ondermyn die Verenigde Nasies se multilaterale en demokratiese proses van klimaat samesprekings soos Martin Kohr in Vidal (2010) sê: “The selected leaders were given a draft document that mainly represented the developed countries' positions, thereby marginalising the developing countries' views tabled at the two-year negotiations. The attempt by the Danish presidency to override the legitimate multilateral process was the reason why Copenhagen will be considered a disaster”.

Voorts sê professor Harald Winkler van die Universiteit van Kaapstad se energienavorsingsentrum: “die politieke ooreenkoms wat in Kopenhagen tussen 'n paar lande gesluit is, voldoen nog glad nie aan die vereistes vir kweekhuisgasinkortings wat volgens wetenskaplikes benodig word nie” (Bonthuys 2010: 5).

Die Kopenhagen Ooreenkoms bevat 'n skikking om aardverhitting te beperk tot 2°C voor-nywerheidsvlakke en 1990 vlakke met 50% te verminder teen 2050, maar dit bevat nie belangrike stappe of ferm teikens om dit te bereik nie. Vorige voorstelle wat gemik het om temperatuurstygings te beperk tot 1,5°C en CO<sub>2</sub> vrystellings te sny met 8% teen 2050 is verwyder in die finale kopie van die Ooreenkoms (United Nations 2007: 46;

United Nationsb 2009). Hierdie lae vlak van ambisie om die vrystelling van kweekuisgasse te beperk, bemoeilik samewerking teen gevaarlike klimaatsverandering.

Daar is geen ooreenkoms bereik oor die gelyke verdeling van die wêreld se koolstofspasie nie. Dit het veroorsaak dat daar geen voorskriftelike reëls is vir die strukturering van internasionale koolstofmarkte of maniere om toegewendheid af te dwing nie, nie soos in die Kioto Protokol nie. Voorts het die Ooreenkoms geen besluite geneem oor die voortsetting van die Kioto Protokol nie, geen mediumtermyn teikens vir kweekhuisgas inkortings of duidelikheid oor langtermyn finansiering nie. Ondanks die hoëvlaksegment van die gesprekke deur staatshoofde soos Jacob Zuma, Barack Obama en Angela Merkel se ingryping kon die verskille nie oorbrug word nie.

Sleutelpersone soos Yvo de Boer het die Kopenhagen Ooreenkoms bestempel as 'n akkoord wat elemente bevat wat die fondament van 'n nuwe klimaatspakt kan word, maar nie in presiese wetlike terme. Volgens minister Sonjica het die politieke ooreenkoms aandag aan sekere kernkwessies gegee, maar dit bevat geen riglyne vir die regstelling daarvan waartoe die leiers hulle verbind het nie (Gibson 2009: 2).

In Batty (2009) het Gordon Brown, Brittanje se voormalige eerste minister, gesê dat hierdie 'n stap is in die rigting van 'n "green and low-carbon future for the world, steps we are taking together. But like all first steps, the steps are difficult and they are hard". Verder het president Barack Obama van die Verenigde State van Amerika genoem dat dit belangrik is: "instead of setting up a bunch of goals that just end up not being met, that we get moving. We just keep moving forward".

Joubert (2010:1) redeneer dat die mislukking en gevolglike Kopenhagen Ooreenkoms 'n gevolg was van 'n aantal faktore: die obstruksie van sekere state soos Indië en China; die afknouery deur ander soos deur die Verenigde State van Amerika; die prosedurele "bangling" van die gasheerland Denemarke; en die konsensus gedrewe mandaat van die Verenigde Nasies.

Dis belangrik dat hierdie Kopenhagen klimaatsberaad gekontekstualiseer word in een van die ergste ekonomiese resessies in dekades wat finansiële steun vir die stryd teen klimaatsverandering skaars gemaak het. Dit het inherent beteken dat die verslegtende fiskale toestande hoër op ontwikkelde lande se beleidmakers se agenda geplaas is en

het 'n armoede versus ekonomie scenario tot gevolg gehad. Vir Yvo de Boer (in Pearce 2009: 2), Sekretaris-Generaal van die UNFCCC-sekretariaat, bewys die finansiële krisis dat “we are living beyond our financial means. The climate crisis is a result of our living beyond our planet’s means”.

Die onlangse onakkuraatheid in IPCC verslae, bekend as “climategate”, deur die uitlek van e-posse van die East Anglia Universiteit se Klimaatsverandering Navorsingseenheid (CRU), soos dat die Himalayse gletsers teen 2035 gaan verdwyn, beteken dat die verslae hul kredietwaardigheid kan verloor en dat skeptici die foute kan gebruik om politieke wilskrag te verwar (Pielke 2010).

Hierdie “climategate” skandaal het gelei daartoe dat baie beleidmakers antropogeniese klimaatsverandering bevraagteken, alhoewel hierdie spesifieke data slegs 2% bydra tot die betrokke klimaatsmodel in die IPCC se verslag van 2007. Dit beteken egter nie dat antropogeniese klimaatsverandering en kweekhuysgasvrystellings onbelangrik is nie.

Die oorweldigende wetenskaplike bewyse illustreer dat die Kopenhagen klimaatsberaad veronderstel was om so deursigtig en toeganklik as moontlik te wees om internasionale samewerking tussen alle lande te bewerkstellig. Die Kopenhagen Ooreenkoms het die grondslag gelê vir 'n meer ambisieuse en wettige bindende ooreenkoms. By COP-16 in Desember 2010 in Mexiko sal daar hopelik sterker sistematiese en duidelike internasionale pogings bewerkstellig word om katastrofiese klimaatsverandering en nasionale rampe te verminder.

#### **2.4 Suid-Afrika se rol in internasionale klimaat samesprekings**

Suid-Afrika het verskeie beleide en strategieë oor klimaatsverandering tot op datum geformuleer insluitend: *Suid-Afrika se Land Studie oor klimaatsverandering in 2000*; *Stad Kaapstad se Energie en Klimaatsverandering Strategie van 2006*; 'n *Nasionale klimaatsverandering respons strategie vir Suid-Afrika, 2004*; *Langtermyn mitigasie scenario beplanning (LMSP) in 2008*; Die Groen Skerpioene; *Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika* (Wet Nr 108 van 1996); *Plaaslike regerings se Munisipale Stelsels Wet, 2000* (Wet Nr 32); *Nasionale Omgewingsbestuur Wet* (Wet Nr 107 van 1998); en die *Rampbestuurwetgewing*.

Die wetgewing kapasiteit van die Suid-Afrikaanse regering gaan 'n belangrike bepalende faktor wees van die vermoë van die samelewing om suksesvol en vreedsaam aan te pas by klimaatsverandering. Hierdie aanduiding van nasionale kollektiewe aksie kan lei tot 'n holistiese korrelasie tussen die regering en die media se aanvaarde verantwoordelikheid in die konteks van klimaatsverandering en verslaggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings.

Hieronder is 'n opsomming van Suid-Afrika se verbintenisse tot internasionale klimaatsverandering ooreenkomste:

<b>Internasionale Ooreenkoms</b>	<b>Datum van ratifikasie</b>	<b>Verantwoordelikheid</b>
Montreal Protokol	In 1990 word Suid-Afrika 'n ondertekenaar.	Kommer oor die beskadigende effek van CFC's op die osoonlaag het gelei na hierdie internasionale ooreenkoms in 1987, wat die vervaardiging van hierdie stowwe verminder (May & Caron 2009: 173).
Klimaatskonvensie: Kioto Protokol	Suid-Afrika teken die Protokol op 15 Junie 1993 en bekragtig dit op 29 Augustus 1997.	Suid-Afrika word as 'n ontwikkelende land onder die Protokol erken en het daarom geen verpligtinge om kweekhuisgasvrystellings in die eerste periode van 2008-2012 te verminder nie. Verpligtinge wat Suid-Afrika as 'n ondertekenaar van die Klimaatskonvensie moet nakom is: die bevordering van opvoeding, opleiding en publieke bewusmaking wat verband hou met klimaatsverandering (Grubb, Vrolijk & Brack 1999).
Klimaatskonvensie: Kopenhagen Ooreenkoms	31 Januarie 2010	Suid-Afrika verbind tot aksie vir die vermindering van kweekhuisgasvrystellings van 42% teen 2025. Motiveerders vir die verbintenis is toenemende wetenskaplike bewyse en internasionale druk (Midgley <i>et al</i> 2005: 17; Ziplies 2008: 145).

Die Suid-Afrikaanse regering het by die Kopenhagen klimaatsberaad aktief betrokke geraak in die internasionale onderhandelingsproses. Suid-Afrika het betekenisvolle aksies geneem deur 'n belangrike brugbou rol te speel in die vorming van die internasionale debat deur die historiese Noord/Suid skeiding van die wêreld te verbeter. Suid-Afrika kan op die manier instrumenteel wees om verandering teweeg te bring soos waar dit tydens globale samesprekings by die Kopenhagen klimaatsberaad saam met die drie ander ontwikkelende lande van die BASIC-blok gelei het na die Kopenhagen Ooreenkoms. Derhalwe het Suid-Afrika die geleentheid gebruik om sy globale politieke invloed te benut om 'n gesamentlike begrip van verantwoordelike gedrag oor alle samelewings te bevorder.

Klimaatsverandering is 'n globale kollektiewe probleem wat meer ambisieuse internasionale samewerking en leierskap regverdig om die risiko op die impak van ekosisteme, samelewing en die ekonomie te verminder (Stern 2006, viii). Voorts, vir die vermindering van die risiko's van rampe en die impak van die internasionale respons tot klimaatsverandering, benodig Suid-Afrika volhoubare politieke leierskap om institusionele skakels te bou tussen klimaatsverandering aanpassing en die risiko vermindervingsveld.

Die minister van omgewingsake en toerisme, Marthinus van Schalkwyk, het reeds in 2008 gesê: "South Africa, joined by many of our partners in the developing world, [is] committed to doing much more to combat climate change. We stand ready to contribute our fair share towards our common responsibility for the future" (Pearce 2009: 9). Die bywoning deur hoë profiel Suid-Afrikaanse staatsamptenare by die Kopenhagen klimaatsberaad illustreer Suid-Afrika se verbintenis tot deelname in die internasionale debat oor klimaatsverandering.

Vir volhoubare sukses lê die uitdaging daarin om betekenisvolle vennootskappe aan te gaan wat gebaseer is op wedersydse respek en die erkenning van die feit dat dit nodig is om op multidissiplinêre vlakke saam te werk ten einde die ware bedreiging van klimaatsverandering teen te werk (Wes-Kaapse Landboustoestande 2001: 2). Marian Nieuwoudt van die Kaapstadse stadsraad (wat die burgemeesterskomiteelid van omgewing en beplanning is) sê die stryd teen klimaatsverandering in die Wes-Kaap is reeds met die stigting van 'n energie-en-klimaatsveranderings-komitee en die dinkskrum oor klimaatsverandering begin (Neethling 2009:2).



## 2.5 Klimaatsverandering as omgewingskwessie

Die toename in die tweede helfte van die twintigste eeu in klimaatsverandering as 'n belangrike genre van joernalistiek kan toegeskryf word aan 1969 se ruimtevaart en maanlanding. Vir Hartevelt (1995: 6) het hierdie gebeurtenis gelei tot 'n "revolusie" in omgewingspersepsies en bewustheid van mense, en ook 'n omwenteling in die nuuskantoor.

Klimaatsverandering is eers in 1988 as 'n betekenisvolle openbare kwessie erken ingevolge 'n toename in klimaatsverandering verslaggewing en toenemende wetenskaplike bewyse oor klimaatsverandering. 1988 was die warmste jaar sedert die middel van die negentiende eeu; dis die jaar waarin die IPCC gestig is; en die jaar waarin Dr. James Hansen voor die Verenigde State van Amerika se Kongres getuig het: "the greenhouse effect has been detected and it is changing our climate now" (Leizerowitz 2008: 3). Hierdie onlangse opkoms van verslaggewing illustreer dat klimaatsverandering 'n relatiewe jong spesialisgebied in die nuuskantoor is.

Groeiende klimaat bewustheid en onlangse post-skeptisisme oor wetenskaplike eise het gelei na 'n toename in verslaggewing omdat die publiek se belangstelling verhoog is deur 'n merkbare toename van verslaggewing oor grootskaalse omgewingsrampe. Tydens die bekendmaking van die IPCC se assesseringsverslae in 1990, 1995, 2001, 2007; die 2006 *Stern Review*; die stigting van die Klimaatskonvensie in 1992; en die Kioto Protokol in 1997 was daar ook 'n opbloei in nuusdekking oor klimaatsverandering.

Redes vir afname in die belangrikheid van klimaatsverandering is weens die bestaan van onmiddellike krisis in Suid-Afrika soos MIV/Vigs, dat klimaatsverandering in die konteks van volhoubaarheid bespreek word en nie meer eksplisiet as klimaatsverandering nie, en die onlangse globale ekonomiese resessie. Volgens Bird *et al* (2010: 47) verkies mense om tydens 'n ekonomiese krisis eerder te fokus op werkskepping en ander finansiële aspekte soos versekering.

Vir Hartevelt (1995: 20) heers nuus oor sport, ekonomie, politiek en misdaad in meeste nasie-state se koerante. Ook in Suid-Afrika is koerante steeds onderbenut in die stryd vir bewusmaking oor klimaatsverandering. Om klimaatsverandering 'n realiteit vir lesers te

maak moet koerante die Kopenhagen klimaatsberaad ontleed en bespreek op 'n deursigtige en tydige wyse. Botes (2001: 2) redeneer dat vir nuusblaaie om optimaal te funksioneer 'n houdingsverandering en hervorming nodig is.

Die publiek is afhanklik van die media om hulle in te lig oor die belangrikheid en invloed van gebeurtenisse in die omgewing wat hulle nie self ervaar nie (Nelkin 1995: 1). Dit beklemtoon die media se posisie as 'n kritieke skakel in die uitdaging om klimaatsverandering bewusmaking te bevorder (Hellmuth *et al* 2007: 10).

Die media hanteer klimaatsverandering selektief omdat die media korttermyn impakte volg en slegs nuuswaardes aan klimaatsverandering heg met grootskaalse rampe. Katastrofes ontvang meer nuusdekking soos die 2009 Haïti aardbewing met meer as 200000 sterfgevälle. Daarom, as 'n grootskaalse ramp nie plaasvind nie, sal verslaggewing oor globale klimaatsverandering nie plaasvind nie.

Die nuusdekking van klimaatsverandering is daarom niks anders as verslaggewing van nuuswaardige gebeurtenisse en nie omgewingstories nie, en vorm glad nie deel van 'n omvattende plan van aksie nie omdat opvolg stories ontbreek (Allan, Adam & Carter 2000: 47). Vir Cramer (2008: 12) gaan klimaatsverandering almal affekteer in "this [Western Cape] region to a greater or lesser degree and it is imperative that it is reported on sufficiently and responsibly". Die rol en uitdagings van die media in klimaatsverandering word in meer detail in hoofstuk drie bespreek.

## **2.6 Gevolgtrekking**

Klimaatsverandering is 'n groeiende dreigement waarvan die gevaartekens reeds sigbaar is. Wetenskaplikes is bekommerd omdat ons afhanklikheid van fossielbrandstowwe besig is om die natuurlike beweging van koolstof deur die wêreld se ekosisteme en die koolstofkringloop te verwring. Dit is duidelik dat die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap se afhanklikheid van steenkool-energie en hul verantwoordelikheid ten opsigte van klimaatsverandering moet nagaan.

Connie Hedegaard in Pearce (2009: 9), die Deense minister van Klimaat en Energie wat die Kopenhagen gesprekvoering gelei het, het gesê: "the financial crisis has shown that

the global sense of urgency can bring about unmatched political will and cooperation. The magnitude of the climate challenge calls for commitment of the same magnitude". Rio, Kioto, Bali en Kopenhagen is tekenend van 'n opkomende globale gemeenskap waar nuuswaardigheid van klimaatsverandering verhoog word deur die politieke implikasies daarvan, wat komplekse multilaterale en multinasionale samewerking vereis (Harteveld 1995: 20).

Noudat die belangrikheid van klimaatsverandering vasgestel is, is dit belangrik om 'n oorsig te gee van die bestaande literatuur. Hier gaan ek spesifiek die rol van koerante en joernaliste in ag neem in die klimaatsverandering konteks, omdat die Kopenhagen klimaatsberaad oor klimaatsverandering aktueel en dringend genoeg is om gereelde dekking in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* te verseker.

## 3: Literatuurstudie

### 3.1 Inleiding

Die gedrukte media se rol verander in die 21ste eeu en ons kan nie ten volle die maniere verstaan waarin ons leef sonder om die media te verstaan wat sentraal is in elke aspek van ons lewens nie (Deacon *et al* 1999: 1). Die oorsig van die literatuur en beskikbare navorsingstudies, op 'n tematiese wyse, werp lig op my sentrale navorsingsprobleem wat my ondersoek lei. Hierdie navorsingsprobleem impliseer dat die Kopenhagen klimaatsberaad aktueel genoeg was om gereelde dekking in te verseker weens die belangrikheid vir Suid-Afrika as opkomende ontwikkelende land se toekomstige groei en kwesbaarheid tot klimaatsverandering.

*Die Burger*, *Cape Argus*, *Cape Times* en joernaliste is in die ideale posisie om die leserspubliek in te lig deur die artikels wat hulle publiseer. Die informele waarneming is dat koerante meestal kies om klimaatsverandering soos enige ander nuusdekking te hanteer. Hierdie hoofstuk fokus op wat die gedrukte media is, media teorieë wat van toepassing is op my navorsing, wat die uitdagings is vir die daarstel van verslaggewing oor klimaatsverandering en wat verantwoordelike joernalistiek in Suid-Afrika behels. Die gebruik van nuuswaardes, agenda-stelling en raam-analise word ook bespreek met die hoop dat dieper insigte gaan verskyn. Die volgende hoofstuk sal kyk na die metodologie wat toegepas is om die doelwitte van die navorsing te bereik.

### 3.2 Oorsig van bestaande literatuur

Bestaande proefskrifte wat handel oor koerante fokus hoofsaaklik op klimaatsverandering en wetenskaplike verslaggewing. Dit bewys dat daar tot op datum geen navorsing gedoen is wat fokus op *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se beriggewing van die Kopenhagen klimaatsberaad nie, omdat dis so onlangs plaasgevind het. Alhoewel die studies wat hier ontleed is die mees onlangse is, moet lesers daarop let dat daar onlangs 'n massiewe toename in media aandag tot klimaatsverandering is weens 'n toename van ekstreme klimaatsverwante rampe en IPCC verslae.

Carolyn Marié Cramer (2008) fokus op die dominante temas van klimaatsverandering in 2005 in drie koerante in die Wes-Kaap, naamlik *Die Burger*, *Cape Times*, *Cape Argus*. Cramer fokus op hoe die media nuuswaardes koppel aan 'n stadig bewegende probleem. Die studie maak gebruik van 'n beramingsanalise en bevind dat die omgewingsraamwerk as die dominante raamwerk verkies is, en dat politiek eers die publieke agenda betree deur die assosiasie met nuuswaardige gebeurtenisse. Verder vind Cramer (2008: 23) dat in al drie koerante daar verrassende lae dekking toegeken is aan klimaat skeptici en geen ruimte vir hulle toegeken is om hul argumente te verduidelik nie.

Gillian Kim Turner (2008) onderneem 'n vergelykende studie in ses Wes-Kaapse koerante naamlik *Die Burger*, *The Cape Argus*, *The Cape Times*, die Saterdag uitgawe van *Die Burger*, *The Saturday Argus* en *The Sunday Argus*. Turner kyk spesifiek na die invloed van die hekwagterskapmodel (die keuse van watter nuus gedek word, word beheer deur redakteurs) op wetenskaplike nuusdekking, nie slegs klimaatsverandering nie, oor 'n tydperk van twee maande. Turner (2008: 159) kom tot die slotsom dat die hekwagterskapmodel joernaliste beïnvloed oor watter wetenskap nuus gedek word. Turner stel voor dat om die standaard van wetenskaplike joernalistiek in die genoemde koerante te verbeter wetenskaplike nuusdekking gereeld hersien moet word in terme van hoeveel wetenskaplike nuusdekking daar is en watter tipe wetenskap gedek word.

Ten slotte het hierdie afdeling bewys dat daar 'n leemte in die proefskrifte heers en 'n tekort aan publieke begrip oor die probleem van klimaatsverandering bestaan. Ondanks die ooglopende belangrikheid van koerante, is daar nog relatief min studies gedoen oor die verhouding tussen die Kopenhagen klimaatsberaad en koerante. Daar is dus 'n kennisgaping omdat daar nog geen studie onderneem is waarin *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se beriggewing van die Kopenhagen klimaatsberaad ontleed is nie, en hierdie leemte bewys die ontstaan wat my navorsingsvraag kan beantwoord in die konteks van rampbestuur.

### **3.3 Massamedia**

Die massamedia is die tussenganger in die menslike kommunikasie ketting omdat dit die ontvanger (die breë publiek) met die boodskap en inligting verbind, wat die individu in die samelewing help om deel te word van 'n sekere groep (O'Shaughnessy & Stadler

2002: 2; Corner 2007: 215; McQuail 2002: 38). Vir Wimmer en Dominick (1991) voorsien die massamedia konstant tydige inligting aan groot gehore oor groot afstande. Dit bemagtig, vermaak en beïnvloed die gewone Suid-Afrikaner met inligting wat wissel van weervoorspellings, aandeelpryse tot politieke nuus. Koerante is nie die enigste vorm van media kommunikasie nie. Televisie programme, die radio en die internet voeg 'n nuwe dimensie by tot die oordrag van inligting, en dit is problematies vir koerante wie se leserspubliek na hierdie elektroniese mediavorme migreer.

Vir Deacon *et al* (1999: 1) en McCullagh (2002: 1) kan die massamedia nie van die samelewing geskei word nie: dit is 'n alomteenwoordige maatstaf wat deel is van die daaglikse lewe omdat dit voortdurend inligting aan die samelewing verskaf en hulle beïnvloed. Botes (2001: 2) skryf dat die massamedia die drukkers, joernaliste, redakteurs en ander mense is wat die kommunikasie bedryf uitmaak, en wat inligting na meer as een bestemming stuur soos deur middel van koerante. Dit illustreer dat ons leef in 'n mediagedrewe wêreld waar mense afhanklik is van die media en saamgesnoer word in 'n "globale dorp".

Koerante is vir Buchinger (2006: 43) en McQuail (2002: 38) 'n invloedryke en bekombare inligtingsbron in Suid-Afrika. Dit het ontstaan in die negentiende eeu waar die hoofstroom koerantbedryf gedomineer was deur die Afrikaanse en Engelse media. Greer (2008) verduidelik dat die nuus die feitlike inligting is van 'n huidige gebeurtenis wat lesers benodig sodat hulle kan deelneem in die samelewing. Die funksie van koerante is die oordrag van nuus op 'n effektiewe wyse na 'n verskeidenheid groot en nie-homogene gehore (Oosthuizen 1997: 22-23).

Die publiek kies gewoonlik koerante wat se inhoud versterk wat hulle alreeds glo, hul waardes weerspieël en hulle is gewoonlik apaties teenoor koerante wat hulle perspektief teenstaan. Koerante kan beskou word as doelwit-georiënteërd omdat die inhoud van die koerante en veral die briefkolomme iets oor die leserspubliek sê aan wie die koerante verkoop word. Littlejohn en Foss (2008: 285) beklemtoon dat die gedrukte media nie net inligting stuur nie, maar dat koerante deur hul artikels kommunikeer met die leser deur te konstrueer waaroor ons moet dink en wat belangrik is.

Vir Campbell (s.a.: 8) is die gebeurtenisse wat deur koerante gedek word nie 'n weerspieëling van die intrinsieke waarde en belangrikheid van gebeurtenisse nie, maar dit onthul die handeling en kunsmatige kriteria vir die seleksie van kwessies wat gevolglik die sosiale realiteit van die leserspubliek vorm en transformeer.

Kevelson (1977: 22, 69) is van mening dat koerante fokus op intekenaars vir ideologiese oorlewing deur 'n dialoog te begin in die vorm van verslaggewing en kommentaar lewering op gekose gebeurtenisse wat gebaseer is op algemene aannames, veronderstellings, en die morele en etiese waardes van die leserspubliek. Soortgelyk moet die finansiële aspek nie verskoon word nie – koerante bestaan nie om winste te maak nie, maar moet winste maak om te bestaan. Die nuus weerspieël daarom 'n arena van dramatiese magte en aksies, dit bestaan in 'n historiese tyd en nooi deelname vanuit 'n spesifieke sosiale rol (McQuail 2002: 41).

In die konteks van klimaatsverandering word kommunikasie erken as 'n kern funksie van bekwaamheid weens die Suid-Afrikaanse publiek se afhanklikheid van koerante vir inligting. Kommunikasie vir koerante en joernaliste is 'n magtige wapen om lesers te help om te verstaan wat die regte en waarneembare risiko is, kredietwaardigheid op te bou, en risiko verminderende gedrag te motiveer.

Kommunikasie is 'n komplekse tweerigting proses en gevolglik kan miskommunikasie ontstaan deur die boodskap, interpretasie van die boodskap deur die ontvanger, en die verhouding van die ontvanger en stuurder (Maibach, Abroms & Marosits 2007). Sulke miskommunikasie is te bespeur in die onsekerheid wat in die publiek heers oor die dringendheid en belangrikheid van persoonlike risiko's wat klimaatsverandering vir hulle inhou.

### **3.4 Media Teorieë**

Alhoewel dit nie die hoofkwessie van die studie is nie, is dit belangrik om die teorie oor die rol van die media te bespreek om te hersien hoe koerante in Suid-Afrika vergelyk met die normatiewe rolle (wat die media behoort te doen). Oosthuizen (2002: 42) verduidelik dat die sosiaal verantwoordelike teorie vereis dat die media optimaal moet bydra tot die demokratiese proses en sosiale voordele vir die leserspubliek moet

illustreer omdat die media verantwoordbaar is tot die samelewing. Die media moet sekere verantwoordelikhede aanvaar tot die samelewing deur self-regulasie toe te pas, net akkurate en eerlike inligting te voorsien, objektief en relevant te wees, en moet die diversiteit van die samelewing in hul inhoud weerspieël (McQuail 2005: 172).

Hierdie teorie verwag sosiale ingryping as die media daarin misluk om professionele standaarde te bereik en dus word koerante beheer deur die gemeenskap se opinies, verbruikers se aksies en die regering se inmenging. In Suid-Afrika reguleer die Suid-Afrikaanse Persraad, Suid-Afrikaanse Nasionale Redakteursforum (Sanef), die Nasionale Ombudsman en die Media Ontwikkelings en Diversiteit Agentskap (MDDA) koerante. Hierdie wetlike liggame impliseer dat die Suid-Afrikaanse media landskap 'n sosiaal verantwoordelike teorie volg. Tog is die beskrywende realiteit en rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* steeds afhanklik van die ekonomiese oorwegings van die bestuur, en die etiese en joernalistieke oorwegings van die redaksie (MDDA 2010).

McQuail (2002: 79) se funksionalistiese media samelewing teorie is ook van toepassing om te help om te bepaal of *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* genoeg aandag geskenk het aan die kwessie van die Kopenhagen klimaatsberaad. Hierdie teorie beweer dat hoe meer 'n leerspubliek van die media afhanklik is vir inligting en hoe meer die samelewing in 'n krisistoestand is, hoe meer vergroot dit die impak van die media op hulle, soos in die geval die Kopenhagen klimaatsberaad. Oosthuizen (1997: 47) skryf dat ander mediaprosesse soos nuuswaardes en agenda-stelling wat die realiteit buig en die nuus na die publiek stuur ook deel vorm van hierdie teoretiese raamwerk.

Volgens Du Plooy (1991: 88, 111) is agenda-stelling die manier hoe nuusblaai prominensie gee aan 'n bepaalde saak, onderwerp of geskilpunt. Dit is gebaseer op twee aannames: eerstens dat die massamedia as hekwagters optree; tweedens dat ontvangers 'n voortdurende behoefte het aan oriëntasie tot sosiale, kulturele of politieke aangeleenthede (buite hul persoonlike ervaring) wat aandag verdien. Hekwagters in die media is die individue (redakteurs of direksie) binne 'n instelling wat besluit watter inligting gekies en verwerp word, en hoe om die vorm en inhoud van 'n boodskap te wysig. Kriteria vir nuuswaardigheid sluit in onmiddellikheid, frekwensie, prominensie, helderheid van gebeurtenis, betekenisvol en verwags/onverwags (Roser-Renouf &



Maibach 2009). Hierdie agenda-stel faktore help in die analise van die verteenwoordiging van klimaatsverandering in nuusblaaie.

Vir Mencher (2003: 68-74) kan nuuswaardes in sewe kategorieë verdeel word, naamlik: tydigheid (gebeurtenis is onmiddellik en onlangs); impak (gebeurtenis wat moontlik baie mense kan affekteer); prominensie (gebeurtenis oor bekende mense of instellings); nabyheid (gebeurtenisse wat geografies of emosioneel naby aan mense is); konflik (konfrontasies); ongewone (oordrewe opskrif en elemente van verbasing); en noodsaaklikheid (gebeurtenisse wat joernaliste as belangrik ag).

*Die Burger, Cape Argus* en die *Cape Times* kan gevolglik beskou word as 'n simboliese kommunikasie vorm wat betekenis tot die realiteit gee. Vir Turner (2008: 16) is koerante grootliks 'n arena van frenetiese aktiwiteit "without the tempering of (or, conversely, change-inducing) influence of self-examination and self-awareness". Die vraag ontstaan of ons die Kaapse koerante kan vertrou as 'n ware boodskapper van betroubare feite en van die realiteit omdat koerante kunsmaties met hulle ideologieë die agenda bepaal waaroor mense dink. 'n Analise van die uitdagings wat die besluitneming oor die verteenwoordiging van klimaatsverandering in *Die Burger, Cape Argus* en die *Cape Times* bemoeilik, is hier ter sprake.

### **3.5 Uitdagings vir die uitgebreide rol van koerante en die joernalis in die konteks van internasionale klimaatsverandering samesprekings**

Daar is al hoe meer aanduidings dat die Aarde op 'n groot skaal ongekende klimaatsverwante veranderings beleef en dit gebeur aansienlik vinniger as wat voorheen voorsien is. Die toenemende gevare van klimaatsverandering vir die Wes-Kaap versterk die spesifieke rol van *Die Burger, Cape Argus* en die *Cape Times*. Klimaatsverandering is 'n brandende kwessie, maar struikelblokke bemoeilik kommunikasie oor die klimaat diskoers en daar bestaan baie uitdagings wat oorkom sal moet word om die visie van 'n uitgebreide rol vir die koerante te realiseer.

Klimaatsverandering is van tyd tot tyd nuuswaardig en handhaaf dan 'n ooreenkomstige teenwoordigheid in koerante. Dis belangrik om te lat daarop dat nuusdekking ontvou in 'n groter konteks van elemente wat die nuuswaardigheid van die Kopenhagen

klimaatsberaad moontlik kon beïnvloed. Hierdie faktore sluit in: die kompleksiteit van klimaatsverandering; koerante se uitdagings; die onmiddellikheid van nuus; joernaliste se uitdagings; die gebruik van nuusonderwerpe; en raam-analise om bepaalde boodskappe oor te dra.

### 3.5.1 Kompleksiteit van klimaatsverandering

Veral Suid-Afrika is kwesbaar vir klimaatsverandering, en hoe die klimaatskwessie begryp en geformuleer word deur die publiek is van kardinale belang in die lewenstyl aanpassing ter bevordering van klimaatsbeskerming (Stern 2008: 104). Hierdie stadig bewegende fenomeen is egter problematies vir nuusdekking doeleindes omdat die algemene publiek sukkel om die verwantskap te maak tussen alledaagse aksie en dreigende langtermyn globale verandering wat sal plaasvind (Wilson 2000: 217).

Die langtermyn gevolge van klimaatsverandering se onopvallende aard bied min geleentheid aan die publiek om hulself oor die erns van klimaatsverandering te vergewis en dis ook die mees gekompliseerde onderwerp waarvoor joernaliste moet berig omdat dit buite “breaking” nuus val (Botes 2001: 2, 15). Koerante waardeer onmiddellikheid en beskou klimaatsverandering as ’n lae prioriteit omdat die gevolge geleidelik en nie onmiddellik is nie, wat daartoe kan lei dat klimaatsverandering vir die publiek ’n abstrakte omgewingsfenomeen word.

Klimaatsverandering gaan ook met omstredenheid gepaard, soos die debat deur klimaat skeptici dat antropogeniese klimaatsverandering nie bestaan nie wat beriggewing oor klimaatsverandering bemoeilik. Joubert (2008: 9) beklemtoon dat klimaatsverandering nie net ’n omgewingsprobleem is wat plante en diere gaan affekteer nie – maar eerder, dit het wesenlike implikasies vir alle lewe op ons planeet – dit affekteer alles van basiese dienslewering tot armoede en dit oorvleuel met aspekte van die politiek, ekonomie, regering en gesondheid. Klimaatsverandering gaan bykans elke aspek van ons samelewing op ’n deurlopende basis raak.

### 3.5.2 Koerante se uitdagings

Koerante is slegs een weergawe van die realiteit omdat koerante se inhoud die selektiewe realiteit weerspieël van hulle fokus wat verander namate die storie en die gehoor verander. Die leserspubliek is afhanklik van hierdie verteenwoordiging, hul begrip word beïnvloed deur die dekking en die leserspubliek het geen alternatiewe betroubare inligtingsbron as hulle nie self die Kopenhagen klimaatsberaad bygewoon het nie.

Die leserspubliek se toenemende eise vir vermaak verplaas inligting in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*. Nuuswaardigheid mag wel koerante verkoop, maar dra nie altyd by tot 'n beter ingeligte en bemagtigde samelewing nie. Minderheidsgroepe kan die nuusagenda bepaal en nie noodwendig die samelewing se breër behoeftes nie, en dit omskep die leserspubliek in verbruikers eerder as bemagtigde burgers. Dit het daartoe bygedra dat besorgdheid oor die uitkomst van die Kopenhagen klimaatsberaad 'n ongemaklike kwessie is in die konteks van die tradisie van 'n verbruikerskapitalisme, wat aangedryf word deur fossielbrandstowwe.

*Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* fokus aandag op 'n sekere kwessie en speel dus 'n rol in die organisering van die diskoers waardeur mense sin maak van klimaatsverandering. Onderwerpe word konstant deur die nuusblaaie verteenwoordig oor wat die individu moet dink en hoe die individu betekenis daaraan moet heg. Ons word daarom nie direk vertel wat ons moet voel nie, maar eerder wat veronderstel is om op ons agenda te wees waaroor ons moet dink, en dus speel *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* 'n rol in die vorming van die publieke opinie en politieke deelname (Jones & Jones 1999: 93, Curran & Gurevitch 1991: 16).

Alhoewel klimaatsverandering gereeld in wetenskaplike terme gepubliseer word omdat dit nog 'n jongspesialis gebied is, dit word selde nuuswaardig in eie reg en dit word meestal verbind met ander gebeure en veral rampe. Siklusse van die wetenskap en koerante stem daarom volgens Nelkin (1995: 39) nie ooreen nie omdat die media fokus op dramatiese, vermaaklike en oogopvallende stories wat die leserspubliek se aandag trek eerder as versigtig bewoorde wetenskaplike bevindinge wat die leserspubliek inlig

oor die langtermyn gevaar van klimaatsverandering. Daarom voorsien koerante die leserspubliek met meer drama as perspektief.

Koerante speel 'n rol in die vorming van die lesers se risiko-persepsies. Allan (2002: 2) verklaar: "if it bleeds, it leads". Met die onlangse aardbewing in Haïti, waar daar meer as 200000 sterftes was, het dit momentum verleen aan omgewingskwessies omdat mense se belangstelling in klimaatsverandering na hierdie grootskaalse natuurramp aangewakker word. Rampe oorbeklemtoon risiko's met die gevolg dat mense glo in die "man byt hond" tipe stories (rampe) in plaas van algemene gevare soos klimaatsverandering.

Dus fokus koerante disproporsioneel op duideliker voorvalle of gebeurtenisse soos rampe van trauma en lewensverlies, eerder as op chroniese nuus soos klimaatsverandering en internasionale samewerking geleenthede soos die Kopenhagen klimaatsberaad. Indien koerante 'n ware refleksie van die realiteit wil wees, behoort klimaatsverandering dekking proporsioneel in verband te staan op 'n konsekwente manier tot die verskillende gevaarvlakke (Watkins 2007: 67-68).

Die tekort aan blootstelling oor klimaatsverandering en die Kopenhagen klimaatsberaad verhoog die noodsaaklikheid van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se inligtingsrol omdat die publiek nie die belangrikheid gaan erken as die media dit nie doen nie. Studies het getoon dat mense se belangstelling in 'n kwessie toeneem met 'n toename in dekking, nie noodwendig met inhoud nie (Stamm, Clark & Eblacas 2000: 33).

Koerantdekking van die Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering vorm 'n sekere beeld en betrokkenheid by die onderwerp onder lesers omdat hierdie konstruksie gebaseer is op inligting wat deur die leser versamel is deur die artikels wat gelees is. Beperkte publikasie weens koerante se beperkte "dra kapasiteit" (spasie en tyd), komplekse wetenskaplike terminologie en die verkeerde tematiese beklemtoning van klimaatsverandering kan lei tot lae vlakke van bewusmaking oor die erns van internasionale samewerking oor klimaatsverandering. Hoe hierdie dekking geïnterpreteer word in inhoud is belangrik omdat die kompleksiteit van die wetenskap deur verkorting betekenisloos of onakkuraat kan word (Campbell s.a.:147).

Die vraag kan gevra word of 'n tekort aan belangstelling 'n funksie van die leserspubliek of die nuusblaaie is? Die sosiale konteks van die leser se persoonlike agtergrond, perspektief, waardes, vorige kennis van die onderwerp en kulturele kennis beïnvloed hoe stories geïnterpreteer word, en hoe die leser sal reageer om die storie persoonlik van toepassing sal maak. Daar bestaan dus 'n gaping omdat klimaatsverandering inligting oor internasionale samewerking nie gerealiseer word in publieke bewusmaking of steun nie, want dit is vir die meeste mense te abstrak (Roser-Renauf & Maibach 2009).

Fowler (1991: 10) stel voor dat die nuus 'n verteenwoordigende diskoers is omdat alles wat geskryf is vanuit 'n spesifieke ideologiese posisie geartikuleer word. *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se weerspieëling van klimaatsverandering is daarom belangrik om te analiseer en te bepaal in wie se belang die dekking gestruktureer is. Boykoff en Roberts (2008: 9, 43) vind dat nuusdekking van klimaatsverandering plaasvind in groter kontekste van regulerende raamwerke, tegniese kapasiteit uitdagings, kulturele en institusionele druk, en joernalistieke norme.

Ander faktore wat bygedra het tot 'n afname in klimaatsverandering belangstelling was as gevolg van die ekonomiese resessie waar verslaggewing meer gefokus het op fiskale berigte soos bespreek in hoofstuk twee. Die "climategate" skandaal het ook die behoefte van die leserspubliek vir absolute deursigtigheid van die wetenskaplike gemeenskap geïllustreer. Dit was 'n groot terugslag omdat dit mense verwar het oor die realiteit van antropogeniese klimaatsverandering en die belangrikheid van 'n suksesvolle klimaatspakt by die Kopenhagen klimaatsberaad verminder het.

Die klimaatsverandering skeptici het die "climategate" skandaal gebruik as 'n bewys dat inligting oor klimaatsverandering vervals is en om klimaat beleidsimplementering te vertraag. As gevolg van "climategate" glo talle mense nou dat antropogeniese klimaatsverandering net nog 'n teorie is. Na afloop van "climategate" het onafhanklike ondersoekliggame die 2007 IPCC verslag se wetenskaplike navorsing as geldig en betroubaar bewys, en dit illustreer dat een weerspreking nie bewys dat die wetenskap oor klimaatsverandering vals is nie.

Volgens Haddow en Bullock (2006: 195) en Tumber (1999: 195) stel klimaatsverandering enorme eise aan die samelewing. Uitdagings in die klimaatsverandering konteks is dat boodskappe relevant, akkuraat en tydig verstaan en ontvang moet word in al vier sferes van rampbestuur. Die uitdaging vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* is nie noodwendig om meer dekking vir klimaatsverandering te gee nie, maar meer betrokke te raak by die onderwerp en 'n nuwe houding in te neem om by te dra tot 'n meer bewuste en akkuraat ingeligte samelewing (Hellmuth *et al* 2007: 10).

### 3.5.3 Joernaliste se struikelblokke

In 'n korporatiewe-beheerde media omgewing bestaan daar 'n konflik van ambisie waar die joernalis beperk word deur tyd en ruimte (Boykoff 2008). In 'n breë raamwerk van belange en onderwerpe wat wissel van die omgewing, die landbou tot energie beoefen omgewingsjoernaliste hul beroep as lede van die mediabedryf. Nuuskantore is daarom komplekse sosiale strukture waar joernaliste besluite moet neem onder makrovlak druk. Vir Wilson (2000: 207) beperk hierdie nuuskantoor omgewing beriggewing en dit kan lei tot die oorvereenvoudiging van stories.

'n Verdere uitdaging wat verband hou met die nuusblaai is dat tradisionele maniere en hoe joernaliste hul rol sien, verander sal moet word. Voorts moet die rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* en joernaliste uitbrei in die konteks van effektiewe bewusmaking oor klimaatsverandering en die erns van internasionale samewerking.

Navorsing deur Shanahan (2009: 147, 154, 156) oor joernaliste se struikelblokke in ontwikkelende lande, soos Suid-Afrika en Brasilië wat veral kwesbaar tot klimaatsverandering is, sluit in: 'n tekort aan opvoedkundige verslaggewing; 'n oorbeklemtoning van data met 'n Westerse fokus; 'n tekort aan wetenskaplike opleiding; redakteurs wat klimaatsverandering as 'n lae prioriteit in die nuuskantoor beskou omdat dit nog 'n opkomende joernalistieke vakgebied is; beperkte toegang tot inligting; en 'n gebrek aan vertrouens tussen joernaliste en die wetenskaplikes.

Onbewus van die groeiende gevaar in Suid-Afrika, kies meeste publikasies om klimaatsverandering nuusdekking steeds soos ander nuusdekking te hanteer, met min

beklemtoning, wat problematies is. Met 'n oorbeklemtoning op korttermyn rampe verminder die nuusblaai die klem klimaatsverandering stories en dit kan ander joernaliste beïnvloed om internasionale samewerking oor klimaatsverandering, soos die Kopenhagen klimaatsberaad, as irrelevant te beskou (Botes 2001: 9).

Klimaatsverandering raak vandag aan alle aspekte van die politiek, maatskaplike stelsel, ekonomie, die natuur, wetenskap, tegnologie, regstelsel en gesondheid. Internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad stel daarom nuwe uitdagings aan joernaliste. Intrinsieke probleme met verslaggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad is moontlik dat dit moeilik is om die leserspubliek se belangstelling en verdraagsaamheid te behou oor 'n kwessie wat hulle as omstrede beskou. Nog redes vir die onvoldoende nuusdekking is omdat dit geraam en opgestel word as 'n omgewingskwessie, en weens die kompleksiteit daarvan (Bird *et al* 2010: 51).

Die joernalistieke norm van gebalanseerde verslaggewing speel 'n belangrike rol in die bepaling vir wat as nuuswaardig beskou word, en hoe die nuus geraam en aangebied word. 'n Gebalanseerde berig sal aan die minderheid (klimaat skeptici) gelyke aandag gee en dit vorm 'n vals joernalistieke balans omdat dit bydra tot die kontroversie oor klimaatsverandering, 'n toename in skeptisisme veroorsaak en onsekerheid beklemtoon (Boykoff & Boykoff 2004).

Butler en Pidgeon (2009) onthul in hulle studie dat die invloed van die nuusblaai se "gebalanseerde" verslaggewing oor klimaatsverandering blywende skade op die publiek se begrip het. Terselfdertyd het Boykoff en Boykoff (2007) in hulle studie 'n afname van gebalanseerde verslaggewing in die Verenigde State van Amerika en Verenigde Koninkryk verslaggewing vanaf 2005 gevind, maar gevind dat 'n katastrofiese diskoers nogsteeds voortleef wat die leserspubliek ontmagtig.

Volgens Altschull (1991: 159) ondermyn hierdie "gebalanseerde verslaggewing" in mediadekking wetenskaplike bevindinge omdat die beperkte dekking en begrip van die kwessie nie noodwendig objektief is nie. Wetenskaplikes se neiging om onsekerhede en beperkinge van hul navorsing te beklemtoon, beïnvloed ook mense se begrip negatief en beperk aksies om daarop te reageer (Roser-Renouf & Maibach 2009).

Popularisering van die wetenskap is afhanklik van die joernalis en sy/haar kommunikasie met wetenskaplikes. Waar wetenskaplikes gelei word deur ontdekking is joernaliste gefokus op menslike belangstellings, tydigheid en nabyheid. Dus is dit twee wedersydse afhanklike velde en moet die joernalis komplekse feite oor klimaatsverandering op 'n eenvoudige en interessante manier aan die leserspubliek oordra (Boykoff & Boykoff 2004: 5).

Die oorbeklemtoning op die joernalis se verantwoordelikhede is problematies vir Joubert (2006: 14, 20) omdat dit 'n natuurlike proses is dat die joernalis dinge verkeerd kry. Dit is verstaanbaar dat so baie verslaggewers wie se lewens deur daaglikse en weeklikse sperdatums bepaal word, sig verloor van die langtermyn klimaatspatrone in die konteks van skielike gebeurtenisse wat onmiddellik nuuswaardig is.

#### 3.5.4 Raam-analise

Die aard van die perspektief vanwaar die media die wêreld beskryf en interpreteer, is belangrik om te verstaan en daarom moet die begrip van raam-analise oorweeg word. Raam-analise is wanneer hekwagters en joernaliste meer fokus op die seleksie van feite, hoe om dit te beklemtoon en die verbale en visuele diskoers te vorm (Allan, Adam & Carter 2000: 45). Raming is dus die joernalistieke konstruksie van verskeie elemente van 'n storie wat beklemtoon word en die vereenvoudiging van komplekse kwessies, dikwels om politieke stelsels en voorkeure te laat voortduur (Carvalho & Burgess 2005).

McCombs, Shaw en Weaver (1997: 6-8) noem dat raming 'second-order-agenda setting' is omdat rame implisiet of eksplisiet neig om sekere aspekte selektief te bevoordeel deur 'n raamwerk te stel vir die publiek om te beraam wat belangrik is, wie verantwoordelik is en wat die moontlike gevolge is. Nuusrame word daarom dikwels gebruik om kulturele gesprekvoering en sosiale temas te identifiseer. Raming moet ook verbind word met die tipes van bronne wat gebruik is in nuusstories, soos nie-regering organisasies, politici en wetenskaplikes. Cramer (2008: 27) redeneer dat rame selde doelbewus vir 'n spesifieke berig gekies word, maar dat dit eerder die joernalis se poging verteenwoordig om die berig op 'n relevante wyse oor te dra.



Hoe stories geraam word beïnvloed daarom die leser se reaksie. Klimaatsverandering word hoofsaaklik geraam in die “omgewing” raamwerk en dit word beskou as ’n wetenskaplike probleem wat tegnologiese oplossings benodig eerder as ’n sosiale probleem. In so ’n raamwerk word ’n ideologiese klimaat geskep omdat globale sosiale geregtigheid en volhoubare toekoms nie gekoppel word aan verbruikers en regerings se verantwoordelikhede nie. Die leserspubliek het moontlik die wanopvatting dat klimaatsverandering ’n verwyderde en bestuurbare fenomeen is (Ward 2008).

Deur die raam-analise toe te pas op die ingesamelde artikels kan ’n verduideliking volg oor hoekom joernaliste kwessies op ’n sekere maniere raam. Dus speel die raming van Kopenhagen klimaatsberaad ’n belangrike rol omdat dit die publieke begrip beïnvloed asook die aksie wat mense bereid is om te neem.

Afgelei van Dirix en Gelders (2009: 206) se studie is die ekonomiese raam, menslike belangstelling raam, politieke raam, omgewingsraam en tegnologie en wetenskap raam vasgestel. Die ekonomiese raam bespreek finansiële verliese of groei, die betrokke kostes, en ’n verwysing na die ekonomiese gevolge van gekose aksies. Die menslike-belangstellingsraam koppel ’n menslike gesig aan die storie, beklemtoon hoe individue of groepe beïnvloed gaan word deur die kwessie, bespreek die private of persoonlike lewens, en bevat visuele inligting wat gevoelens aanwakker van simpatie of empatie. Die politieke raam bespreek onenigheid tussen verskillende partye/individue/groepe/lande, verwys na die probleme wat bestaan, betrokkenheid van die regering, en stel burokratiese oplossings voor. Die omgewingsraam bespreek die impak van klimaatsverandering op flora en fauna. Die tegnologie en wetenskap raam behels opkomende tegniese ontwikkelinge en ontdekkings wat gepaardgaan met klimaatsverandering.

### **3.6 Die uitgebreide rol van koerante in die konteks van klimaatsverandering**

Vir Fourie (2008: 33) is die media gelyk aan die vierde staat omdat dit dieselfde mag as die kerk, skool en regering besit. Nuusblaai se invloed in die postmoderne omgewing moet nie onderskat word nie. McQuail (2002: 38) beklemtoon dat koerante die hoof bron van inligting vir die deursnee burger binne ’n moderne demokratiese samelewing, soos Suid-Afrika, is. Dit opsigself beklemtoon die verantwoordelikheid wat op *Die Burger*,

*Cape Argus* en die *Cape Times* rus om akkurate inligting beskikbaar te stel waarmee die leserspubliek 'n direkte verbintenis het.

Hoe belangrik die rol van koerante is, is reeds in 1787 deur President Thomas Jefferson beklemtoon toe hy gesê het dat as hy moet kies tussen 'n regering sonder 'n koerant en 'n koerant sonder 'n regering, kies hy laasgenoemde. Dus is koerante belangrik as 'n waghond en spesifiek in 'n konstitusionele demokrasie soos Suid-Afrika.

Ons kan nie ten volle die maniere verstaan waarin ons leef sonder om kommunikasie te verstaan nie omdat die invloed verder strek as inhoud (Croteau & Hoynes 2003: 15; Deacon *et al* 1999: 1). Vir Jones en Jones (1999: 87) is die media 'n agent van "sekondêre sosialisering" in ons daaglikse lewens. Die informele waarneming is dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* in 'n kritiese posisie is om mense te help in die konteks van klimaatsverandering, omdat koerante sentraal is tot die organisering van elke aspek van ons lewe deurdat hierdie koerante se invloed verder strek as slegs die inhoud van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad.

Volgens Day (2000: 15) het die media die vermoë om gevestigde waardes te konfronteer en houding veranderings by die publiek teweeg te bring. Die vraag ontstaan wat die rol is wat die koerante in Suid-Afrika, 'n ontwikkelende land, in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad behoort te speel, weens die invloed op die samelewing?

Dit is nodig om daarvan kennis te neem dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* aan sekere beperkinge onderworpe is en nie bestaan vir die uitsluitlike doel van sosiale ontwikkeling en bemagtiging nie. Dit is nie die verantwoordelikheid van koerante om noodwendig probleme namens die gemeenskap op te los nie. Wanneer die koerante egter meer bewus raak van die probleme en uitdagings waarmee die publiek gekonfronteer word en klimaatsverandering bespreek, is die koerante in 'n posisie om die leserspubliek te bemagtig en te motiveer om die omstandighede te konfronteer (Beckett 2008: 168).

Beck (1996) se argument dat 'n risiko samelewing intrinsiek 'n media samelewing is, beteken dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* deel kan wees van 'n tekort aan

klimaatsbewustheid in die Wes-Kaap. Dit is belangrik vir koerante om te besef dat nuusdekking of deel van die probleem of deel van die oplossing is. Verskillende publikasies het nodig om eerlik te wees oor hul tekortkominge in die hantering van klimaatsverandering artikels en ook oor die faktore wat beter dekking belemmer omdat Suid-Afrika 'n klimaat-sensitiewe land is. Suid-Afrika se apartheid geskiedenis het bewys dat daar 'n punt kom waarop dit eenvoudig nie meer genoeg is om verslag te lewer oor wat gebeur nie en waar die media aktief betrokke moet raak.

*Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* in die Suid-Afrikaanse demokrasie is 'n fundamentele instrument wat kan bydra tot die openbare debat en die vorming van die risiko agenda (Wilson 2000: 200). Mense se afhanklikheid van koerante beteken dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* 'n konstruktiewe brugbou rol kan speel deur mense se risiko-persepsies te verbeter deur verhoogde dekking (Maibach 2009). May en Caron (2009: 255) noem dat hoe meer mense van klimaatsverandering weet, hoe groter die momentum vir verandering en samewerking is.

Die huidige sosiale realiteit word gevorm deur koerante se selektiewe hantering deur vir ons te sê waaroor ons moet dink (Dirix & Gelders 2009: 201). Klimaatsverandering moet as 'n volhoubare ontwikkelingskwessie gesien word deur *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* omdat koerante dikwels nie fokus op versigtig bewoorde wetenskaplike bevindinge nie, maar eerder op dramatiese oogopvallende vermaaklike stories wat die leserspubliek se aandag trek, soos rampe.

Hierdie oorbeklemtoning op rampe doen min om die publiek in te lig oor die risiko's geassosieer met klimaatsverandering en vorm glad nie deel van 'n omvattende plan van aksie of spesifieke verbintenisse tot die bekamping van klimaatsverandering nie (Wilson 2000: 201). Watkins (2007: 67-68) skryf dat die koerante meer moet fokus op ontwikkelende bedreigings en geleenthede soos die Kopenhagen klimaatsberaad eerder as op katastrofiese risiko's wat die publiek se besluitneming en risiko-persepsies negatief beïnvloed.

Die onderwerp van klimaatsverandering is geweldig aktueel en *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se verantwoordelike dekking hiervan kan groter begrip by die gemeenskap kweek, gemeenskappe in staat stel om korttermyn doelwitte te verbeter en gevolglik meer bekwaam kan wees om aan te pas by 'n veranderende klimaat

(Jarman 2007: 39). Vir hierdie klimaatsverandering inligting om effektief in die besluitneming raamwerk geïntegreer te word, moet dit kredietwaardig wees, en dit moet helder duidelike oplossings en volhoubare boodskappe oor 'n lang tydperk bied (Hellmuth *et al* 2007: 92).

Die onderwerp van klimaatsverandering kan as 'n katalisator optree om vinniger verandering in koerante teweeg te bring en langtermyn behoeftes van die samelewing aan te pak. Klimaatsverandering is die ideale onderwerp vir internasionale omgewing samewerking omdat alle lande geaffekteer word daardeur, almal kan bydra en almal kan dit verhoed.

Dit is onvermydelik dat die mediastelsel in die konteks van klimaatsverandering onveranderd bly aangesien klimaatsverandering nuwe vereistes daaraan stel. Dit impliseer dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* nie net op die nuus moet konsentreer nie, maar hulself moet verbind om die groter konteks van gebeure te ondersoek en beter te verstaan. Die drie Kaapse koerante het daarom nouer betrokkenheid by die leserspubliek nodig en moet groter sosiale verantwoordelikhede aanvaar vir 'n sterker verbintenis tot probleemoplossing en houdingsverandering. Burgerlike joernalistiek wat oordeelkundig geïmplementeer word kan oplossings bied vir die belangrikste klimaatsverandering kwessies en veral daartoe bydra dat die gemeenskap as geheel eienaarskap van klimaatsverandering begin neem (Fourie 2003: 14).

Verantwoordelike joernalistiek met betrekking tot klimaatsverandering verwag van die nuusblaaie om sommige gevestigde praktyke in die beroep te heroorweeg. Die nuusblaaie speel 'n belangrike rol in die verbetering van ramp bewustheid van die algemene bevolking omdat koerante 'n kritiese skakel is tussen die agentskap wat die waarskuwing gee en die algemene publiek. *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* het daarom 'n belangrike rampbestuur verantwoordelikeheid om 'n effektiewe komponent te wees veral vir langtermyn gevare soos klimaatsverandering (Coppola 2007: 529). Die doel van 'n effektiewe ramp kommunikasie strategie vir Klenk (1997: 11-12) is om tydige en akkurate inligting te voorsien aan die publiek in voor-ramp en na-ramp sferes van rampbestuur.

Die belangrikheid van die rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se verteenwoordiging van klimaatsverandering in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad raak duidelik wanneer die ontsaglike impak van klimaatsverandering op Suid-Afrika in ag geneem word. In hierdie konteks is die onderwerp van die Kopenhagen klimaatsberaad geweldig aktueel en *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se dekking hiervan kan veral groter begrip by die gemeenskap kweek oor die erns van internasionale samewerking.

In die konteks van klimaatsverandering moet die gemeenskap ingelig, bemagtig, bewus en uiteindelik ook betrokke wees om enige noemenswaardige bydrae tot verandering te lewer. Dit impliseer dat 'n uitbreiding van die funksies van die media sal moet plaasvind, en uiteindelik dat die rol van joernaliste ook sal moet uitbrei.

### **3.7 Die uitgebreide rol van die joernalis in die konteks van klimaatsverandering**

Klimaatsverandering is 'n jong joernalistieke vakgebied en 'n fenomeen waarvan die einde van die probleem nie in sig is nie, en dit het die hele Suid-Afrikaanse gemeenskap geïnfiltreer. Dit is 'n krisis sonder eenvoudige oplossings wat miljoene mense se lewens bedreig en dit verhoog die belangrikheid daarvan om beriggewing van klimaatsverandering te bevorder (Wilson 2000: 217).

Publieke bewusmaking oor klimaatsverandering is besig om toe te neem en dit voorsien joernaliste met 'n nuwe intrede om die Kopenhagen klimaatsberaad te dek. Die verhouding tussen wetenskaplikes en joernaliste word bespreek voordat verantwoordelike verslaggewing in die konteks van klimaatsverandering benader word.

#### **3.7.1 Verhouding tussen wetenskaplikes en joernaliste**

Wetenskaplikes voorsien hoofsaaklik die inligting van klimaatsverandering aan joernaliste. Hierdie inligting bereik mense in die vorm van artikels wat deur joernaliste saamgestel is en in die proses verkort is. 'n Verskil tussen wetenskaplikes en joernaliste is hulle nabyheid tot die inrigting van kennis. Wetenskaplikes het direkte toegang tot die inligting van hulle dissiplines en joernaliste is meer male afhanklik van indirekte inligting in die vorm van koerante en onderhoude met wetenskaplikes (Wilson 2000).

Joernaliste berig nie oor omgewing risiko's nie, maar eerder nuus (Allan *et al* 2000: 47). Vir joernaliste is dit meer nuuswaardig om navorsing weer te gee aan die publiek deur verslaggewing te doen oor die implikasies en impak stories van hoe mense en plekke geaffekteer word deur middel van klimaatsverandering en rampe, eerder as om die publiek te betrek in kommunikasie oor die algemene atmosferiese wetenskap van klimaatsverandering.

Wetenskaplikes voel dat die joernaliste en koerante 'n negatiewe beeld van klimaatsverandering weerspieël as 'n vorm van vermaak en iets wat nie ernstig opgeneem moet word nie (Van Rooyen s.a.: 9). Volgens Wilson (2000: 205) en Joubert (2006: 21) is dit een van die redes hoekom wetenskaplikes in die aanname glo dat die inligting wat hulle vir die joernalis gaan voorsien, verkeerd aan die leser oorgedra gaan word.

Goeie verslaggewing kan die publiek se vermoë verhef om rasonale persoonlike keuses te maak, waar teenoor swak verslaggewing die publiek kan mislei (Nelkin 1995: 2). Wetenskaplikes moet daarom kommunikeer buite die sfeer van hulle wetenskaplike artikels en hulle moet die joernaliste betrek in alle vlakke van hul navorsing sodat kwaliteit wetenskaplike verslaggewing kan plaasvind (Van Rooyen s.a.: 7).

Wetenskaplike waardes verskil van joernalistieke waardes omdat die wetenskap langtermyn visie het en die media fokus op korttermyn gebeurtenisse. Hierdie verskille moet erken word sodat 'n netwerk van samewerking tussen rolspelers gebou kan word en akkurate wetenskaplike verslaggewing kan plaasvind om kommunikasie te verbeter. 'n Sleutel tot suksesvolle kommunikasie sal wees om die belangrikheid van mense se afhanklikheid van die ekosisteem te beklemtoon deur te begin met verantwoordelike vennootskappe tussen joernaliste en wetenskaplikes (Shanahan 2008: 1).

### 3.7.2 Verantwoordelike wetenskaplike verslaggewing

Omgewingskwessies ontstaan nie in isolasie nie, maar word beïnvloed deur gebeure in onder meer die politieke, ekonomiese en regsvelde. Binne hierdie raamwerk van belange beoefen omgewingsjoernaliste hul beroep as lede van die bedryf van massa kommunikasie en lewer hulle 'n bydra om die gesondheid van die natuur te verseker (Botes 2001: 2). Volgens Nelkin (1987: 2) verstaan die publiek die wetenskap "less

through direct experience or past education than through the filter of journalistic language and imagery”.

Joernaliste is om hierdie rede diegene op wie die verantwoordelikheid van kommunikasie rus om die mees onlangse ontwikkelinge akkuraat, tydig en verstaanbaar oor te dra sodat kwaliteit besluitneming kan geskied (Klenk 1997: 55). Vir Nelkin (1995: 2) beteken kwaliteit inligting in 'n demokratiese samelewing deur die koerante dat die leserspubliek beter oordele kan fel, tot voordeel van die individu en die samelewing as geheel.

Joernaliste is dus deel van die storievertellers van ons moderne samelewing en hulle artikels vorm op beslissende maniere 'n beeld van die wêreld buite ons onmiddellike ervaring, dit impliseer dat ons moet vertrou op die eerlike verteenwoordiging van die realiteit in nuusverslae (Allan 2004: 77). Terwyl dit erken word dat joernaliste onafhanklik moet wees en 'n rol moet speel in die aanmoediging van inligting in die samelewing het hulle ook 'n verantwoordelikheid om te werk in die publiek se belang. Dit lei na die vraag oor in hoe 'n mate joernaliste veronderstel is om by nuusgebeure betrokke te raak of net bloot objektiewe waarnemers van die gebeure te bly (Forbes 2005: 54).

Klimaatsverandering is besig om Suid-Afrika te affekteer en dit konfronteer die joernalis met ekstra etiese kwessies om die groter konteks van sosiale verantwoordelikheid en betrokkenheid in gedagte te hou. Dit het tot gevolg dat bykomende eise aan die joernalis gestel word en dat die joernalis oor bykomende vaardighede moet beskik vir verantwoordelike verslaggewing (Wilson 2000: 201). Vir klimaatsverandering moet mense wetenskaplik geletterd wees sodat hulle die kompleksiteit van die debat kan verstaan en hierin speel joernaliste 'n spesifieke en belangrike rol in bewusmaking van die leserspubliek oor klimaatsverandering.

Terselfdertyd is klimaatsverandering verslaggewing kompleks omdat joernaliste moeilike kwessies moet verduidelik. Joernaliste moet wegbeweeg van die blote erkenning van omgewingsvraagstukke na meer ondersoekende joernalistiek waar vraagstukke binne konteks ontleed, geïnterpreteer en die gevolge daarvan bekend gemaak word sodat dit 'n groter rol in die samelewing speel en die lesers kan bemagtig (Fourie 2008: 14).

Joernaliste het 'n etiese sosiale verantwoordelikheid – waarna hierbo verwys word - in die konteks van klimaatsverandering om hoë kwaliteit klimaat data en inligting deur 'n probleem gefokusde benadering te verskaf en die wetenskap meer gewild te maak (Hellmuth *et al* 2007: 92). Joubert (2006: iv) beklemtoon dat wanneer daar oor klimaatsverandering berig word, dit die joernalis is wat die wetenskap moet ontrafel en dit akkuraat en verantwoordelik aan die publiek moet oordra sodat ingeligte besluite (as deel van mitigasie en voorbereiding) geneem kan word.

Aldus moet joernaliste 'n beter begrip weergee oor hoe klimaatsverandering die daaglikse lewens van die lesers beïnvloed en hoe hulle die risiko's kan verminder. Volgens Joubert (2008: 5) hang dit van die individuele leser af om te besef dat klimaatsverandering belangrik is en dat dit moontlik is om die behoeftes van ontwikkeling met die verligting (mitigasie) van klimaatsverandering te balanseer.

Ten opsigte van die spesifieke rol van redakteurs in die uitgebreide rol van koerante, het die redakteurs die potensiaal om 'n aansienlike bydra in die konteks van die klimaatsverandering te lewer, aangesien redakteurs die strategiese posisie in die groter media landskap vul. In die meeste gevalle is beriggewing oor klimaatsverandering nie werklik van nut nie indien dit nie opgevolg word nie. Daarom is netwerke en samewerking tussen rolspelers baie belangrik. Dit beteken dat indien 'n artikel oor klimaatsverandering geskryf word, die joernalis die nasionale en plaaslike konteks van die publiek, die doel van die artikel en watter inligting vereis sal word, moet verstaan.

Deur die verantwoordelike omgang met feite, inhoud en onderwerp kan joernaliste 'n daadwerklike invloed hê op die opvoeding en inligting wat die leserspubliek oor klimaatsverandering kry en die erns van internasionale samewerking soos tydens die Kopenhagen klimaatsberaad. Nasiebou is iets wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* nie alleen kan vervaardig nie, maar daar is steeds 'n belangrike rol wat joernaliste kan speel in die ondersteuning en uitbreiding van volhoubare joernalistiek in die konteks van internasionale klimaatsverandering samesprekings (Fourie 2008: 22; Hadland & Thorne 2004: 21).



### 3.8 Oorsig van die hoofbevindinge van die literatuurstudie

'n Samevatting van die hoofbevindinge van die literatuurstudie is nodig om die hoofkwessies te identifiseer wat deel vorm van die hieropvolgende empiriese studie. Suid-Afrika is in 'n toenemende kwesbare posisie vanweë klimaatsverandering. Die goeie nuus is dat klimaatsverandering nie die enigste ding is wat verander nie omdat koerante nou genoodsaak word om daadwerklik op te tree sodat hulle 'n belangrike bydrae kan lewer as 'n rolspeler en opvoeder in mense se lewens.

Die literatuur beskryf hoe nuuswaardes, ekonomiese norme en joernalistieke norme kombineer in 'n milieu en uitdagings vir die verslaggewing oor klimaatsverandering vorm en om langtermyn bewusmaking van klimaatsverandering se risiko's weer te gee. Suid-Afrika benodig helder en gepaste verslaggewing oor klimaatsverandering en die literatuur dui daarop dat daar 'n behoefte is om die koerant se funksies uit te brei in die jongspesialis gebied om 'n optimale rol te speel om die dringendheid van klimaatsverandering te beklemtoon.

Daar is baie inligting oor rampe, maar daar is 'n groeiende behoefte aan inligting wat die Wes-Kaapse leserspubliek direk raak omdat nuusblaaie 'n medium is om te verseker dat mense bewus is van hul regte en hoe om dit op te dwing. Daar moet na langtermyn voldoende aksie beweeg word waar *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* die volle uitdaging van die klimaatsverandering aanpak en nie slegs op katastrofiese rampe fokus nie (United Nations 2007: 67-68). Die literatuur dui ook aan dat in die konteks van klimaatsverandering 'n sosiaal bewuste nuusblad samewerking moet bewerkstellig tussen die nuuskantoor, wetenskaplikes en die joernaliste.

Meeste Suid-Afrikaners se bron van nuus is koerante en hierdie koerante beïnvloed die publiek se kennis van 'n sekere kwessie (Altschull 1991: 295; McQuail 2002: 38). Die volgende hoofstuk wil die studie se navorsingsvrae beantwoord wat mik daarvoor om die amptelike houding van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* teenoor die Kopenhagen Klimaatsberaad te ontleed en, verder spesifiek die perspektief van joernaliste oor hul rol in hierdie konteks en die uitdagings wat hulle moontlik verhoed om hulle rol te vervul beter te verstaan en te ontleed.

## 4. Navorsingsontwerp en Navorsingsmetodologie

### 4.1 Inleiding

'n Volledige literatuurstudie was in hoofstuk drie onderneem om fundamentele konsepte en relevante teorieë van hierdie studie te bespreek. Die literatuur het aangedui dat koerante ideaal geplaas is om 'n uitgebreide rol te speel in die konteks van klimaatsverandering deurdat dit lesers kan help om 'n meer persoonlike verbintenis met internasionale samesprekings oor klimaatsverandering te maak. Hierdie hoofstuk bespreek die navorsingsmetodologie in detail, omdat dit die reëls voorskryf waarmee hierdie navorsing geanaliseer gaan word. Die navorsingsmetode het ontstaan vanuit die navorsingsvraag soos geïdentifiseer in hoofstuk een.

Afdelings wat bespreek word sluit in: die navorsingsvraag; die gemengde metodebenadering van kwantitatiewe teksanalise van nuusblaaie en kwalitatiewe in-diepte onderhoude met joernaliste en klimaat kundiges; en die beperkinge en gepaardgaande etiese aspekte van die navorsingsontwerp. Die klaarblyklike en die latente inhoud van die artikels word ontleed, en die resultate van die joernaliste en klimaat kundiges se antwoorde word volgens die navorsingsvrae in hoofstuk ses verduidelik.

### 4.2 Die navorsingsvraag

Hierdie is 'n beskrywende studie omdat daar vir die hoof navorsingsvraag nuwe data ingesamel moet word omdat daar min vorige navorsing beskikbaar is, soos aangedui in hoofstuk drie. Die ondersoek tydperk van die artikels in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* geskied in die periode van November 2009 tot Februarie 2010 en is hoofsaaklik daarop gemik om die volgende navorsingsvraag te beantwoord: "Wat is drie uitgesoekte Kaapse koerante se houding teenoor die onlangse Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur?".

Sekondêre navorsingsvrae wat ontstaan vanuit die primêre navorsingsvraag en vanuit die literatuurstudie is gemik daarop om die interne en eksterne magte te bestudeer wat bygedra het tot die Kopenhagen klimaatsberaad se uitbeelding in hierdie drie geselekteerde koerante:

Hoeveel en hoe dikwels word daar oor die Kopenhagen klimaatsberaad in Kaapse koerante berig?;

Wat is die hooframe wat geïdentifiseer is in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Hoe lyk die inhoud van die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Wat is die hoofkategorieë in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Watter kennis is nodig om te berig oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Wat is die joernaliste se mening oor die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Wat is joernaliste se mening van hulle koerante en hulle persoonlike verantwoordelikheid in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad?;

Watter uitdagings word deur joernaliste ervaar in beriggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad?; en

Wat is die mening van klimaatsverandering kundiges van die nuwe rol van die Suid-Afrikaanse media tydens die Kopenhagen klimaatsberaad?

Die navorsingsvrae wat ondersoek word, het om hierdie rede ontstaan vanweë die rol wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* tydens die nuusdekking van die Kopenhagen klimaatsberaad gespeel het. Die primêre doel van hierdie studie is om statistiese resultate deur die kwantitatiewe teksanalise vir die probleemstelling te verkry en om nuwe bruikbare data te voorsien vir toekomstige navorsers. Die sekondêre doel is om deur middel van kwalitatiewe onderhoude met joernaliste en klimaat kundiges (beide 'n klimaatsverandering wetenskaplike en rampbestuurder) hul menings ten opsigte van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se rol en invloed tot die Kopenhagen klimaatsberaad te ondersoek.

### **4.3 Kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing metodes**

Data versameling tegnieke kan in twee groepe gedeel word – kwantitatief en kwalitatief. Kwantitatiewe metodes werk met bekende veranderlikes en getalle, en mik na numeriese resultate soos persentasie en statistiese frekwensies soos teksanalises. Kwalitatiewe metodes werk met onbekende veranderlikes en is byvoorbeeld onderhoude wat meer analities en interpreterend is (Du Plooy 2002: 192).

#### 4.3.1 Die kwantitatiewe teksanalise en gepaardgaande voordele

Die kwantitatiewe teksanalise tegniek is in hierdie studie van toepassing om kommunikasie te meet deur die geselekteerde artikels te verminder tot waar dit 'n stel eksplisiete kategorieë van die navorsingsvrae verteenwoordig. 'n Teksanalise is 'n metode wat kommunikasie op 'n sistematiese (dit volg eksplisiete en presiese reëls om koerante en artikels te analiseer) en objektiewe (sodat ander navorsers dit kan dupliseer) manier meet om veranderlikes te bestudeer en te analiseer (Wimmer & Dominick 1991: 157; Royse 2008).

Vir Grossberg *et al* (2006: 186) kan ons met behulp van 'n teksanalise maklik patrone identifiseer wat ons andersins sou mis - deur rigiede aspekte van artikels te kategoriseer of te kwantifiseer om sodoende 'n akkurate verteenwoordiging van die liggaam van boodskappe te kry. Wimmer en Dominick (1991: 151) staaf verder dat 'n inhoudsanalise 'n navorsingstegniek is om geldige verwysings van die data (artikels) tot hul konteks te maak.

Voordele van die gekose teksanalise as 'n navorsingstegniek is: dit is koste-effektief omdat bestaande tekstuele data (koerant artikels) gebruik word; dit is nie opdringerig nie omdat ek my eie navorsing onderneem; en dit kan 'n groot aantal data hanteer. Verder dien die afhanklikheid van die teks as 'n veiligheidsmeganisme omdat enige dubbelsinnigheid opgeklaar kan word deur direk na die teks te verwys en dit verhoog om hierdie rede die betroubaarheid van hierdie kwantitatiewe navorsingstegniek.

Die spesifieke toepassing van die teksanalise in hierdie studie sal later in die hoofstuk bespreek word, hiernaas sal die kwalitatiewe metode van onderhoude kortliks bespreek word.

#### 4.3.2 Die kwalitatiewe onderhoude en gepaardgaande voordele

Hierdie studie maak gebruik van 'n doelbewuste versamelingsmetode omdat deelnemers wat kundig is en/of werkzaam is in die klimaatsverandering veld hier betrek word. Die deelnemers is in twee groepe verdeel naamlik joernaliste en klimaat kundiges. Twee aparte stelle gestruktureerde en gestandaardiseerde onderhoudskedules met vrae

is vooraf opgestel om te verseker dat alle relevante onderwerpe gedek word en albei stelle deelnemers dieselfde vrae ontvang.

Die ses afdelings van die joernaliste se onderhoudskedule sluit in: professionele verantwoordelikheid en opleiding; die klimaatsberaad van 2009; die publiek se belangstelling; uitdagings; menings van verantwoordelikheid; en voorstelle vir veranderinge. 'n Totaal van vyf onderhoude met vyf joernaliste is gevoer met 'n respons skaal van 100%, maar omdat een van die joernaliste werksaam is by die *Business Report* is die onderhoud nie ingesluit by die data verwerking nie.

Die vier afdelings van die klimaat wetenskaplike en rampbestuurder se onderhoudskedules sluit in: die agtergrond van hul organisasie/departement; die rol van die Suid-Afrikaanse media; die klimaatsberaad van 2009; en klimaatsverandering. 'n Totaal van twee onderhoude is met twee kundiges gevoer, met 'n respons skaal van 40% omdat professor Harald Winkler, Brian Mantlana en Charlotte Powell weens tyd beperkinge nie aan die studie kon deelneem nie.

Insigte wat tydens hierdie onderhoude verkry is, is gebruik in die bespreking van die ondersoekmateriaal wat ontstaan het vanuit die konteks van die navorsingsvraag. Die voordeel van die kwalitatiewe onderhoude is dat dit beskrywende in-diepte perspektiewe voorsien. Verder help die onderhoude om spesifieke data te bekom in 'n kort tyd, dit versterk die navorsing deur geldigheid te verleen aan die interpretasie van die kwantitatiewe navorsing en dit gee 'n algemene oorsig van die ses deelnemers se persoonlike gedagtes (Babbie & Mouton 2001: 270, 272).

#### 4.3.3 Die gemengde navorsingsontwerp

Tydens hierdie navorsing word 'n kwantitatiewe teksanalise met kwalitatiewe onderhoude gekombineer om sodoende 'n beter begrip te vorm van die resultate van die studie wat die navorsingsvrae ondersoek. Vir Wimmer en Dominick (2006: 50) is "triangulasie" voordelig om ten volle die aard van die navorsingsvrae te verstaan.

Die grootste voordeel van hierdie gemengde metode is die toename in vertrouwe van die bevindinge omdat hierdie metode vir beide metodes se inherente beperkinge en

swakhede vergoed. Die doel van triangulasie in hierdie studie is om moontlike verhoudings tussen onafhanklike veranderlikes te ondersoek om sodoende maksimale betroubaarheid en geldigheid van die versamelde data te bereik (Wimmer & Dominick 2006: 50).

#### **4.4 Onderwerp seleksie en keuse van die studie periode**

##### 4.4.1 Omgewing

Hierdie studie is in die Wes-Kaap uitgevoer omdat soos genoem in hoofstuk twee die Wes-Kaap veral kwesbaar is vir die nadelige impakte van klimaatsverandering en omdat die ondersoeker, wat in Malmesbury woonagtig is, makliker toegang tot Kaapse koerante het.

##### 4.4.2 Keuse van die studieperiode

Die doelwit van hierdie studie is om die dekking van kwessies verwant tot die Kopenhagen klimaatsberaad in die koerante in die Wes-Kaap, Suid-Afrika, te assesseer. Artikels uit *Die Burger*, *Cape Argus* en *Cape Times* word vanaf November 2009 tot Februarie 2010 versamel vir data verwerking en analise.

Die studieperiode word bepaal deur die primêre probleemstelling van die studie - die Kopenhagen klimaatsberaad het in Desember 2009 plaasgevind. Hierdie keuse van die studieperiode het 'n belangrike rol gespeel in die bepaling van die aantal items. Tydens die navorsingsperiode was 'n totaal van 249 koerante en 378 individuele items versamel wat 'n wesenlike aantal data is en 'n betroubare aanduiding is van die toestand van klimaatsverandering beriggewing in hierdie drie koerante.

##### 4.4.3 Kaapse koerante

Die navorsingsmetode van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* sluit 'n teksanalise in, omdat daar 'n kennisgaping bestaan soos geïdentifiseer in hoofstuk drie. Hierdie analise sal uitgevoer word in drie daaglikse en provinsiale Kaapse koerante. Koerante was gekies omdat televisie- en radioverslae te kort is, en om hierdie rede voorsien koerante die platform vir meer in-diepte analise van die nuusdekking. Die

versameling van die kwantitatiewe data is doelbewus en sistematies, omdat die data grootte gebaseer is op tyd beperkinge en vorige navorsing wat gedoen is in die area.

'n Breedvoerige studie van al die Suid-Afrikaanse koerante sou in die gekose tydsraamwerk onmoontlik wees. Die keuse van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* is toeganklik, verskyn daaglik en vorm 'n subgroep van die totale nasionale koerant bevolking. Al drie koerante deel ook soortgelyke geografiese lesersgetalle en is in Kaapstad geleë wat lei tot 'n meer akkurate studie.

Dit kan daarom aanvaar word dat die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad omvattend en verteenwoordigend is van die nuus wat die gemiddelde Wes-Kaapse koerantkoper lees. Die enigste moontlike verskille tussen *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* is daarom verskillende nuuskantoor omgewings en verskillende joernaliste. Een van die informele waarnemings is dus dat die persoonlike oortuigings en wetenskaplike kennis van joernaliste bepaal of 'n berig oor internasionale klimaatsverandering samesprekings gepubliseer word of nie.

Nasionale koerante, ekstra bylaes en 'n groot aantal plaaslike gemeenskapskoerante in die Wes-Kaap is by die studie uitgesluit omdat hulle meer fokus op nasionale of spesifieke plaaslike nuus. Die *Business Report* is 'n nasionale finansiële bylaag wat daaglik in die *Cape Times* verskyn, maar uitgelaat moes word om by die eenvormigheid van die studie te bly omdat dit nie 'n provinsiale publikasie is nie.

4.4.3.1) *Die Burger* is alreeds in 1915 gepubliseer. Dit is 'n Afrikaanse dagblad wat Maandag tot Saterdag oggende gepubliseer word. *Die Burger* word besit deur Media24 met 'n weeklikse sirkulasie syfer van 80 200 en 511 000 lesers .

4.4.3.2) Die *Cape Argus* is 'n Engelse koerante wat weesmidae van Maandag tot Saterdag gepubliseer word. Die *Cape Argus* het 'n weeklikse sirkulasie syfer van 63 200 met 359 000 lesers.

4.4.3.3) Die *Cape Times* is reeds vanaf 1876 in sirkulasie en is 'n Engelse koerant wat Maandag tot Vrydag oggende vrygestel word. Die *Cape Times* se sirkulasie syfer beloop 48 800 met 272 000 lesers. Die Onafhanklike Koerant Groep (Independent Newspapers

Group) is 'n internasionale media maatskappy en besit onder andere die *Cape Times* en die *Cape Argus* wat beteken dat soortgelyke bronne vir al sy publikasies beskikbaar is (*The Press in South Africa*, 2010).

#### 4.4.4 Joernaliste

Sentraal tot kommunikasie is die verhouding tussen die joernalis en ontvanger (die leserspubliek). Om 'n kwalitatiewe perspektief oor klimaatsverandering beriggewing te bekom is onderhoude gevoer met die omgewingsjoernaliste wat in die betrokke ondersoek tydperk by die koerante gewerk het, en die meeste artikels oor die Kopenhagen klimaatsberaad en klimaatsverandering in die studie periode geskryf het.

Onderhoude is gevoer met Jorisna Bonthuys (*Die Burger*), John Yeld (*Cape Argus*) en Melanie Gosling (*Cape Times*). Vir aanvullende redes is daar ook 'n onderhoud met die vryskutjoernalis Leonie Joubert gevoer. Sien addendum C vir 'n volledige Afrikaanse onderhoudskedule.

#### 4.4.5 Kundiges: klimaatsverandering wetenskaplike en rampbestuurder

Onderhoude is gevoer met die klimaatsverandering wetenskaplike Doktor Gina Ziervogel en rampbestuurder Jackson Rikhotso. Daar moes rekening gehou word met die Sokker Wêreldbeker wat in Suid-Afrika gehou is tydens Junie tot Julie 2010. Hierdie toernooi het die tyd beperk vir onderhoude met die rampbestuurders. Dit het nie die kwaliteit van die onderhoude beïnvloed nie, maar het veroorsaak dat die data-insamelingsperiode verleng moes word vanaf Mei 2010 - Junie 2010 tot Mei 2010 - Julie 2010. 'n Engelse onderhoudskedule is aangeheg as addendum D.

### **4.5 Dataversameling metodes**

Die prosedures van dataversameling word hier bespreek.

#### 4.5.1 Teksanalise as 'n dataversameling proses

Die kwantitatiewe data versameling prosedure het 'n voorlopige internet soektog ingesluit van koerant verslae binne die gekose tydsraamwerk. Verskeie besoeke tussen April 2010 tot Junie 2010 is toe aan Stellenbosch Universiteit se kompaktus seksie



gemaak waar die uitgawes van *Die Burger*, *Cape Times* en *Cape Argus* gestoor word. Relevante artikels is in die vorm van harde kopieë gedruk en chronologies volgens koerant geliasseer, voordat dit in 'n koderingsblad ingevoer word.

Seleksie kriteria van beriggewing is dat enige artikel wat die kwessie van die Kopenhagen klimaatsberaad of die breër kwessie van klimaatsverandering as 'n tema, onderwerp of fokus bespreek het, betrek is. Sleutelwoorde tydens die internet soektog het: "Kopenhagen klimaatsberaad", "klimaatsverandering", "aardverhitting", "rampe", "klimaat", "Copenhagen conference", "climate change", "global warming", "disaster" en "climate" ingesluit.

Verskeie artikels wat woorde soos "klimaat" ingesluit het en dit nie bespreek het nie was tydens die analise van die artikels opgemerk en by die studie uitgesluit. Data wat relevant tot die navorsingsvraag is word daarom versamel en word gevolglik gegroepeer in gepaste en betekenisvolle kategorieë waar verduidelikings van die data kan verskyn (Wimmer & Dominick 2006: 116).

Die 299 kwantitatiewe klimaatsverandering items het beteken dat hierdie metode van dataversameling die navorsing gekomplementeer het. Hierdie versamelde data is gebruik om die grondslag van die navorsingsbevindinge te vorm; wat tesame met die inligting wat verkry is van die onderhoude, gebruik is om sodoende die uitbeelding van die Kopenhagen klimaatsberaad in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* te ondersoek.

#### 4.5.2 Dataversameling proses van onderhoude met joernaliste en kundiges

In hierdie studie is daar gebruik gemaak van kwalitatiewe semi-gestruktureerde onderhoudskedules om die verskillende individuele perspektiewe te ondersoek en 'n in-diepte begrip van persoonlike gevoelens en ondervindinge te verkry.

Deelnemers is van die onderhoude in kennis gestel deur middel van uitnodigings (sien addendum A) en die onderhoude is persoonlik, per telefoon of per e-pos onderneem. Persoonlike onderhoude is op band opgeneem en daarna getranskribeer in die betrokke seksies om die volgende fase van die analise van versamelde data te vergemaklik.

Semi-gestruktureerde onderhoude stel my in staat om bepaalde kwessies, gegrond op die navorsingsvrae (sien afdeling 4.3.2.), in die onderhoud aan te pak terwyl dit terselfdertyd buigbaarheid bied in terme van die volgorde waarin die kwessies benader word en dit help om breër kwessies te bespreek. Die antwoorde wat verkry is, is geïnterpreteer en ontleed in terme van die navorsingsvrae. Veral die onderhoude wat met die joernaliste van die geselekteerde koerante gevoer is, is gebruik om die kwantitatiewe analise te versterk.

#### **4.6 Data analise en interpretasie**

Hierdie afdeling beskryf die keuse van data analise prosedures vir elke fase van die navorsing.

##### 4.6.1 Analise van die versamelde kwantitatiewe data

Vir die data analise van die teksanalise is 'n koderingsblad gebruik om die versameling van data (artikels) van die betrokke koerante te organiseer op so 'n manier om data in hanteerbare seksies met gevestigde definisies ("kodes") op te deel. Hierdie kodes help om konsepte, patrone en temas te identifiseer wat gaan help om die navorsingsvrae te beantwoord. Omdat dit nie die doel van hierdie studie is om vorige navorsing na te boots nie, was 'n bestaande kodeblad nie gebruik nie en is 'n gepaste kodeblad spesiaal saamgestel.

Drie aparte koderingsblaaie met twaalf koderingskolomme is vir elke koerant in Microsoft Excel formaat gestruktureer om antwoorde te voorsien op die navorsingsvrae. Die navorsingsvrae help inherent om die kategorieë te bepaal. Vir die betroubaarheid en geldigheid van hierdie studie is 'n proefstudie onderneem waar die artikels gelees is om die verskillende koderingskategorieë te toets, waar beide die klaarblyklieke en latente inhoud van die koerant artikels individueel gekodeer is. Die koderingsveranderlikes het twee waardes – teenwoordig of afwesig en daarom is ontbrekende waardes as 'n "0" gekodeer.

Vir die latente (subjektiewe evaluasie) teksanalise van die artikels is die raam, houding en konteks van die artikels gekategoriseer. Deur middel van 'n proefstudie is vyf rame vooraf geïdentifiseer vanuit die perspektief van die leser soos bespreek in hoofstuk drie:

die omgewingsraam handel oor ekologiese of groen kwessies; die wetenskaplike en tegnologiese raam; die politieke raam kyk na politieke aspekte van die regering of politieke ontwikkeling; die ekonomiese raam berig oor ekonomiese gevolge; en die menslike belangstelling raam sluit nuusverslae in wat poog om 'n kwessie te verpersoonlik.

Verder is die houding van die artikel as negatief ('n diskoers van kritiek, klimaat skeptici of onduidelik), positief ('n diskoers van publieke aanvaarding en motiveerding) of neutraal (onbetwisbaar, nie positief of negatief nie) gekodeer. Die konteks is gekategoriseer waar die artikel 'n internasionale, Afrika, Suid-Afrikaanse of Wes-Kaapse oospunt beklemtoon.

Elke geselekteerde artikel se klaarblyklike inhoud was individueel geklassifiseer in die oorblywende nege kolomme. Hierdie kategorieë sluit in: die publikasie se naam; die datum waarop die artikel verskyn; die bladsynommers van die artikel; die hoofopskrif van die artikel; of die artikel deur 'n joernalis geskryf is; of die artikel geskryf is deur 'n leser of ander nuusbron; die item is geklassifiseer as artikel/kommentaar/redakteursbrief; of die artikel op die voorblad verskyn het; en foto's en ander grafika is gekategoriseer omdat veral foto's meer prominensie aan 'n artikel verleen (Van Rooyen s.a.: 10).

'n Totaal van 378 artikels uit drie koerante was tydens die studieperiode versamel. 80 artikels was uitgesluit omdat hulle in die *Business Report* verskyn het of nie die Kopenhagen klimaatsberaad bespreek het nie (n=80). Dus was 299 artikels ingesluit in die studie.

Gevolgtrek in hoofstuk vyf sal die geïdentifiseerde tendense en patrone geïnterpreteer word deur dit in verband te bring met hoofstuk drie. Relevante aanhalings is ook gebruik om *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se houding tot die Kopenhagen klimaatsberaad te illustreer en die verhoudings van temas te bevestig.

#### 4.6.2 Analise van die versamelde kwalitatiewe data

Die data wat versamel was deur onderhoude word geanaliseer vanuit 'n kwalitatiewe perspektief om deelnemers se menings te ontleed en te verstaan ten opsigte van die

onlangse Kopenhagen klimaatsberaad. Voordat daar met die proses van data-ontleding begin is, is die data getranskribeer, waarna dit deurgelees is sodat ek die inhoud in die geheel kon leer ken. Daar is besluit om die onderhoude in die taal wat dit gevoer is te hou, dus is daar 'n meerderheid Engelse kwalitatiewe data. Die biografiese inligting van elke deelnemer is ook kortliks by elke onderhoud beskryf.

Die onderskeie afdelings van die onderhoudskedules hou verband met die verskillende navorsingsvrae wat vooraf opgestel is om te help om die primêre navorsingsvraag te beantwoord. Data word gevolglik opgebreek sodat dit geklassifiseer kan word, skakels word tussen die klassifikasies gemaak en dit kan weer tot 'n nuwe beskrywing lei. Dit het na my mening vir my in staat gestel om 'n tematiese ontleding uit te voer van die hoof idees wat verband hou met die primêre navorsingsvraag. Die bevindinge van hierdie tematiese ontleding, sowel as die interpretasie en bespreking daarvan in die konteks van die navorsingsvrae, word in die volgende hoofstuk bespreek.

#### **4.7 Etiese aspekte en tekortkominge van die dataversameling tegnieke**

Dit is moontlik dat die kwaliteit van die data wat versamel word in die navorsingsproses geaffekteer kan word deur die dataversamelingmetodes se tekortkominge en die ondersoeker se kennis. Dis belangrik om hierdie bronne van foute te bespreek en hoe hierdie negatiewe impakte in die studie geminimaliseer is.

Vir Wimmer en Dominick (2006: 156, 159) is 'n studie betroubaar wanneer die "herhaalde meting van dieselfde materiaal lei tot soortgelyke besluite of gevolgtrekkings". Vir hulle is geldigheid ook die graad waartoe 'n instrument meet "what it sets out to measure". Twee tipes navorsingsmetodes was in hierdie studie gebruik om die tekortkominge van elke metode te beperk en die betroubaarheid en geldigheid van die bevindinge te verhoog.

Die hoofdoel van die ondersoek is om verslaggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad vanuit 'n spesifieke konteks te verstaan, eerder as om te poog om bevindinge te veralgemeen. Doelbewuste seleksie is dus gebruik om *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* wat 'n breë spektrum van die Wes-Kaap weerspieël wat in die ondersoek ingesluit sou word, te kies. Dit beteken dat die ondersoek en gevolglike

resultate nie vir veralgemening doeleindes van toepassing is op die Suid-Afrikaanse koerante nie.

Die studie is afhanklik van gestruktureerde en betroubare instrumente om sleutel veranderlikes te meet. Ten opsigte van geldigheid en betroubaarheid moet aandag geskenk word aan die invloed van die persoon wat die artikels kodeer en die onderhoud voer. Dis belangrik om te let daarop dat 'n element van subjektiwiteit bestaan in die opstel van die koderingskategorieë omdat ek self die data versamel het en analise tegnieke voorskryf, gebaseer op my eie persoonlike opinie van vorige leeswerk en onafhanklike kennis.

Die literatuurstudie het vir my 'n goeie idee gegee wat die kwessies is wat ondersoek moet word en hoe die koderingskategorieë geformuleer kan word. Data is met die hand versamel, en slegs ek was verantwoordelik vir die analise van die versamelde koerant artikels en die kategorisering van die artikels in 'n vasgestelde koderingsvorm.

Onderhoude help om die geldigheid van die teksanalise se bevindinge te verhoog. Faktore wat die onderhoud proses negatief kan beïnvloed is: die gekose bewoording van die vrae; groepering volgens onderwerp; en die afhanklikheid van die eerlikheid en akkuraatheid van deelnemers se antwoorde. Semi-gestruktureerde gestandaardiseerde vraelyste met oop vrae is opgestel om die betroubaarheid te verhoog. Na my mening glo ek dat dit die geldigheid van kwalitatiewe data versameling verhoog omdat dieselfde stel vrae aan die twee deelnemer groepe gevra is.

'n Belangrike beperking van dataversameling deur onderhoude is dat die deelnemers slegs joernaliste, 'n klimaatsverandering wetenskaplike en 'n rampbestuurder ingesluit het. Toekomstige navorsing oor die onderwerp sou ook ander deelnemers soos die redakteurs, wat werksaam was in die betrokke studie tydperk by die geselekteerde koerante, kon insluit. Opvolg-onderhoude kan ook die kwessies wat in die data-ontleding proses na vore gekom het, bespreek.

Met betrekking tot die etiese aspekte van data versameling tydens die teksanalise, was die inligting algemeen bekombaar as gepubliseerde artikels en om hierdie rede is daar geen etiese beperking oor die gebruik daarvan nie. Ten opsigte van die onderhoude was vertroulikheidsversekering vorms met elke deelnemer bespreek en onderteken (sien

addendum B). Hierdie vorms het die doel van die ondersoek verduidelik, waarom hulle uitgenooi is tot die studie en dat deelname vrywillig is. Dis ook duidelik gemaak dat indien die persoon kies om wel aan die ondersoek deel te neem, die persoon se naam en besonderhede bekend gemaak sal word in die gepubliseerde studie. Hierdie studie is nie alomvattend nie, maar ten spyte van 'n tekort aan tyd is elke poging aangewend om die sleutel aspekte van die navorsing te bespreek.

#### **4.8 Samevatting**

In hierdie hoofstuk was 'n oorsig gegee van die gekose gemengde kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsingsmetode, die veranderlikes en studie periode wat vir die studie aangewend is, en die redes bespreek hoekom hierdie metodes gekies is. Die verhouding tussen die drie veranderlikes van koerante, joernaliste en klimaat kundiges is die draaipunt waarop die antwoord tot die navorsingsvraag afhang. Ten slotte illustreer hierdie gemengde metode hoe twee tipes navorsingsmetodes gebruik kan word om die tekortkominge van elke studie te versterk en die ondersoek se betroubaarheid en geldigheid te verhoog.

Soos bespreek in hoofstuk een is die motivering van die studie om te ondersoek wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se houding is tot die Kopenhagen klimaatsberaad en hoe hulle die Kopenhagen klimaatsberaad uitbeeld. Die informele waarneming is dat hoe die Kopenhagen klimaatsberaad verstaan en geraam word in die drie Kaapse koerante van kardinale belang is vir toeganklike inligting en hoe die algemene leserspubliek klimaatsverandering as 'n tasbare gevaar beskou. In die volgende hoofstuk gaan die versamelde kwantitatiewe data se bevindinge bespreek en geïnterpreteer word.

## **5: Kwantitatiewe data verwerking en interpretasie**

### **5.1 Inleiding**

In hierdie hoofstuk word die versamelde kwantitatiewe data van die studie verwerk en die resultate bespreek. Die fokus van hierdie hoofstuk val op die inhoud van die nuusblaaie en die teksanalise dien as die navorsingsontwerp. Die empiriese data van die klaarblyklike en latente inhoud van die ingesamelde items ten opsigte van die kodeerlys word vervolgens weergegee deur besprekings, statistiese diagramme en tabelle.

Die bevindinge van die navorsing met betrekking tot die Kopenhagen klimaatsberaad, word in samehang met die navorsingsverwagtinge wat in hoofstuk vier gestel is, bespreek. Bevindinge is volgens toepaslike opskrifte ingedeel om ooreen te stem met die navorsingsvrae en koderingskategorieë. Ten slotte word die navorsing in hoofstuk sewe opgesom, en aanbevelings en voorstelle vir verdere navorsing word gemaak.

### **5.2 Kwantitatiewe ontleding van die geselekteerde koerant items**

#### 5.2.1 Inleiding

Die bevolking van die studie is *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* en die eenheid van analise is artikels. Ongeveer 299 items het gekwalifiseer vir hierdie studie oor die periode van 2 November 2009 tot 26 Februarie 2010. Die totale publikasies per maand vir November 2009 beloop 21, 22 publikasies vir Desember 2009 (geen uitgawes was gepubliseer op 25 Desember 2009 nie), 20 publikasies vir Januarie 2010 (geen uitgawes was gepubliseer op 1 Januarie 2010 nie) en 20 publikasies vir Februarie 2010.

Hierdie teksanalise ondersoek dus beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad in 83 uitgesoekte publikasies van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* wat 'n totaal van 249 publikasies lewer. Die kodering is met 'n uitgebreide kodeerlys in Microsoft Excel gedoen wat twaalf kategorieë bevat en meer gedetailleerd is as die onderstaande statistiese besprekings.

### 5.2.2 Struikelblokke

Aanvanklik het 'n totaal van 379 items gekwalifiseer, maar 80 items is geëlimineer omdat die artikels nie van toepassing was nie, in Saterdag uitgawes verskyn het of deel was van 'n nasionale bylae en dus nie aan die kriteria van alleenlik Kaapse nuusblaaie voldoen het nie. Hierdie kwalitatiewe benadering se beperkinge is bespreek in hoofstuk vier, aangesien dit nie veralgemeen kan word nie omdat die studie hoofsaaklik ondersoekend is en slegs *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* ontleed.

Die studieperiode het geskied van 2 November 2009 tot 26 Februarie 2010. Redes vir die moontlike tekort aan beriggewing tydens die studie periode is: tydens November 2009 was dit die 20-jaar herdenking van die val van die Berlynse muur; tydens Desember 2009 en Januarie 2010 het die opkomende Sokker Wêreldbeker en die aardbewing wat Haïti getref het, die nuusblaaie oorheers; en tydens Februarie 2010 het die hoër Eskom tariewe en president Zuma se twintigste kind die inhoud van die nuusblaaie gedomineer. Die internasionale impak van die ekonomiese resessie was ook deurgaans 'n fokuspunt van die nuus inhoud tydens die studie periode.



### **5.3 Statistiese beskrywings van die kodeerlys**

In hierdie afdeling word die versamelde artikels in die algeheel bespreek asook volgens elke individuele koerant (*Die Burger*, die *Cape Argus* en die *Cape Times*). Elke tabel is genommer met 'n bykomende opskrif en word gekontekstualiseer binne die tydsraamwerk van vier maande. Waar van toepassing word die statistiese inligting met toepaslike koerant aanhalings en hoofopskrifte gestaaf.

#### 5.3.1 Getal items per datum

Uit die onderstaande tabel blyk dat 'n totaal van 299 items gekwalifiseer het vir hierdie studie oor 'n vier maande periode wat klimaatsverandering en meer spesifiek die Kopenhagen klimaatsberaad bespreek het. Die *Cape Times* het 'n totaal van 122 artikels (40,8%) gepubliseer, gevolg deur *Die Burger* met 95 artikels (31,77%) en die *Cape Argus* met 82 artikels (27,42%).





Vanuit die bostaande tabel 5.3.1.2 is dit duidelik dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* al drie 'n opbloei in verslaggewing ervaar het tydens Desember 2009. Hierdie verskynsel kan toegeskryf word aan die Kopenhagen klimaatsberaad wat plaasgevind het vanaf 7 tot 18 Desember 2009. In totaal het 157 van die 299 items tydens Desember 2009 verskyn. Dit beteken dat 52,5% van die totale versamelde artikels tydens Desember verskyn het en dit kan direk gekoppel word aan die Kopenhagen klimaatsberaad.


### 5.3.1.3 Gemiddelde aantal items per dag per koerant

Die berekening van die gemiddelde aantal artikels per dag is 'n goeie maatstaf om die koerant se verbintenis tot die erns van klimaatsverandering en die Kopenhagen klimaatsberaad te meet. Die sekondêre navorsingsvraag is ook in hierdie afdeling en die volgende afdeling van toepassing van hoe dikwels en hoeveel daar oor die Kopenhagen klimaatsberaad berig word.

Aantal artikels per dag	Die Burger Nov 2009	Die Burger Des 2009	Die Burger Jan 2010	Die Burger Feb 2010	Cape Argus Nov 2009	Cape Argus Des 2009	Cape Argus Jan 2010	Cape Argus Feb 2010	Cape Times Nov 2009	Cape Times Des 2009	Cape Times Jan 2010	Cape Times Feb 2010
	27/ 21	52/ 22	10/ 20	6/ 20	22/ 21	49/ 22	2/ 20	9/ 20	33/ 2	56/ 22	15/ 20	18/ 20
	" 1	" 2.3	" 0.5	" 0.3	" 1	" 2.2	" 0.1	" 0.45	" 1.57	" 2.5	" 0.75	" 0.9

In die bostaande tabel is dit waarneembaar dat daar 'n opbloei was in beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad vir Desember 2009. Die grafieke in die twee bostaande tabelle illustreer ook dat daar in beide *Die Burger* en die *Cape Argus* 'n drastiese afplattening van klimaatsverandering verslaggewing was tydens Januarie 2010 en Februarie 2010, terwyl die afname in klimaatsverandering verslaggewing na Desember 2009 in die *Cape Times* meer geleidelik was.

### 5.3.1.4 Artikels wat eksklusief handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad



In grafiek 5.3.1.4 word die totale aantal artikels wat direk verband hou met die Kopenhagen klimaatsberaad geïllustreer. In hierdie diagram word die selfstandige foto's ('n totaal van 12) nie ingesluit nie en dit beteken dat die totaal van geselekteerde items 287 beloop.

Uit hierdie totaal van 287 items het 128 (44,67%) van die items gehandel oor die Kopenhagen klimaatsberaad. *Die Burger* het die meeste artikels geplaas – 45 (15,67%), gevolg deur die *Cape Times* met 44 artikels (15,33%) en laastens die *Cape Argus* met 39 artikels (13,58%). Hieronder volg geselekteerde aanhalings uit die artikels wat eksklusief gehandel het oor die Kopenhagen klimaatsberaad.


Elise Tempelhoff het in haar berig vir *Die Burger* van 22 Januarie 2010 geskryf dat Joanne Yawitch sê hoewel die Kopenhagen-beraad “’n tragiese mislukking” was, was dit die eerste beraad in sy soort in die moderne wêreld en is daar nog hoop dat ’n wetlike, bindende ooreenkoms einde vanjaar in Mexiko bereik sal word. John Yeld het in die *Cape Argus* op 30 November 2009 berig dat die Kopenhagen klimaatsberaad nie die finale antwoord sal wees nie, maar dat dit “a step in a process” is.

Melanie Gosling het in die *Cape Times* van 25 November 2009 berig dat Tasneem Essop genoem het dat drie feite duidelik was: “dat menslike aksies aardverhitting veroorsaak het en dat ryk lande 80% van die huidige atmosferiese kweekhuisgas vrystellingsvlakke veroorsaak het; dat armes die kwesbaarste is omdat hulle nie die geld het om aan te pas by klimaatsverandering nie; en laastens dat ’n dringende poging nodig is om die gemiddelde globale temperatuur onder ’n 2°C toename te hou om gevaarlike en weghol klimaatsverandering te verhoed”.


### 5.3.2 Prominensie van die items deur hul plasing in die koerant

Die 299 items wat vir hierdie studie gekwalifiseer het, is vervolgens individueel gekategoriseer volgens hulle bladsy plasing. Kategorie A beteken dat die item tussen bladsy 1 en 3 verskyn het, in kategorie B het die item tussen bladsy 4 en 6 verskyn, in kategorie C het die item tussen bladsy 7 en 9 verskyn en in kategorie D het die item van bladsy 10 en verder verskyn.

Hierdie vier kategorieë beteken nie dat die publiek belangrikheid aan beriggewing op 'n lineêre manier toeskryf nie, maar dat die drie Kaapse koerante deur die bladsy plasing van 'n kwessie die publiek se begrip oor die belangrikheid daarvan kan beïnvloed omdat die publiek afhanklik is van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* vir inligting.




Uit die bostaande diagram blyk dit dat die meerderheid van die 299 items geplaas is in kategorie D (40,46%). Hier is dit belangrik om daarop te let dat alhoewel die plasing van die item op 'n spesifieke bladsy 'n aanduiding is van die artikel se belangrikheid en die nuuswaardigheid wat die redakteur en uitlegspan daaraan heg, daar sekere beperkinge in hierdie verband was. Die *Cape Argus* bestaan in die algemeen uit minder bladsye as *Die Burger* en die *Cape Times*, verder is die *Cape Times* se *Business Report* bylaag uitgelaat wat die aantal beskikbare bladsye verminder het.



Vanuit grafiek 5.3.2.2 is dit duidelik dat beide *Die Burger* met 14% (42 items) en die Cape Argus met 17,7% (53 items) die meerderheid van hulle items in kategorie D geplaas het. Die *Cape Times* het egter 8,7% (26 van sy items) in kategorie D gepubliseer met die meerderheid van items wat in kategorie B met 14,7% (44 items) gepubliseer is.

### 5.3.3 Die gebruik van nuusagentskappe en buitelandse koerante




Die gebruik van eksterne bronne soos nuusagentskappe en buitelandse koerante speel 'n belangrike rol in die formulering van 'n berig. Hiervolgens illustreer diagram 5.3.3.1 dat 79 uit die 299 items verkry is van ander nuusagentskappe en buitelandse koerante. Die nuusagentskappe wissel van Reuters, SAPA, Associated Press, Bloomberg tot SAPA-AP. Die buitelandse koerante sluit onder andere *The Independent* en die *Los Angeles Times* in. 'n Totaal van 26,4% van die artikels is dus afhanklik van ander buitelandse koerante en nuusagentskappe wat beteken dat slegs 'n driekwart van die oorblywende artikels deur die koerante se aangestelde joernaliste of gas-skrywers geskryf is.

Van die bogenoemde grafiek het *Die Burger* die minste gebruik gemaak van nuusagentskappe vir 11,5% van sy items, terwyl die *Cape Argus* met 34% en die *Cape Times* met 31,9% meer gebruik gemaak het van nuusagentskappe en buitelandse koerante. *Die Burger* is daarom 'n voorloper in hierdie verband van die omgewing verslaggewingsveld omdat die meerderheid van sy artikels deur sy eie personeel geskryf is.

Dis belangrik om hier in ag te neem dat die Kopenhagen klimaatsberaad van 2009 in Kopenhagen, Denemarke, gehou is. Die ekonomiese resessie kan verduidelik hoekom alle nuusblaaie nie kon bekostig om hulle verslaggewers oorsee te stuur soos *Die Burger* vir Jorisna Bonthuys kon stuur nie. Verder kan die faktore van beskikbare ruimte en tyd verduidelik hoekom die *Cape Argus* en die *Cape Times* grotendeels op nuusagentskappe en buitelandse koerante vir inligting gesteun het.

In die volgende diagramme is foto's gekategoriseer as selfstandig, maar indien dit deur 'n nuusagentskap voorsien is, is dit gekategoriseer as "nuusagentskappe en buitelandse koerante" omdat dit die bron van die foto is.



Vanuit die bostaande diagram is dit waarneembaar dat *Die Burger* meermale sy eie verslaggewers eerder as nuusagentskappe of buitelandse koerante gebruik het. *Die Burger* het slegs in 11 van sy items (11,5%) gebruik gemaak van nuusagentskappe en buitelandse koerante.

Hieronder volg 'n aanhaling uit 'n artikel wat gebaseer is op inligting van die Bloomberg nuusagentskap wat op 14 Desember 2009 in *Die Burger* gepubliseer is: "China vra dat die VSA meer moet doen. Die VSA vra dat China meer moet doen. Terwyl Yvo de Boer hoop dat almal vir almal in die komende dae sal vra om meer te doen".





Diagram 5.3.3.3 illustreer 'n verskil tussen die *Cape Argus* en *Die Burger*. In hierdie eersgenoemde koerant was 28 van die 82 items afkomstig van nuusagentskappe of buitelandse koerante. Dit kan omgeskakel word na 34%, maar die oorgrote meerderheid van 38 artikels was steeds afkomstig van die koerant se eie verslaggewers met 46%. In die *Cape Argus* van 11 Desember 2009 het 'n artikel afkomstig van die Associated Press berig dat 'n styging van die klimaat hoër as 1,5°C daartoe sal lei dat: “we'll have to talk about issues such as relocation, compensation and migration”.




Vanuit die bostaande diagram het die *Cape Times* slegs 41 uit die 122 items geskryf gehad deur sy eie verslaggewers, met 39 van die 122 items afkomstig van nuusagentskappe of buitelandse koerante. Dit beteken dat 32% van die totale items oor die vier maande periode in die *Cape Times* afkomstig was van eksterne bronne.

'n Aanhaling uit 'n berig wat op 9 Desember 2009 gepubliseer is deur Sapa-AFP in die *Cape Times* berig dat wetenskaplikes sê dat sonder 'n ooreenkoms om die wêreld se afhanklikheid van kweekhuisgasse te verminder en te verander na groener energiebronne sal die Aarde die gevolge van “ever-rising temperatures; the extinction of plants and animals; the flooding of coastal cities; more extreme weather; more drought and the spread of diseases” in die gesig staar.




#### 5.3.4 Item Kategorieë

Die versamelde 299 items is vervolgens opgedeel in relevante kategorieë. Hierdie kategorieë sluit in: lesersbriewe, artikels, selfstandige foto's, redakteursbriewe, forum of insig artikels, en rubrieke (kolomme en onderhoude). Die bepaling van hierdie kategorieë hou direk verband met die navorsingsvraag wat wil bepaal wat die hoof kategorieë in die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad is.



Die kategorieë is 'n goeie aanduiding van die koerant se fokus en die leserspubliek op 'n gegewe tyd, wat in hierdie geval 2 November 2009 tot 26 Februarie 2010 beloop. In die bostaande grafiek 5.3.4.1 is dit duidelik dat 194 artikels (64,8%) die nuusblaai oorheers het, gevolg deur 41 lesersbriewe (13,7%) en 32 forum artikels (10,7%). Daar is 'n duidelike tekort aan insig artikels en hierdie afwesigheid kan die publiek mislei oor die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad.






Die drie bostaande diagramme illustreer die kategorisering van die onderskeie 299 items van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*. *Die Burger* se 73 artikels (76%) het gedomineer, gevolg deur 7 lesersbriewe (7,4%), 5 foto's (5,3%), 5 forum artikels (5,3%), 3 redakteursbriewe (3,1%) en 2 rubriek kolomme (2,1%).

Die *Cape Argus* se 49 artikels het met 59,7% die grootste kategorie beklee, 11 forum artikels was tweede (13,4%), gevolg deur die 10 lesersbriewe (12%), 6 foto's (7,3%), 5 rubriek kolomme (6%) en 1 redakteursbrief (1,6%).

Die *Cape Times* het 72 artikels (59%), 24 lesersbriewe (19,7%), 16 forum artikels (13,1%), 8 redakteursbriewe (6,6%), 1 foto (0,8%) en 1 rubriek kolom (0,8%). Tydens hierdie studie periode en vanuit hierdie statistiese diagramme is dit duidelik dat die *Cape Times* meer lesersbriewe, forum artikels en redakteursbriewe gepubliseer het as *Die Burger* en die *Cape Argus*.

### 5.3.5 Infografika

'n Totaal van 79 artikels was vergesel deur foto's en/of infografika wat 26% van die 299 items uitmaak soos aangedui in tabel 5.3.5.1, terwyl daar slegs 12 selfstandige foto's was, wat 4% van die artikels uitmaak. Die navorsingvraag van die inhoud van die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad is hier ter sprake.



Grafiek 5.3.5.2 dui statisties aan dat die *Cape Argus* 6 selfstandige foto's, *Die Burger* 5 en die *Cape Times* slegs 1 selfstandige foto gehad het. Dis belangrik in hierdie verband om te let dat daar steeds meer gedoen kan word om infografika te koppel aan beriggewing wat handel oor klimaatsverandering en internasionale klimaatsamesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad omdat dit 'n visuele manier is om die leser se aandag na 'n belangrike kwessie te trek.


### 5.3.6 Raam

Rame vir hierdie studie is vooraf opgestel soos bespreek in hoofstuk vier en sluit die politieke raam, ekonomiese raam, omgewingsraam, wetenskap en tegnologie raam, en menslike belangstelling raam in. Daar bestaan onenigheid tussen kundiges of rame doelbewustelik gekies word of nie, maar koerante interpreteer gereeld inligting om dit interessant, relevant en verstaanbaar te maak en dit kan lei tot 'n situasie waar die artikel op 'n sekere manier geraam word.

Die identifisering van die rame tydens die teksanalise sal help om interpretasies te maak oor die artikels en voorstelle te lewer omdat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*


die leserspubliek se begrip en mening van 'n kwessie kan beïnvloed deur die keuse van rame.

Een van die sekondêre navorsingsvrae handel oor die bepaling van die hooframe wat toegepas is tydens verslaggewing en in hierdie afdeling ter sprake is. Die rame is individueel geïdentifiseer in elke item, maar die foto's is vir hierdie bespreking uitgesluit, wat impliseer dat 287 items gekwalifiseer het vir hierdie bespreking. Toepaslike hoofopskrifte en aanhalings uit die ooreenstemmende kategorieë is gebruik waar van toepassing om te illustreer hoe die rame vasgestel is.



Uit die bostaande grafiek blyk dit dat uit die 287 items die politieke raam met 35,5% gelykstaande aan die omgewingsraam met 35,5% die meeste beklemtoon is. Die menslike belangstellingsraam is tweede meeste geïdentifiseer met 13,2%, gevolg deur die ekonomiese raam met 11,49%, en laastens die wetenskap en tegnologie raam met 4,18%.


Die gebruik van die politieke raam en omgewingsraam kan toegeskryf word aan die belangrikheid wat die joernaliste aan die Kopenhagen klimaatsberaad tydens die studieperiode geheg het. Vanuit die bostaande grafiek is dit ook duidelik dat die wetenskap en tegnologie raam steeds onderbenut is in verslaggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad.



In die bostaande diagram is dit duidelik dat die omgewingsraam die meeste geïdentifiseer is in 31 van *Die Burger* se artikels uit 'n totaal van 90, wat beteken dat dit met 34,5% gedomineer het. Die politieke raam is tweede meeste geïdentifiseer in 28 artikels (31,2%), gevolg deur die menslike belangstelling raam in 15 artikels (16,6%), die ekonomiese raam in 11 artikels (12,2%) en laastens die wetenskap en tegnologie raam in 5 artikels (5,5%).

In Erika Gibson se berig van 23 Desember 2009 is die politieke raam van toepassing omdat dit volgens Sonjica die grootste probleem was by die Kopenhagen klimaatsberaad: “dat partye hulle te veel met die prosesse besig gehou het eerder as met die inhoudelike en regsbindende bepalings”. Francois Williams het in sy artikel van 21 Desember 2009 die ekonomiese raam openbaar deur president Hugo Chavez van Venezuela se stelling dat “as die klimaat 'n bank was, was dit al lankal gered”. 'n Voorbeeld van die menslike belangstelling raam is op 14 Desember 2009 in *Die Burger* gepubliseer met die slagspreuke van betogers se plakkate by Kopenhagen soos “Demand Climate Justice”, “there is no planet B” en “change the system, not the climate”.


Hoofopskrifte wat hier ter illustrasie van die rame gebruik kan word is Philda Essop se hoofopskrif van 10 Desember 2009: “Koop liefs elektriese motors, sê Zille” wat getuig van 'n wetenskaplike raam. Elise Tempelhoff se hoofopskrif van 26 November 2009 “Droë krane Afrika se voorland” getuig van 'n omgewingsraam.



Vanuit die *Cape Argus* se 76 artikels (6 selfstandige foto's is uitgesluit) is dit duidelik dat die politieke raam met 28 artikels (36,8%) die meeste geïdentifiseer is. Die omgewingsraam is in 27 artikels geïdentifiseer (35,5%), gevolg deur die ekonomiese raam in 12 artikels (15,8%), die menslike belangstelling raam in 8 artikels (10,6%) en laastens die wetenskap en tegnologie raam in 1 artikel (1,3%) van die totale bevolking.

Aanhalings uit die toepaslike artikels hier van toepassing is in John Yeld se berig van 9 Februarie 2010 waar die omgewingsraam van toepassing is omdat hy die "tipping point" van ekosisteme bespreek waar die skade so erg sal wees dat ekosisteme sal afbreek en ophou funksioneer met katastrofiese impakte vir alle spesies wat die web uitmaak van die lewe op ons planeet. Die motivering volgens Yeld is dat die aarde nie net eenvoudig as 'n fisiese sisteem funksioneer nie waar hy sê dit is 'n: "single, closely interlinked physical and biological system".

Hoofopskrifte van toepassing is: Jeanne Viall op 9 Desember 2009 se hoofopskrif "Celebrate Mother Earth Day locally" wat 'n menslike belangstellingsraam volg; die personeel verslaggewer van 11 Desember 2009 se hoofopskrif "Zuma urged to lead Africa at Copenhagen" wat 'n politieke raam volg; en John Yeld se hoofopskrif van 9 Februarie 2010 "Nature's on the move as climate shifts" waar die artikel 'n omgewingsraam volg.



In die *Cape Times* se 121 artikels (1 selfstandige foto is vir hierdie bespreking uitgesluit) was die politieke raam in 46 artikels geïdentifiseer (38,09%) gevolg deur die omgewingsraam in 44 artikels (36,36%). Die menslike belangstellingsraam was in 15 artikels (12,39%) geïdentifiseer, gevolg deur die ekonomiese raam in 10 artikels (8,26%) en laastens die wetenskap en tegnologie raam in 6 artikels (4,9%).


Aanhalings van die ooreenstemmende artikels is gevind in Donna Bryson se berig van 17 November 2009 waar die politieke raam van toepassing is omdat sy onder andere noem dat ons nie die wetenskap kan verander nie, maar dat dit duidelik is dat ons die politiek moet verander en sy sê: “if we can’t change the politics, then we have to put our energies into changing the politicians”. In Jeremy Laurance se berig van 5 Januarie 2010 is die omgewingsraam van toepassing waar hy noem dat dramatiese veranderinge in die omgewing “major alterations trigger to human disease patterns on a scale last seen during the industrial Revolution”.

Hoofopskrifte van die *Cape Argus* wat hier van toepassing is, is Jeremy Wakeford se berig wat op 8 Desember 2009 gepubliseer is en ’n ekonomiese raam volg met die hoofopskrif “The party of unlimited consumption is over”. Die hoofopskrif “Scientists replicate temperatures that gave birth to the universe of matter instead of pure energy” van 16 Februarie 2010 deur Maggie Fox getuig van die wetenskaplike raam.


### 5.3.7 Houding

Die houding van die artikel is 'n goeie algemene aanduiding van die koerant se perspektief oor die klimaatsveranderingkwestie en meer spesifiek die Kopenhagen klimaatsberaad. Selfstandige foto's is nie vir hierdie bespreking ingesluit nie omdat foto's nie genoeg teks bevat wat die houding van die inhoud kan aandui nie.


Alhoewel die primêre navorsingsvraag vra “wat is drie uitgesoekte Kaapse koerante se houding teenoor die onlangse Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur” is dit breër as om slegs die houding van die kwantitatiewe items te meet en moet dit in die samehang met al die ander afdelings beskou word.




Uit 'n totaal van 287 artikels het die meerderheid artikels (sien die bostaande grafiek) 'n neutrale houding gevolg in 144 van die artikels (50,1%). Die positiewe houding, van aanvaarding en voordele, is tweede meeste geklassifiseer in 77 artikels (26,9%). Die negatiewe houding, wat kontroversieel of krities teenoor klimaatsverandering as 'n wetenskap of die Kopenhagen klimaatsberaad is, is in 66 artikels (23%) gevind.



Vanuit die bostaande diagram is dit duidelik dat in *Die Burger* 46 van die 90 artikels (51,1%) neutraal was, 26 artikels (28,88%) positief was en 18 artikels (20%) negatief geklassifiseer was. Die houding van Leopold Scholtz se berig van 6 Januarie 2010 is byvoorbeeld neutraal omdat hy skryf: “wat nie ontken kan word nie, is dat die klimaat aan die verander is. En dit manifesteer homself op verskillende maniere op verskillende plekke”.



Uit die bostaande diagram is dit duidelik dat 35 (46%) uit die 76 artikels van die Cape Argus as neutraal, 23 artikels (30,3%) positief en 18 artikels (23,7%) negatief geklassifiseer is. Die inhoud van Ken Irwin se brief van 9 Desember 2009 het 'n negatiewe houding openbaar waar hy antropogeniese klimaatsverandering bevraagteken waar hy sê: “ultimately it will go down in history as the greatest scientific hoax ever perpetrated”.







Die diagram illustreer dat die meerderheid van die *Cape Times* se artikels 'n neutrale houding gevolg het. Die *Cape Times* het 63 (52,06%) uit 121 artikels wat neutraal is, 30 artikels (24,8%) wat negatief is en 28 artikels (23,14%) wat positief geklassifiseer is. In Byram se berig van 9 Desember 2009 is die houding van sy berig positief waar Kumi Naidoo noem: “environmental activism offers the greatest possibility to address the security of the environment – by which I mean all forms of life – and it intersects with issues of poverty and development, human rights and governance. The struggle to avert catastrophic climate change and the struggle to global poverty are two sides of the same coin”.

### 5.3.8 Konteks

Hierdie afdeling gaan ondersoek of die inhoud van die 287 artikels 'n internasionale, Afrika, Suid-Afrika of 'n Wes-Kaapse konteks openbaar in die uitgesoekte Kopenhagen klimaatsberaad berigte. Die vertikale as van die onderstaande tabel is die totaal van die artikels en die horisontale as dui die ooreenkomstige konteks van die artikels aan.




Uit die bostaande grafiek blyk dit dat die internasionale konteks die meeste in 130 artikels (45,3%) beklemtoon is. Die Suid-Afrikaanse konteks is tweede meeste in 103 artikels (35,9%) gevind. Die Wes-Kaapse konteks was in 35 artikels (12,2%) en laastens was die Afrika konteks die heel minste beklemtoon in slegs 19 artikels (6,6%).




*Die Burger* se artikels is in die konteks van Suid-Afrika met 40 artikels (44,44%) die meeste beklemtoon, gevolg deur die internasionale konteks in 33 artikels (36,66%), die Wes-Kaapse konteks in 10 artikels (11,11%) en laastens 'n Afrika konteks in 7 artikels (7,79%).

Jorisna Bonthuys se berig van 15 Desember 2009 het 'n internasionale konteks waar sy skryf: "58 miljoen mense is reeds wêreldwyd vanjaar geraak deur altesaam 245 natuurrampe, waarvan meer as 90% weerrampe was wat deur klimaatsverandering vererger is". Marida Fitzpatrick se artikel van 23 Desember 2009 het 'n Suid-Afrikaanse konteks waar sy skryf dat Suid-Afrika al die gevolge van aardverhitting sien in "meer en erger vloede, storms, droogtes en 'n stygende seevlak. Die vraag is nie wanneer dit gaan gebeur nie, sê meneer Mnikeli Ndabambi, senior bestuurder van voorspelling by die SAWD, dit gebeur al. Die vraag is hoe gereeld en intens die vloede, storms en droogtes gaan word". Tisha Steyn se artikel van 5 November 2009 het 'n Wes-Kaapse konteks waar sy skryf: "hierdie [Suid-Kaapse] droogte dien as 'n waarskuwing van wat die toekoms, met 'n veranderende klimaat, vir Suid-Afrika se landbou kan inhou".



Vanuit diagram 5.3.8.3 het die *Cape Argus* het 39 uit die 76 artikels 'n internasionale konteks (51,31%), 25 artikels (32,9%) het 'n Suid-Afrikaanse konteks, 7 artikels (9,21%) het 'n Wes-Kaapse konteks en 5 artikels (6,58%) het 'n Afrika konteks.

In John Yeld se berig van 27 November 2009 volg die inhoud 'n internasionale konteks waar hy skryf: “the Obama administration has promised sizable reductions of US emissions “in the range of” 17 percent below 2005 levels by 2020”. Murray Williams se onderhoud met Helen Zille wat op 11 Desember 2009 gepubliseer is het 'n Wes-Kaapse konteks en dit word geïllustreer waar Zille sê dat die Wes-Kaapse ekonomie grotendeels afhanklik is van toerisme en dat ons nie kan bekostig om die omgewing te vernietig wat die besoekers bring nie omdat dit “would simply deepen poverty”.




In die *Cape Times* het 58 uit die 121 artikels 'n internasionale konteks (47,93%), 38 artikels (31,40%) het 'n Suid-Afrikaanse konteks, 18 artikels (14,87%) het 'n Wes-Kaapse konteks en laastens het 7 artikels (5,8%) 'n Afrika konteks.

Arthur Max se berig van 4 November 2009 is geklassifiseer as 'n Afrika konteks waar hy skryf: “the African countries say they are the most vulnerable to climate change yet the least responsible for the accumulations of carbon in the atmosphere that is causing global warming”. Anel Lewis se artikel van 3 Februarie 2010 beklemtoon 'n Wes-Kaapse konteks waar sy skryf dat hoër temperature “multiple implications” vir Kaapstad as 'n kusstad sal hê.

### 5.3.9 Aantal artikels van deelnemende joernaliste

In die onderstaande tabel is slegs die aantal artikels ingesluit wat geskryf is deur die koerant se joernaliste en meer spesifiek die deelnemende joernaliste van die kwalitatiewe studie. Dit kan geïnterpreteer word in 141 artikels uit die geïdentifiseerde versameling van 299 items wat omgeskakel kan word na 47% van die totaal. Die bespreking van die response wat verkry is uit die vraelyste gaan in hoofstuk ses help om op die onderstaande tabel se kolomme uit te brei.



Dit is duidelik dat *Die Burger* se oorgrote meerderheid artikels afkomstig is van die nuusblad se eie joernaliste – 'n totaal van 71,5% uit die 95 items. Jorisna Bonthuys het uit die 68 artikels wat deur *Die Burger* se joernaliste geskryf is 32 (33,7%) daarvan geskryf. Dit illustreer haar besondere bydra tot die omgewingsverslaggewing wat in *Die Burger* onderneem word.

In die *Cape Argus* is 38 (46,3%) van die 82 items deur *Cape Argus* joernaliste geskryf. Van hierdie getal items het John Yeld 10 artikels (12%) bygedra uit die totaal. In die *Cape Times* se geïdentifiseerde 122 items is 41 artikels (33,6%) geskryf deur die *Cape Times* se joernaliste. Hiervan het Melanie Gosling 14 artikels (11,5%) geskryf wat vir die studie gekwalifiseer het. Die vryskut joernalis, Leonie Joubert, het vir beide die *Cape Argus* en die *Cape Times* geskryf en 'n totaal van 13 items bygedra tot hulle bevolking. Dit kan omgeskakel kan word na 4 artikels (4,8%) vir die *Cape Argus* en 9 artikels (7,4%) vir die *Cape Times*.

## 5.4 Samevatting

Deur die bespreking van die rou kwantitatiewe data in die vorm van statistiese grafieke is die data op effektiewe maniere georganiseer ten einde primêre patrone raak te sien, temas te identifiseer, verhoudings te ontdek, verklarings te ontwikkel en interpretasies te maak. 'n Regverdigde manier van data verwerking is in hierdie hoofstuk benader om sodoende nie veranderlikes te manipuleer nie, maar slegs om te poog om hulle te meet soos wat hulle natuurlik of nominaal plaasvind (Neuendorf 2002: 49).

Die klaarblyklike en die latente inhoud van die artikels was ontleed en die resultate is volgens die primêre navorsingsvraag en die sekondêre navorsingsvrae vertolk. Vanuit die bostaande ontleding is dit duidelik dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* meermale 'n neutrale houding openbaar in hulle beriggewing wat handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad en dat daar daagliks nie genoeg berig word om die erns 'n realiteit vir die lesers te maak nie, omdat klimaatsverandering nog te veel beklemtoon (geraam) word as 'n politieke kwessie en 'n omgewingskwessie.

Dit is duidelik dat internasionale samesprekings wat handel oor klimaatsverandering meer daaglikse prominensie benodig en dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* 'n belangrike rol speel in hierdie verteenwoordiging en uitbeelding van samewerking oor klimaatsverandering. Die inhoud van hierdie nuusblaaie moet egter gekontekstualiseer word in die breër omgewing van die vier maande studie periode en dat slegs drie Kaapse koerante bespreek was. Kruisverwysings sal met kwalitatiewe data gedoen word in hoofstuk ses om bevindinge te bevestig en dit sal ook geldigheid toevoeg tot die kwantitatiewe studie.

## **6: Interpretasie van die kwalitatiewe data**

### **6.1 Inleiding**

In die vorige hoofstuk was die empiriese gegewens weergegee wat verkry is uit die teksanalise. Dit is moontlik dat die kwaliteit van data wat versamel is in die kwalitatiewe navorsingsproses deur die tekortkominge van die navorsingsmetode beïnvloed kan word en stappe om dit te beperk is bespreek in hoofstuk vier. In hierdie hoofstuk word die menings verkry vanuit die vooropgestelde vraelyste, dit word bespreek om 'n beter begrip te vorm oor die huidige situasie van nuusdekking en om uit te brei op hoofstuk vyf se kwantitatiewe bevindings.

Die vraelys response is kwalitatief omdat dit inligting weergee oor die perspektiewe van die nuusomgewing en die rol van die koerante. Die studiepopulasie is ses individue wat ingelig is oor die onderwerp van klimaatsverandering, die Kopenhagen klimaatsberaad en rampbestuur in die Wes-Kaap. Daar is twee vraelyste met gestruktureerde sowel as oop vrae voltooi, deur 'n vrywillige onderhoudproses, ten einde vir my in staat te stel om spesifieke inligting te bekom wat benodig word om die navorsingsvrae te beantwoord.

Die ses deelnemers is vrywillig betrek by die navorsing, naamlik vier joernaliste en twee klimaatsverandering kundiges, en hiernaas word die biografiese inligting bespreek van die betrokke deelnemers gevolg deur hulle response wat tematies in twee afdelings ontleed word volgens die opgestelde navorsingsvrae. Die data word aangebied in die volgorde soos wat dit in die vraelyste uiteengesit is, met die selektiewe individuele opmerkings en kommentaar van die deelnemers.

### **6.2 Onderhoude met joernaliste**

Die joernaliste waarmee onderhoude gevoer is sluit Jorisna Bonthuys (*Die Burger* se omgewing joernalis), John Yeld (*Cape Argus* se omgewing joernalis), Melanie Gosling (*Cape Times* se omgewing joernalis) en Leonie Joubert (vryskut joernalis) in. Al vier joernaliste is al bekroon met SAB se toekenning vir die omgewingsjoernalis van die jaar in nuusblaaie.

Jorisna Bonthuys is die omgewingsjoernalis by *Die Burger* en is al vir jare werksaam by hierdie koerant. Bonthuys het 'n honneursgraad in politieke wetenskap en joernalistiek (Universiteit van Stellenbosch), en 'n meestersgraad in politieke wetenskap (Universiteit van Port Elizabeth). Sy het al onder andere die Verenigde Nasies se klimaatsverandering konferensies in Bali (Indonesië), Poznan (Pole) en Kopenhagen (Denemarke) bygewoon.

John Yeld is al vir dekades die omgewing en wetenskap joernalis by die *Cape Argus*. Yeld het 'n BA honneursgraad in Engelse literatuur (Rhodes Universiteit) en hy het al verskeie technikon kursusse voltooi in onder andere ekologie.

Melanie Gosling is al vir dekades werksaam in die koerantbedryf en sy is al vanaf 1994 die omgewingsjoernalis vir die *Cape Times*. Gosling het 'n BA graad in Engels, 'n nagraads in Joernalistiek en 'n MA graad in omgewingstudies verower.

Leonie Joubert is 'n vryskutjoernalis en outeur. Joubert het 'n BA in joernalistiek en media studies (Rhodes Universiteit) en 'n meestersgraad in joernalistiek (Universiteit van Stellenbosch). Haar artikels is al onder andere gepubliseer in die *Mail&Guardian*, die *Cape Argus* en die *Cape Times*. Haar bekroonde boeke sluit in *Scorched: South Africa's changing climate*, *Boiling Point: people in a changing climate* en die mees onlangse *Invaded: the Biological Invasion of South Africa*.

Die doel van die onderhoude met hierdie joernaliste is om hulle mening oor die rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad en rampbestuur te kry. Voorts is die doel ook om insigte te kry oor die joernaliste se mening van hul verantwoordelikheid van beriggewing en uitdagings in die konteks van internasionale klimaatsverandering samesprekings.

### **6.3 Kwalitatiewe ontleding van die deelnemende joernaliste se response**

#### **6.3.1 Professionele verantwoordelikhede en opleiding**

In hierdie afdeling word die opinies van die deelnemers ingewin oor die spesifieke onderwerp areas waaroor hulle skryf, hulle opinies oor die vlak van omgewing

verslaggewing en hulle bywoning van konferensies wat handel oor klimaatsverandering. Die ingesamelde menings van die deelnemers sal help om te die navorsingsvraag te antwoord van watter kennis nodig is om te berig oor die Kopenhagen klimaatsberaad.

#### 6.3.1.1 Onderwerp area

In hierdie afdeling het die meeste van die joernaliste aangedui dat hulle hoofsaaklik betrokke is by omgewingstories. Dit komplementeer die bevindinge van afdeling 5.3.6.1 in hoofstuk vyf waar daar gevind is dat 102 uit 287 items 'n omgewingsraamwerk volg.

Jorisna Bonthuys het in hierdie verband gesê: “Ek dek hoofsaaklik omgewingstories, hoewel ek ook in produksieprosesse in die nagkantoor betrokke is. Onthou dat klimaatsverandering maar een van die tientalle onderwerpe is wat deur omgewingsjoernaliste gedek word”.

Verder het Leonie Joubert se woorde daarop gedui dat sy breër kwessies dek omdat sy ook skryf oor omgewingskwessies, maar volgens haar: “science issues more broadly. Climate change, environmental change, invasive species, food security, energy issues, and a wide number some which might fall outside of the environmental writing”.

#### 6.3.1.2 Die vlak van omgewingsverslaggewing en bywoning van konferensies

Op die vraag of die deelnemers al enige wetenskap konferensies of werksinkels vir joernaliste bygewoon het was daar ongelyke response van die deelnemers. Jorisna Bonthuys het genoem dat sy al enkele, waarvan net een spesifiek op opleiding vir omgewingsjoernaliste gefokus het, bygewoon het. Terwyl Leonie Joubert en John Yeld genoem het dat hulle al sulke konferensies bygewoon het, met Melanie Gosling wat nog geen sulke konferensies bygewoon het nie. Die deelnemers se woorde hier onder illustreer dat die vlak van omgewing verslaggewing en konferensies in Suid-Afrika en die Wes-Kaap ruimte los vir die verbetering vir die standaard van opleiding van omgewingsjoernaliste in die opkomende vakgebied van klimaatsverandering.

Jorisna Bonthuys se woorde illustreer dit waar sy noem: “so ver my kennis strek maak die opleiding van wetenskapsjoernaliste en omgewingsjoernaliste spesifiek steeds 'n baie klein onderafdeling uit van opleidingsprogramme. Ek reken dis steeds ontoereikend”.



Leonie Joubert se woorde dui ook verder op die behoefte van doelbewuste opleiding oor omgewing verslaggewing waar sy noem dat Stellenbosch Universiteit 'n meestersgraad aanbied wat fokus op wetenskaplike skrywe. Sy sê ook: “environmental writers get trained on the job. That happens in the newsroom. You start out as a general reporter and slowly work your way into that beat”.

### 6.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad van 2009

Die navorsingsvraag van die joernaliste se menings oor die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad is hier van toepassing. In hierdie afdeling word daar gekyk na die belangrikheid wat die onderskeie koerante aan die Kopenhagen klimaatsberaad geheg het en hoe dit die publiek se begrip kon beïnvloed. Die joernaliste se opinies oor die Kopenhagen Ooreenkoms en ook watter gevolge hulle dink die Kopenhagen Ooreenkoms vir rampbestuur in Suid-Afrika inhou word hier bespreek.

#### 6.3.2.1 Die Kaapse koerante se perspektief

Beide Jorisna Bonthuys en Leonie Joubert het die Kopenhagen klimaatsberaad in Denemarke bygewoon. Ten opsigte van wat belangrik was om by die Kopenhagen klimaatsberaad te dek, het die deelnemers aan die ondersoek gemeenskaplike sienings gedeel oor op watter onderwerpe daar gefokus moes word, soos hieronder aangedui.

Jorsina Bonthuys noem: “dat dit nodig was om by te bly met die wending in internasionale onderhandelings, maar nogtans daaglik met iets verteerbaar of meer toeganklik vir die leser tuis vorendag te kom (dit wil sê 'n balans tussen kantlyn-gebeure en daaglikse wendings)”.

Volgens Melanie Gosling was sleutel figure en staatshoofde se bywoning 'n goeie aanduiding van die erns van die spesifieke land se verbintenis tot die samespreking. Verder verduidelik Gosling: “the side events were important because they were a massive show of commitment from civil society, who had gathered there to show world leaders that they regarded these talks as crucial; that they wanted binding, realistic targets, and that they were going to keep the pressure up”.

Leonie Joubert se woorde stel dit so: “it was very important to follow the daily and regular press briefings. Almost every hour or every half an hour there would be a press briefing from a different negotiating party or interest group, which is very important to follow. I would say that was almost the most important thing. Then the other thing was to stay in contact with your negotiating team.

In many cases they wouldn't necessarily be able to comment on the record, but they would give us an idea of what was moving and what wasn't moving".

Die deelnemers is gevra om aan te dui hoe die publiek se begrip oor die belangrikheid beïnvloed is van die Kopenhagen klimaatsberaad deur 'n merkbare tekort aan beriggewing na Desember 2009 en die response word hieronder bespreek.

Vir Jorisna Bonthuys was "die VN-klimaatsonderhandelings deel van 'n lang proses en nie 'n enkele gebeurtenis nie wat dit moeilik maak om heeltyd op nuusagenda te hou. Weinig Suid-Afrikaanse mediahuise het verteenwoordigers daar gehad en het dus sterk gesteun op buitelandse kopie". Volgens John Yeld het die Kopenhagen klimaatsberaad bewusmaking oor die kwessie van antropogeniese klimaatsverandering verhoog en verder sê hy: "attempts to find a common accord on how to deal with it".

#### 6.3.2.2 Die Kopenhagen Ooreenkoms

Die opinies van die joernaliste oor die wydverspreide kritiek oor die Kopenhagen Ooreenkoms word in hierdie onderafdeling bespreek. Dit dui aan dat al vier deelnemende joernaliste die erns van die Ooreenkoms verstaan en dat die inhoud volgens hulle meer regsbindend en omvattend kon wees.

Jorisna Bonthuys dink die Kopenhagen Ooreenkoms was gegrond, maar sy sê: "die ooreenkoms is deur 'n handjievol lande gesluit en het min om die lyf". John Yeld komplementeer haar opinie omdat hy ook gedink het dat dit 'n "a weak and disappointing compromise" was. Melanie Gosling se woorde dui dieselfde teleurstelling aan waar sy sê "it was worth nothing really. It had no targets, no timetables, no legally binding commitments, on either mitigation or adaption. As one Non-Governmental Organisation remarked at the time, world leaders were meant to sign a deal to save the planet; instead they signed the Copenhagen Accord to save face".

Leonie Joubert se opinie in hierdie verband is interessant waar sy sê: "it showed that politics and international economic interests far outweigh the broader humanities need to respond to this crisis. That regional and bloc interests will trump environmental crises every time. It is also very interesting in that it showed a shift in global politics. It showed a very big difference and change in global geo-politics compared to ten years ago. So I think the Copenhagen Accord most significantly showed that shift in global politics and specifically that regional economic interests and political powerplays - they just completely undermined multilateral negotiations".

Verder is die opinies van die deelnemers verkry oor wat hulle dink die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad en die Kopenhagen Ooreenkoms in die konteks van Suid-Afrika is en watter impak dit sal hê op Suid-Afrikaanse rampbestuur. Hierdie afdeling se response is veral van toepassing omdat dit 'n goeie maatstaf is om die sekondêre navorsingsvraag van joernaliste se menings oor hul verantwoordelikhede in die konteks van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad en rampbestuur te bepaal.

Jorisna Bonthuys dui aan dit is besonders belangrik waar sy sê: “[dat] die verband tussen klimaatsverandering en rampbestuur plaaslik nou eers van naderby bekyk word en kry deesdae aandag van munisipaliteite in byvoorbeeld die Suid-Kaap (waar die impakte hiervan al meer tasbaar word)”.

Melanie Gosling dink dat Suid-Afrika al voor die Kopenhagen klimaatsberaad proaktief is in aanpassings tot klimaatsverandering en sy sê: “I’m not sure that the conference added to that – but it might well have done. The Western Cape government and the city of Cape Town [and Agri-Weskaap] had developed and launched climate change policies and response strategies several years ago on looking at changes that need to, [also] in agriculture in the face of a hotter, drier western part of the province, and an area with more flood events in the eastern part. The strategies of course inform disaster management”.

Leonie Joubert sê die Kopenhagen Ooreenkoms was: “an important step in a much longer process towards getting meaningful action on climate change. What I think makes the Copenhagen Accord interesting for us is that it shows how significant South Africa is in this very broad global situation. At this stage it kind of ties in with disaster management basically in terms of how good we are in science means that we will end up with the right decisions made on a policy level around disaster management. The difficulty is bridging the gap between the academics, the people who understand disaster management and the bureaucrats who make policy around disaster management”.

### 6.3.2.3 Nuusdekking oor die Kopenhagen klimaatsberaad

Die opinies is verkry van die deelnemers oor of hulle dink dat die Kopenhagen klimaatsberaad die nodige daaglikse nuusdekking ontvang het. Dit kan verbind word met

hoofstuk vyf se afdeling 5.3.1 waar dit grafies geïllustreer word dat uit die versamelde 287 items slegs 128 items eksklusief oor die Kopenhagen klimaatsberaad gehandel het.

Vir Jorisna Bonthuys is “besluite oor nuusdekking nie ‘n wetenskaplike proses nie. Dit word ingekleur deur beskikbare spasie, die nuusagenda van die dag en dikwels persoonlike voorkeure deur diegene wat die besluite hieroor neem. In Suid-Afrika, anders as in Europa, is hierdie kwessie nog nie heel bo op die politieke agenda nie”. John Yeld het geglo dat daar meer gedoen kon word in hierdie verband.

Laastens dui Leonie Joubert se woorde aan dat hierdie internasionale samespreking uitdagend is om oor te skryf waar sy sê: “it’s very easy to write about climate vulnerability when you have a hurricane or a tornado or a famine, a drought. It makes for great news coverage, it’s very visual. News tends to hang itself on those kinds of sudden events, newsworthy media events particularly when there is a lot of human drama. So that is an easy aspect to climate change to cover. What happens in climate negotiations, it all happens inside a building, it all happens in many respects behind closed doors, some of the negotiations happens in private. It’s a long turgid affair”.

### 6.3.3 Publiek se belangstelling

In die volgende afdeling word slegs die drie deelnemende koerante se joernaliste (Jorisna Bonthuys, John Yeld en Melanie Gosling) en hul sienings bespreek, terwyl die vryskutjoernalis nie kon deelneem in hierdie afdeling nie. Die betrokke seksie in die vraelys het gebruik gemaak van ‘n skaal waar die deelnemers hulle antwoorde kon aandui tussen 1 tot 4: 1 dui aan tot ‘n groot mate, 2 dit is voldoende genoeg, 3 beteken weinig of minder voldoende en 4 dui aan glad nie. Hierdie afdeling komplementeer afdeling 5.3.2 in hoofstuk vyf wat die prominensie meet van artikels deur hul bladsynommers kategorieë te bepaal, want dit is ‘n goeie maatstaf omdat dit die leserspubliek se oortuiging oor die erns van internasionale samewerking oor klimaatsverandering kan beïnvloed.

#### 6.3.3.1 Belangstelling van lesers

In hierdie verband het al drie deelnemers soortgelyke vlakke aangedui vir hulle lesers se belangstelling in klimaatsverandering en die Kopenhagen klimaatsberaad.

Jorisna Bonthuys het die belangstellingsvlakke van *Die Burger* se lesers toegeken tussen 2 en 3 omdat dit volgens haar: “wissel. Mediadekking het wel bygedra om dit van agterbladstatus tot soms voorbladstatus te verhef. Ek dink egter ‘n groot deel van die bevolking is steeds baie skepties hieroor”. John Yeld het die *Cape Argus* se lesers se belangstelling op ‘n 3 vasgestel en verder gesê “we have a broad spectrum of readers with very diverse interests. I suspect that many of them will not be concerned about climate change or will not believe that it has/will have any direct influence on their lives”. Melanie Gosling het die lesers van die *Cape Times* se belangstelling in klimaatsverandering ‘n 2 toegeken en verduidelik dit so: “we haven’t measured this in a survey and my answer is just an impression from feedback I received”.

### 6.3.3.2 Klimaatsverandering vanuit ‘n persoonlike verwysingsraamwerk

Die afdeling het probeer peil tot watter mate die deelnemers dink dat die nuusdekking bygedra het oor die afgelope dekade daartoe dat lesers klimaatsverandering vanuit ‘n persoonlike verwysingsraamwerk en as ‘n openbare kwessie beskou.

In hierdie verband het Jorisna Bonthuys aangedui dat mediadekking oor die kwessie genoegsaam bygedra het omdat sy dit tussen ‘n 2 en 3 vasgestel het. John Yeld het dit op ‘n 2 vasgestel en stel sy redes vir dit so: “I wouldn’t argue that the increased awareness has been because of political changes in South Africa and a greater exposure to the world. I would suggest that the internet has probably been mostly responsible for this, with the media contributing ‘a fair amount’ (2) as well. As explained above, I would suggest that most (but not all) people do not think/understand how it affects, or will affect, them personally”.

Melanie Gosling het die media se bydra tussen ‘n 1 en ‘n 2 vasgestel en verder genoem: “my impression is that the people with whom I have had contact over the last decade have become far more aware about climate change than they were in the 90s. If you were talking about public awareness of climate change, I would give it a 2. I would also say my impression is that the media have played a significant role in making the public aware about climate change, so I would give that a 1”.

### 6.3.3.3 Leserspubliek se klimaatsverandering behoeftes

Die deelnemers se opinies oor die mate waartoe die koerant die behoeftes van die leserspubliek in die klimaatsverandering konteks verstaan word hier bespreek.

Jorisna Bonthuys het *Die Burger* se begrip vir die leserspubliek se klimaatsverandering behoeftes tussen 'n 2 en 3 vasgestel. Volgens Bonthuys het *Die Burger*: “deesdae meestal net vier of vyf nuusblaaie en dis uiters moeilik om wetenskaplike prosesse hierin te verduidelik. Soms tree daar ook 'n versadigingspunt by lesers hieroor in. Mens weet ook nie altyd hoeveel van die onderliggende wetenskaplike bewyse en prosesse jy weer moet verduidelik in herhalende berigte nie”.

John Yeld het vir die *Cape Argus* 'n 2 toegeken en verduidelik: “part of the role of the media is ‘to educate’ and because we understand our particular target market quite well, I think it is fair to say that my work takes the public needs into account, although really in the broad sense. I think many – I’m not sure I would say most – of our readers do have a general or broad understanding of climate change which the media, including the *Cape Argus*, has helped formulate”. Melanie Gosling se indruk deur met mense in die algemeen te praat het daartoe gelei dat sy 'n 3 gee vir die *Cape Times* se lesers se “understanding of climate change”.

#### 6.3.3.4 Invloed van die Kopenhagen klimaatsberaad

Die vraag wou peil hoe die deelnemers dink die publiek se belangstelling ten opsigte van klimaatsverandering verander het na afloop van die Kopenhagen klimaatsberaad wat tydens Desember 2009 gehou is, die maand waarin daar 'n ooreenstemmende opbloei in verslaggewing was soos bevind in hoofstuk vyf afdeling 5.3.1.2.

Jorisna Bonthuys se woorde ondersteun die bevindinge in afdeling 5.3.1.2 waar sy sê: “ek dink waar daar laasjaar meer belangstelling hierin was omdat daar baie politieke momentum hieroor opgebou en verskeie belangrike wetenskaplike publikasies die lig gesien het, is mense nou bietjie vuisvoos en glo al minder dat politici en VN-prosesse werklik met 'n oplossing hieroor vorendag kan kom. Boonop was daar volop standpunte van klimaatskeptici wat die laaste tyd weer in debatte in die plaaslike media hieroor ingetree het wat die gemiddelde leser verwar”.

Uit Melanie Gosling se woorde is dit duidelik dat sy glo dat daar 'n houdingsverandering was onder lesers na afloop van die klimaatsberaad omdat sy sê: “those we were concerned about climate change, and who looked to Copenhagen as the vehicle to give the world a realistic deal as to how we would tackle global climate change effectively – both through mitigation and adaptation - became disillusioned”.

### 6.3.3.5 Afname in klimaatsverandering belangstelling

Vanuit afdeling 5.3.1.2 in hoofstuk vyf was daar 'n duidelike afplating in klimaatsverandering verslaggewing na Desember 2009. Die nuuskantoor faktore wat moontlik verantwoordelik is vir 'n afname in die leserspubliek se belangstelling van klimaatsverandering was hier geïdentifiseer deur die deelnemers se response.

Jorisna Bonthuys glo dat klimaatsverandering “nie meer so hoog op die nuusagenda is nie aangesien die plaaslike nuusagenda die afgelope paar maande opnuut deur politiek oorheers is”. John Yeld verduidelik dit so: “if anything, I would say that the lack of decision-making from the conference and the associated controversies has actually hardened or entrenched attitudes about climate change, on both sides”.

Vir Melanie Gosling was die oorsaak van 'n afname in klimaatsverandering verslaggewing die gevolg van “the failure of world leaders at Copenhagen”.

### 6.3.4 Uitdagings

Tydens die data ontleding is die uitdagings geïdentifiseer wat volgens die deelnemers die verslaggewing oor klimaatsverandering en meer spesifiek internasionale samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad verhinder of bemoeilik. Hier is die sekondêre navorsingsvraag van die uitdagings wat joernaliste ervaar in die konteks van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad veral van toepassing. 'n Belangrike faktor wat na vore gekom het vanuit hierdie bespreking is die beperkinge ten opsigte van tyd en ruimte.

#### 6.3.4.1 Verslaggewing oor internasionale samesprekings

Jorisna Bonthuys se woorde stel die uitdagings van verslaggewing oor internasionale samesprekings soos die klimaatsberaad as kompleks waar sy sê: “ [dat] dit baie moeilik is om plaaslike hoeke op stories hieroor te kry en steeds in berigte nie die internasionale konteks te verloor nie. Die samesprekings is boonop prosesgedrewe en vordering daar is inkrementeel. Daar is volop wetenskaplike terme wat uiteengesit moet word en terselfdertyd moet mens onthou dat jy vir gewone mense en nie ingeligte wetenskaplikes skryf nie. Die mens se brein is ook nie gerat om die langtermyn bedreigings wat klimaatsverandering inhou te verwerk nie omdat die

meeste mense risiko op korttermyn bedink. Die meeste politici en besluitnemers dink ook net in korttermyn-siklusse”.

John Yeld sien die uitdagings as volg: “climate change is a very broad and complex subject, and so in reporting about it, you are nearly always faced with the difficulty of trying to avoid oversimplification. I think that is the biggest problem. Also, you will probably have to try to write for an audience that includes very knowledgeable, sophisticated people and those who know very little or next to nothing about the topic. So it’s a challenge to keep all the readers interested and to give them something worthwhile for them as individuals”.

Vir Melanie Gosling is die moeilikhede om verslaggewing te lewer oor klimaatsverandering samesprekings: “finding something new to say. The second difficulty is saying it in only 450 words, and still keeping it accurate, newsy and interesting”.

Leonie Joubert glo dat dit moeilik is waar sy sê: “there are multiple ways you can look at climate change: in terms of response i.e. mitigation of cutting emissions; you can look at in terms of response i.e. adaptation so adapting to growing crops in a different climate; or you can look at in terms of just what the science says the impacts will be for your country and who those most vulnerable communities are. So that’s the main points - impact and vulnerability. One of the biggest challenges is explaining the complexity of climate science. The other very big challenge is the uncertainty factor. Scientists will say that there’s a 90% chance that we will see the following increase in temperature by the year 2050 or 2100. Unfortunately where climate science has been undermined is where people say but yes there’s a 10% change they’re wrong. And there’s a misunderstanding of what that risk and uncertainty factor is like. So that’s one of the big challenges. And then specifically with regard to conferences again it is this turgid bureaucratic affair”.

#### 6.3.4.2 Struikelblokke in verslaggewing oor klimaatsverandering

Deelnemers voel daar is faktore wat hulle verhoed om optimaal verslag te lewer oor klimaatsverandering. Die uitdaging wat die meeste genoem het wat veral bydra tot ‘n vereenvoudiging van verslaggewing oor klimaatsverandering, is ‘n tekort aan ruimte en tyd, asook die ontstaan van die klimaat skeptici beweging.

Struikelblokke en bepaalde beperkinge wat Jorisna Bonthuys op hierdie stadium identifiseer is in haar woorde: “die ekonomiese druk op nuuskantore en krimpende koerantspasie wat daartoe lei dat ons selde deesdae meer spasie aan features afstaan en nie so geredelik toegang tot spasie



in ontledingskolomme het nie. Die ongenuanseerde (en soms onverantwoordelike) beriggewing oor klimaatskeptici en die sogenaamde "climategate" debat die afgelope paar maande het ook baie bygedra hiertoe. Ek reken geen artikel is ooit ondersoekend genoeg nie, maar mens moet ook onthou wie die lesersmark is. Daar is altyd 'n gevaar dat kwessies oorvereenvoudig word (soos toenemend gebeur omdat ons al korter moet skryf) maar dit verg ook vaardigheid om ingewikkelde konsepte in eenvoudige taal aan die leser te verduidelik".

In John Yeld se woorde verhinder klimaatsverandering skeptici nie die media om akkuraat verslag te lewer oor klimaatsverandering nie, waar hy sê: "they just make the challenge more interesting and help keep us on our toes, I think. The major obstacle is lack of editorial space, and the competing demands on an environmental journalist's time from all the other issues that we also need to cover e.g. biodiversity conservation, alien vegetation, marine issues, etc".

Soos die woorde van Melanie Gosling aandui is die hoof struikelblokke: "the highly efficient and effective campaign by the oil and coal lobby to feed the public – and the media – with misinformation". Terwyl vir Leonie Joubert die grootste struikelblok die "denialist movement is. And some of the other obstacles is lack of scientific literacy".

#### 6.3.4.3 Hulpmiddels

Die opinies van die deelnemers is hier bekom oor die uitdagings in die verkryging van inligting by politici, wetenskaplikes en nie-regering organisasies (die meerderheid hulpmiddels wat aangehaal word in die versamelde beriggewing wat handel oor die Kopenhagen klimaatsberaad).

In Jorisna Bonthuys se woorde is dit: "maklik om politieke kommentaar en kommentaar van nie-regering organisasies te vind, want elkeen het 'n agenda wat uitbasuin word. Dit is veel moeiliker om wetenskaplikes te vind omdat hulle van nature versigtig is om met joernaliste te praat. Daar is ook weinig Suid-Afrikaanse klimaatspesifieke navorsing waaroor ons nog nie berig het nie".

Melanie Gosling en John Yeld het dit ook nie as 'n uitdaging ervaar om bronne te vind nie. John Yeld het egter genoem dat dit 'n probleem is dat hulle nie genoeg ruimte het nie waar hy sê: "to do justice to all the voices that are available with comment".

Vir Leonie Joubert is dit die beste manier om direk te gaan na die bron van die wetenskap waar sy sê: "when you are reporting on the specifics of the science. If you are reporting on issues that are peripheral to the science but are impacted by the science obviously, it is good to go to the

scientist, but you also want to speak to people who are maybe not in that scientific circle, but are familiar with the issue. The subject of climate change is a very very broad subject and depending on what your story is, it will determine who you end up interviewing”.

#### 6.3.4.4 Vryheid

Die deelnemers se response oor die onafhanklikheid wat hulle gegun word om hul individuele posisies uit te druk wanneer hulle verslag lewer oor klimaatsverandering en in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad word hier bespreek. Afdeling 5.3.3. in hoofstuk vyf bespreek die gebruik van nuusagentskappe en buitelandse koerante. Dit illustreer grafies dat die drie geselekteerde koerante, veral die *Cape Argus* en die *Cape Times*, meer moet steun op plaaslike verslaggewers én plaaslike bronne eerder as eksterne bronne.

Jorisna Bonthuys beskryf dat sy in nuusberigte doorgewoon rapporteer en sy sê: “my opinie en analise hoort in ontledingsartikels op die middelblad. Dit is belangrik dat mense die verskil tussen beriggewing en agtergrond-ontleding hieroor verstaan”.

John Yeld stel dit so: “if I am writing an opinion piece that is clearly marked as such, I have almost unlimited freedom. If it is a news story or feature piece, I would be expected to take a relatively neutral position and give balanced coverage. Please note that balanced coverage in this context does not mean giving equal editorial space to climate change denialists”.

Die woorde van Melanie Gosling illustreer dat sy geen persoonlike skrywersvryheid het in verslaggewing nie, waar sy sê dat: “comment and opinion have no place in reporting. I have written several leaders on the subject however, where I have, of course, expressed an opinion”.

Leonie Joubert is ‘n vryskutjoernalis en die meeste skryfwerk wat sy doen volgens haar is: “outside of that specific conference is kind of editorial and opinion so I have a fair amount of leeway to bring in my own opinion. But when I was reporting on the Copenhagen climate conference a lot of it was hard news so there wasn’t space for opinion, it had to be more objective”.

### 6.3.5 Verantwoordelikheid

Daar word spesifiek gekyk na die deelnemers se mening oor die verantwoordelikheid van hul onderskeie koerante, redakteurs en die rol van joernaliste in die konteks van klimaatsverandering en die Kopenhagen klimaatsberaad.

#### 6.3.5.1 Koerant se verantwoordelikheid

Die deelnemers se opinies oor hoe hulle hul onderskeie koerante se verantwoordelikheid beskou in terme van klimaatsverandering om persoonlike verandering by die lesers te bevorder is hier ter sprake. Dit is spesifiek geskakel aan die sekondêre navorsingsvraag van wat die joernaliste se menings is oor die rol en verantwoordelikheid van hul onderskeie koerante. Die verskillende uitbeeldings van verantwoordelikheid illustreer dat die deelnemers van mening is dat hulle koerante 'n kampvegter rol en verantwoordelikheid het in die konteks van klimaatsverandering.

Jorisna Bonthuys sê: “die media het ‘n bepaalde inligtingsrol hieroor, maar my rol is nie om as omgewingsaktivis op te tree nie”. Sy verduidelik ook verder hoekom opinie stukke wat klimaatsverandering in *Die Burger* bespreek ‘n belangrike vorm van verslaggewing is deur te sê dat sy: “dink die grootste uitdaging is om die magdom data daarbuite vir mense te interpreteer. Die leser word oorval met inligting, maar nie genoeg ontleding daarvan nie. As teks hieroor toeganklik geskryf word, sal dit die meeste lesers vervreem”.

In die woorde van John Yeld beskryf hy dat hy glo dat hy ‘n plig het: “to educate readers, or perhaps rather, to offer them an opportunity to become educated, about climate change. I wouldn’t use the word ‘improve’ – we provide information that is, or should be, useful to them as citizens because it is accurate, informative, fair, reasonably comprehensive but also concise. The responsibility to use it is theirs”.

Melanie Gosling is dit eens dat die verantwoordelikheid dieselfde is waar sy sê: “in all its coverage: to be accurate, truthful and fair, and to provide up-to-date information”.

Volgens Leonie Joubert benodig hierdie vraag ‘n filosofiese benadering soos: “what is the role of the media in society? It has a watchdog role. The media is the fourth estate. The role is to keep an eye on government and make sure that the government is acting responsibly on behalf of the people who voted that government into power. When it comes to policies around climate change,

the media has a very very big responsibility to keep an eye on government in that context. The role of media as activists is an interesting question. Does the media have a role to play as activists? If you look in the South Africa context under apartheid the media, particularly the more left-wing media, very much played the activist role. The environmental writer inadvertently becomes the defender of the environment. I think given the vast extent of the climate crisis it is very important that media does force responsible policies around climate change and does drive individual behaviour change or business behaviour change. If our society is going to survive this thing - media is one of the most effective tools for informing the public about the crisis and how to respond to the crisis. So I think my conclusion is that there is an advocacy type role”.

#### 6.3.5.2 Redakteur se verantwoordelikheid

Die onderstaande aanhalings illustreer die deelnemers se opinies oor hoe hulle die verbintenis beskou van hul redakteurs tot beriggewing oor klimaatsverandering. Twaalf redakteursbriewe (4% uit die totaal van 299 items) het in afdeling 5.3.4 in hoofstuk vyf gekwalifiseer en is van toepassing in hierdie verband omdat hierdie klein bydra die redakteurs se betrokkenheid tot die klimaatsverandering kwessie verteenwoordig.

Jorisna Bonthuys se indruk “spesifiek van Henry Jeffreys, was dat hy die politieke en ekonomiese belang daarvan toenemend besef het. Soortgelyke tendense is op die sakeblad sigbaar die afgelope paar maande”.

John Yeld is van mening dat “Chris Whitfield considers it important and worthy of reasonable editorial space”. Melanie Gosling se woorde beklemtoon ook die ander twee deelnemers se sentimente van ‘n verbonde redakteur tot klimaatsverandering omdat haar redakteur: “Alide Dasnois does not see any debate about it: she accepts that what the scientists say is true”.

#### 6.3.5.3 Joernaliste se verantwoordelikheid

Die deelnemende joernaliste se verwagtinge in die konteks om die publiek proaktief te motiveer word hier bespreek. By die deelnemers word daar neutrale betekenis geheg aan hierdie rol en bestaan daar soortgelyke menings soos geïllustreer deur die onderstaande aanhalings.

Jorisna Bonthuys stel haar rol as volg: “my plig is om verantwoordelik oor die feite en politieke besluite te rapporteer”.

Volgens Melanie Gosling is dit nie die plig van verslaggewers: “to make the public do anything. We provide information and analysis; the public makes up its mind as to what they will do with that information”.

### 6.3.6 Konteks, rame, houding en evolusie van klimaatsverandering verslaggewing

#### 6.3.6.1 Suid-Afrikaanse konteks van artikels

In afdeling 5.3.8 in hoofstuk vyf word die internasionale, Afrika, Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse konteks van die 287 items vasgestel met ‘n oorweldigende 130 items wat ‘n internasionale konteks volg. In hierdie onderafdeling is die deelnemers se opinies oor die Suid-Afrikaanse koerante en of hulle klimaatsverandering plaaslik genoeg weerspieël (in ‘n Afrika - en ‘n Suid-Afrikaanse konteks) ondersoek. Dit ondersteun die bevindinge uit afdeling 5.3.8 dat die plaaslike konteks van die artikels steeds onderbenut en onderbeklemtoon is.

Jorisna Bonthuys antwoord nee en verduidelik dat: “een rede hiervoor is dat weinig mediahuise en Afrika-joernaliste weens geldredes by die soort berade verteenwoordig word. Al die nuus daarvandaan kom van internasionale agentskappe soos Reuters wat vanuit ‘n baie Europese/Westerse hoek dinge benader. Daar is weinig koerante met voltydse omgewingsverslaggewers in die streek, nog minder wat baie op klimaatsverandering fokus”.

John Yeld se woorde illustreer ook dat hy sal wil sien dat daar meer klimaatsverandering verslaggewing is: “although I understand space constraints on newspapers like mine. I think the balance that there currently is in terms of South African and African relevance versus the ‘big picture’ and overseas copy is probably fair. I think it is important to first attract the interest of readers to the subject, and then to go to the particular local (African/South African) relevance of the issue. It is often easier to do this via more dramatic pictures and/or copy – for example, the break-up of the ice sheets or the lack of Arctic summer sea ice and the impact on polar bears – and then bring the subject around to a more local or regional context”.

Melanie Gosling lewer nie haar opinie in die konteks van die res van Afrika nie, maar sy sê: “a lot more could be written about it, but I think the reason it is not, is what I referred to in an earlier question, is that it is difficult to come up with new angles”.

Leonie Joubert is dit eens met die ander deelnemers en stel dit so: "I would say probably not. So much of the climate stories we've had over the past decade has been from the northern hemisphere and frankly a South African living in the Karoo does not identify with the melting glacier in Tanzania".

#### 6.3.6.2 Rame van die artikels

Uit die 287 items is die meerderheid geraam in die konteks van 'n politieke- of omgewingskwessie soos bewys in afdeling 5.3.6 in hoofstuk vyf, alhoewel klimaatsverandering 'n toenemende sosio-ekonomiese impak het. In hierdie afdeling word die deelnemers se opinies ondersoek of hulle van mening is dat klimaatsverandering daarom gekategoriseer word as 'n omgewingskwessie in hul onderskeie koerante en of die sosio-ekonomiese impak of gesondheidsimpak deur iemand anders as die omgewing joernalis gedek sal word.

In Jorisna Bonthuys se woorde: "skryf ek meestal daarvoor omdat ek 'n persoonlike belangstelling in die onderwerp het. Ek dink egter dit is belangrik om die kwessie in elke aspek van beriggewing in te bou en deel daarom graag stories hieroor met ons mediese en ekonomiese redaksie. Klimaatsverandering is lankal nie 'n groen kwessie nie. Ek stem saam dat dit al meer van 'n sosio-ekonomie impak het – dit is egter baie moeilik om 'n gesig aan klimaatsverandering te koppel omdat baie min van die navorsing plaaslik nog gemeenskapspesifiek is en daar weinig van die projekte hier is waaroor ons nog nie geskryf het nie".

Melanie Gosling se woorde bewys dat sy nie kan voorspel: "how it will be covered, but I imagine as the effects become more obvious, so the issue will be increasingly covered by a range of writers. I would say I doubt there is a *Cape Times* attitude. My attitude is, as I have said earlier, that it was a failure".

#### 6.3.6.3 Houding

Die menings van die deelnemers word hier beskou in konteks van die koerant se houding teenoor die onlangse Kopenhagen klimaatsberaad. Dit word veral in diepte grafies geïllustreer in afdeling 5.3.7 van hoofstuk vyf, maar moet in die totaliteit van die hele hoofstuk beskou word.

Jorisna Bonthuys sê: “ek reken my koerant het dit taamlik ernstig opgeneem. Ons het meer dekking daaraan afgestaan as ons susterpublikasies en ook verskeie van die Engelse mediahuise”.

#### 6.3.6.4 Evolusie van klimaatsverandering verslaggewing

Hiernaas word die deelnemers se response bespreek oor hoe hulle dink dat nuusdekking oor klimaatsverandering in die afgelope paar jaar geleidelik verander het, asook wat hulle opinie is oor die kwaliteit en aantal van omgewingsverslaggewing in die Suid-Afrikaanse media.

Jorisna Bonthuys se woorde illustreer dat klimaatsverandering verslaggewing internasionaal verhef is: “van agterblad tot voorbladstatus. Plaaslik het dekking hieroor ook toegeneem en verdiep en wat tekenend is is dat daar al minder hierna as ‘n omgewingskwessie gekyk word. Die sakeblaaie en –publikasies sien toenemend die ekonomiese en politieke onderstrominge hiervan raak”.

Verder wissel die kwaliteit van verslaggewing vir Jorisna Bonthuys van “plek-plek uitstekend tot oor die algemeen gemiddeld. Die groter konteks hiervan moet ook begryp word – daar is geen enkele koerant in Suid-Afrika wat ‘n wetenskapsredakteur het nie en beriggewing hieroor geskied meestal net deur ‘n handjievol joernaliste wat dit persoonlik op die nuusagenda moet hou. Ek dink radiodekking oor die onderwerp is baie ontoereikend”.

Volgens John Yeld het nuusdekking meer geword en hy sê: “with (generally) high quality coverage”. Oor die kwaliteit van verslaggewing stel John Yeld dit so: “I think the overall quality is good as there are a number of senior, experienced and knowledgeable journalists writing about issues. But I believe that the editors in general could devote more space and – particularly – prominence to environmental issues/stories”.

Melanie Gosling se woorde dui aan dat sy ook glo dat die publiek se begrip toegeneem het oor die kwessie waar sy sê: “we have to do less explaining of the obvious”. Melanie Gosling lewer kommentaar oor die kwaliteit van verslaggewing slegs uit die konteks van haar eie publikasies en sê dat “the *Cape Times*, *Argus*, *Die Burger*, *Beeld* and *Mercury* all have good environmental reporting. It does not appear that TV and radio carry much”.

### 6.3.7 Veranderinge en voorstelle

#### 6.3.7.1 Onderwerpe

Vervolgens word die deelnemers se opinies bespreek waar hulle voorstelle gegee het oor onderwerpe in terme van klimaatsverandering wat hulle dink meer aandag benodig.

In hierdie verband is Jorisna Bonthuys van mening dat “die ekonomiese impak hiervan, asook die potensiële politieke handelsgevolge van koolstofheffings en handelsbepenkings tussen lande in 'n veranderende geopolitieke bestel word nog heeltemal onderspeel. Daar word ook nie genoeg oor nuwe navorsing geskryf nie”.

John Yeld sê hy sal graag meer fokus wil sien op: “marine issues, which are probably underplayed”. Melanie Gosling sonder nie net een onderwerp uit nie en is van mening dat al die onderwerpe meer aandag benodig.

Leonie Joubert stel die huidige stand van onderwerpe so: “I think that mitigation gets a lot of attention. I think adaptation doesn't get enough coverage. And also we need a lot more reporting about microlevel impact and responses”.

Die deelnemers se response oor in watter aspek van die nuusdekking oor klimaatsverandering die deelnemers graag 'n verandering sal wil sien om die publiek te help om die erns van klimaatsverandering en internasionale klimaatsverandering samesprekings te verstaan, volg.

John Yeld wat nie persoonlik die Kopenhagen klimaatsberaad bygewoon het nie noem: “the media houses should devote more resources to sending their own journalists to such conferences, as this would result in more stories/features about these conferences being used in the newspapers”.

Melanie Gosling is van mening daar is niks verkeerd met die dekking nie: “there is a lot wrong with the outcomes of these talk shops”.

In Leonie Joubert se woorde is die nuusdekking oor klimaatsverandering: “multiple messages for multiple audiences. And how you change or tweak the message depends on who your audience



is. I think it is useful to have an informed public, but I do not think that is what is necessary. I think the biggest change will come from government and business”.

#### 6.3.7.2 Dialoog tussen joernaliste en wetenskaplikes

Daar was ‘n merkwaardige tekort aan artikels met ‘n wetenskaplike en tegnologiese raam soos bewys in afdeling 5.3.6 in hoofstuk vyf. Die doel van hierdie onderafdeling is om te sien watter veranderinge die deelnemers dink die dialoog tussen die wetenskaplikes en joernaliste kan verbeter. Die onderstaande aanhalings dui aan dat die joernaliste hulle rol in die groter konteks van samewerking met wetenskaplikes sien.

Jorisna Bonthuys beantwoord dat daar: “beslis meer die menslike aspek van klimaatsverandering se impak moet uitbeeld asook verandering wat vir plaaslike bedrywe (byvoorbeeld rooibos, wyn, waterverskaffing) voorspel word om dit nader aan die leser se leefruimte te bring. Terselfdertyd sal daar ook meer stories wat na die internasionale prentjie kyk, gedoen moet word”.

John Yeld se woorde dui op ‘n behoefte omdat hy meer interaksie sal wil sien tussen: “scientists and the senior editors of the media e.g. through the South Africa national editors forum. I think the interaction between reporting level and scientists is fair, although this could also improve through dedicated forums”.

Melanie Gosling se woorde komplementeer John Yeld se mening omdat sy ook graag wil sien: “scientists and some writers put out a climate change for dummies guide, that journalists can use”.

Leonie Joubert is van mening dat daar ‘n aantal elemente benodig word om die dialoog te verbeter tussen wetenskaplikes en die media waar sy sê: “good communication- how that happens is open to debate. I think for that reason newsgroups still look at it as an environmental issue. It’s much much bigger than the environment- it touches on politics, it touches on economics, it touches on municipal management, it touches on the transport sector, it touches on mining. So it’s almost like, dare I say, that every single journalist in the newsroom needs to understand what climate change means for their beat. It’s a mega-trend issue. It’s gonna change the way everything gets done”.

## **6.4 Kwalitatiewe ontleding van die deelnemende klimaat kundiges se response**

In hierdie gedeelte van die studie is daar twee uiteenlopende individue gekontak vir onderhoud. Doktor Gina Ziervogel is 'n wetenskaplike en Jackson Rikhotso is 'n rampbestuurder, maar albei deel 'n gemeenskaplike belangstelling in die klimaatsverandering veld.

Doktor Gina Ziervogel het 'n BSc (Universiteit van Kaapstad), Honneurs (Rhodes Universiteit) en DPhil (Oxford Universiteit). Sy is tans werksaam as 'n dosent by die Universiteit van Kaapstad se Departement van Omgewing en Geografiese Wetenskap (EGS). Doktor Ziervogel se navorsing belangstelling sluit onder andere kwesbaarheid en klimaatsverandering aanpassings; en die integrasie van klimaatsinligting in beplanning en hulpbronbestuur in.

Jackson Rikhotso se akademiese kwalifikasies sluit 'n MBA en 'n professionele diploma in bestuur in. Hy is tans besig met 'n meestersgraad in rampbestuur (Universiteit van die Vrystaat). Hy is die adjunkbestuurder van gereedheid by die Wes-Kaap se Provinsiale Rampbestuur Sentrum (PDMC) en van sy verantwoordelikhede sluit in: die ontwikkeling en implementering van beleide en strategieë van die PDMC; die koördinerings van die ontwikkeling van rampbestuur planne; en ramp simulasië oefeninge.

### 6.4.1. Agtergrond van die organisasie/departement

#### 6.4.1.1 Departementele betrokkenheid by ramp risiko bestuur

Doktor Ziervogel het hier aangedui dat sy nie direk betrokke is by ramp risiko bestuur nie, maar sy sê: "I am involved in some teaching linked to DRS. We have a 2 week winter school focusing on climate change adaptation. We have also run courses for municipal managers (1 – 2 days) and have run a winter school on climate change".

Jackson Rikhotso is uiteraard betrokke by ramp risiko bestuur en hy stel dit so: "I am responsible for the establishment of an integrated provincial and municipal institutional capacity for disaster management e.g. policies, Disaster Management Centres, annual reports". Verder het hy aangedui dat die "Provincial Government of the Western Cape has developed a Climate Change Strategy which addresses activities that each individual, communities and organisations can do to

minimise, reduce, respond and recover from the impact of climate change related disasters. Climate Change workshops have and are still being conducted in the various departments/ municipalities. These workshops are also attended by academic and research institutions”.

#### 6.4.1.2 Professionele betrokkenheid by klimaatsverandering

Doktor Ziervogel het aangedui dat sy al by ‘n aantal projekte betrokke was wat verband hou met klimaatsverandering en sy noem verder: “I have done assessments for Rockefeller foundation on how climate change scenarios are used in agricultural development in Africa, for Oxfam on the links between DRS and climate change adaptation in Malawi, Zambia and Mozambique. I have also worked on projects looking at the use of climate information in municipalities in South Africa”.

Jackson Rikhotso is betrokke in die sin dat hy verantwoordelik is: “for ensuring that Government prepares disaster management plans of which climate change is part. All plans must depict or address: roles and responsibilities, early warning, risk reduction (prevention, mitigation and preparedness, response and recovery activities)”.

#### 6.4.2 Rol van koerante

Die afdeling kan verbind word met die sekondêre navorsingsvraag om klimaatsverandering kundiges se menings te verkry oor die rol van die Suid-Afrikaanse koerante in die konteks van klimaatsverandering en meer spesifiek die Kopenhagen klimaatsberaad.

##### 6.4.2.1 Verantwoordelikheid van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*

Hiernaas word aanhalings van die twee deelnemers gebruik om hulle menings te illustreer oor die verantwoordelikheid, struikelblokke en voorstelle vir die verbetering van nuusblaaie in die konteks van klimaatsverandering

Doktor Ziervogel is van die mening dat: “to speak to the scientists to ensure that the message is clearly communicated and represents the science well so that the public does not get conflicting messages. It is a complex topic that requires an understanding of science, politics, including international negotiations; it links to development and clarity in communication. There needs to be more explanation of the challenges with the science and communicating uncertainty”.

Jackson Rikhotso deel doktor Ziervogel se sentimente waar hy sê: “the media should in its coverage link the past, present and future climate behaviour with current human behaviour. Obstacles include limited understanding, apathy, and confusing climate change with poverty. Emphasis should be put on the balance between economic, social and environmental sustainability as a way of preventing and reducing climatic disasters”.

### 6.4.3 Die Kopenhagen klimaatsberaad

Die woorde van die deelnemers word in hierdie afdeling gebruik om hulle opinies aan te dui oor die invloed van die Suid-Afrikaanse nuusblaaie op die publiek se begrip van die Kopenhagen klimaatsberaad, hul professionele opinies oor die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur, die implikasies van die Kopenhagen Ooreenkoms en Suid-Afrika se betrokkenheid as 'n lidland wat dit gehelp het om dit te kontekstualiseer.

#### 6.4.3.1 Koerante se invloed

In Jackson Rikhotso se woorde was daar 'n toename in: “TV and print media coverage during the conference and later dissipated in the media” wat gelei het tot 'n afname in die publiek se bewustheid oor die erns van die beraad.

#### 6.4.3.2 Die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur

Jackson Rikhotso is van mening dat dit die Kopenhagen klimaatsberaad geïntegreer moet word in “disaster risk management and development in order to ensure sustainable development that meets the needs of the current and not compromising the needs of the future generations”.

#### 6.4.3.3 Die Kopenhagen Ooreenkoms

Doktor Ziervogel se woorde dui aan dat sy van mening is dat die Kopenhagen Ooreenkoms nie die nodige kwessies gedek het nie omdat dit moeilik is om te sien hoe “development issues getting the attention they deserve. Rather it seems to be about powerful nations keeping their interests met”.

Jackson Rikhotso is oortuig dat die Kopenhagen Ooreenkoms “global political leadership, commitment and implementation of the resolutions by countries indicate. Climate change is an

international problem and the implication for South Africa will be funding for changing methods of carrying out development, implementation and convincing other countries to do likewise”.

#### 6.4.4 Klimaatsverandering

Hiernaas word die twee deelnemers se opinies oor die realiteit en die risiko's van klimaatsverandering geïllustreer om te bewys dat hulle oortuig is van hierdie fenomeen as 'n toenemende bedreiging en wesenlike gevaar.

In Doktor Ziervogel se woorde: “the climate is changing rapidly and we need to curb emissions to start having any effect. We are already committed to warming because of the existing emissions in the atmosphere. We will start to see more extreme impacts and so we need to be creative about how we support adaptation”. Volgens Jackson Rikhotso is: “current development suicidal”.

#### **6.5. Samevatting**

Koerante is 'n heersende bron van inligting in Suid-Afrika vir die leserspubliek en besluitnemers, en die verteenwoordiging van 'n kwessie soos die onlangse Kopenhagen klimaatsberaad het 'n opvallende invloed op die publiek se begrip en oortuiging van die erns daarvan (Hellmuth *et al* 2007: 92). Dit is moeilik en amper onmoontlik om 'n fenomeen aan te pak wanneer die omvang en invloed daarvan nie direk ervaar kan word nie, en indien die samelewing nie bewus is van die realiteit nie is hulle minder gemotiveerd om iets daaromtrent te doen. In hierdie hoofstuk is daar vasgestel dat beide groepe van die deelnemende joernaliste en klimaat kundiges vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* 'n groter kampvegter rol sien in die konteks van klimaatsverandering.

Gedurende die onderhoude het dit aan die lig gekom dat die beperkinge van tyd en ruimte sterk na vore getree as twee uitdagings wat omvattende nuusdekking van klimaatsverandering verhoed. Verder dra verslaggewing oor die komplekse wetenskaplike onsekerheid daartoe by om die leserspubliek se bewustheid oor die realiteit van klimaatsverandering te affekteer. Hierdie uitdagings beperk dus die hoeveelheid akkurate kennis wat oorgedra kan word na die leserspubliek, wat hulle oordele en motivering oor die erns van die Kopenhagen Ooreenkoms in die konteks van rampbestuur oor die langtermyn beïnvloed.

Voordat daar aanbeweeg word na die finale hoofstuk is dit belangrik om daarop te let dat al die deelnemers voorstelle gehad het oor hoe die rol van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* uitgebrei kan word soos dit blyk uit die bespreking van die ingesamelde response van die deelnemers. Die opinies van beide groepe deelnemers het aangedui dat hulle glo in die wesenlike gevaar van klimaatsverandering en die gevolge wat dit tesame met die Kopenhagen Ooreenkoms vir rampbestuur inhou, en dat dit meer gereeld in 'n plaaslike konteks vir koerantlesers gekontekstualiseer moet word.

Die triangulasie van die data in hoofstuk vyf en hoofstuk ses het dit moontlik gemaak om die versamelde artikels met die menings van die joernaliste en klimaat kundiges te vergelyk om sodoende die navorsingsvrae oor die Kopenhagen klimaatsberaad te beantwoord in 'n groter geheel. Ten slotte in hoofstuk sewe volg 'n kritiese samevatting van die studie se bevindinge om deurlopend tot nuwe insigte te kom en voorstelle vir verdere navorsing te maak.

## 7. Gevolgtrekking en voorstelle

### 7.1 Inleiding

Die Kopenhagen samesprekings het gehandel oor die vuurwarm kwessie van klimaatsverandering en het geëindig sonder 'n ambisieuse of wettige verdrag. Hierdie beskrywende studie is onderneem met die doel om die primêre navorsingsvraag te beantwoord oor wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se amptelike houding en konstruksie is teenoor die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur (omdat temperatuurstygings ernstige uitdagings en risiko's vir rampbestuur bied), asook om joernaliste en klimaat kundiges oor die rol van nuusblaaie te raadpleeg.

In die voorafgaande hoofstuk vyf en hoofstuk ses is die empiriese resultate bespreek, wat daarop gemik is om die interne en eksterne faktore te bestudeer wat bygedra het tot die Kopenhagen klimaatsberaad se uitbeelding in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times*. Die kwantitatiewe teksanalise met statistiese resultate en die kwalitatiewe onderhoude van beskrywende insigte is gekombineer om sodoende 'n beter begrip te bekom oor die navorsingsvrae.

Nuusdekking speel 'n belangrike rol in die verhouding tussen nuusblaaie en die leserspubliek omdat koerante se inhoud verteenwoordig wat belangrik is. Hierdie inligting is dus krities in die vorming van die publiek se begrip oor 'n gebeurtenis soos klimaatsverandering. In die onderhawige hoofstuk word die hoofbevindinge van die navorsingsvrae saamgevat om die patrone en gevolgtrekkings te bespreek. Die tekortkominge van die navorsingstudie sowel as die voorstelle vir toekomstige navorsing gaan ook bespreek word.

### 7.2 Bevindinge bekom deur triangulasie

Die gekose gemengde-metode is relevant tot die studie. Die inhoud van die nuusblaaie en die teksanalise dien as die hoof navorsingsontwerp om die klaarblyklike en latente inhoud van die ingesamelde 299 items te bepaal. Die kwalitatiewe data-insamelingsmetodes behels semi-gestruktureerde vraelyste en onderhoude met

joernaliste en met betrokke kundiges in beide die rampbestuur en klimaatsverandering veld in die Wes-Kaap. Die onderhoude lewer in-diepte inligting waarop kwalitatiewe interpretasies van die kwantitatiewe navorsing gebaseer gaan word. Bevindinge is hiernaas volgens toepaslike opskrifte ingedeel om ooreen te stem met die navorsingsvrae.

### 7.2.1 Wat is drie uitgesoekte Kaapse koerante se houding teenoor die onlangse Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering in die konteks van rampbestuur?

Die resultate van hierdie vraag is breër as om slegs die houding van die kwantitatiewe items te meet en moet in samehang met al die ander empiriese data beskou word. Uit 'n totaal van 287 geskrewe items het die meerderheid artikels in afdeling 5.3.7 in hoofstuk vyf 'n neutrale (onbetwisbaar) houding gevolg, in 144 van die items (50,1%).

Voortvloeiend uit die kwantitatiewe data het *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* meer dikwels 'n neutrale houding openbaar tydens die vier maande studie periode in hulle beriggewing wat handel oor die Kopenhagen konferensie oor klimaatsverandering. Dit impliseer dat daar in die algemeen nie genoeg berig word oor die erns van internasionale samewerking oor klimaatsverandering en die volhoubare oplossings om dit 'n realiteit te maak vir die lesers nie. Klimaatsverandering word nog te veel beklemtoon (geraam) as 'n politieke kwessie en 'n omgewingskwessie soos later bespreek gaan word.

Die verhouding tussen die drie veranderlikes van koerante, joernaliste en klimaatsverandering kundiges is die draaipunt waarop die antwoord tot die navorsingsvraag afhang en bepaal ook hoe koerante waarde heg aan die Kopenhagen klimaatsberaad. Die informele waarneming is dat hoe die begrip van die klimaatsvraag verstaan word in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* van kardinale belang is beide vir toeganklike inligting en hoe die algemene leserspubliek klimaatsverandering as 'n wesenlike gevaar beskou. Dit is duidelik dat beriggewing oor klimaatsverandering meer prominensie en 'n positiewe houding van volhoubare oplossings benodig in die algemeen. *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* kan 'n belangriker rol in die verteenwoordiging en uitbeelding van internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad speel.



### 7.2.2 Hoeveel en hoe dikwels word daar oor die Kopenhagen klimaatsberaad in Kaapse koerante berig?

In die kwalitatiewe teksanalise het daar uit die 287 geskrewe items 128 (44.67%) van die items eksklusief gehandel oor die Kopenhagen klimaatsberaad. Die *Cape Times* het 'n totaal van 122 artikels (40,8%) gepubliseer, gevolg deur *Die Burger* met 95 artikels (31,77%) en die *Cape Argus* met 82 artikels (27,42%). Ten aansien van grafiek 5.3.1.2 in hoofstuk vyf is dit duidelik dat al drie Kaapse koerante 'n opbloei in verslaggewing ervaar het tydens Desember 2009.

Vanuit afdeling 5.3.1.2 was daar 'n duidelike afplatting in klimaatsverandering verslaggewing ná Desember 2009. Die nuuskantoor faktore wat moontlik verantwoordelik is vir 'n afname in die leserspubliek se belangstelling van klimaatsverandering is hier geïdentifiseer deur Jorisna Bonthuys waar sy sê dat: “mediahuise en Afrika-joernaliste weens geldredes nie genoegsaam by die soort berade verteenwoordig word nie”, nuusbronne is steeds te afhanklik van internasionale nuusagentskappe, en min koerante het voltydse omgewingsverslaggewers wat baie op klimaatsverandering fokus. Tans word die nuus oorheers deur die politiek; en die algehele tekort aan besluitneming van die Kopenhagen klimaatsberaad, tesame met die standpunte van klimaatskeptici, verwar die gemiddelde leser.

### 7.2.3 Wat is die hoofraam van beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?

Soos bespreek in hoofstuk vier is die raam vir hierdie studie vooraf opgestel. Uit afdeling 5.3.6 se grafieke blyk dit dat uit die 287 items die meerderheid van die artikels geraam word in die konteks van 'n politieke kwessie of omgewingskwessie. Die verskynsel van die gebruik van die politieke raam en omgewingsraam kan toegeskryf word aan die belangrikheid wat die joernaliste daaraan heg, veral ook omdat die Kopenhagen klimaatsberaad tydens die studieperiode plaasgevind het.

Vanuit die statistiese resultate in hoofstuk vyf is dit duidelik dat die wetenskap en tegnologie raam steeds onderbenut en as 'n laer prioriteit in beriggewing oor klimaatsverandering beskou word. Dit het na vore gekom dat dit belangrik is om die

klimaatsverandering kwessie in elke aspek van beriggewing in te bou omdat dit lankal nie meer net 'n "groen" kwessie is nie.

#### 7.2.4 Hoe lyk die inhoud en wat is die hoof kategorieë van die beriggewing oor die Kopenhagen klimaatsberaad?

Die kategorieë en konteks is ook 'n goeie aanduiding van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se fokus en die leserspubliek op 'n gegewe tyd. Die duidelike tekort aan insig artikels kan die leserspubliek mislei oor die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad.

In afdeling 5.3.8 in hoofstuk vyf word die internasionale, Afrika, Suid-Afrikaanse en Wes-Kaapse konteks van die 287 items vasgestel met 'n oorweldigende 130 artikels wat 'n internasionale konteks volg. Die voorafgaande empiriese resultate bevestig dus dat klimaatsverandering nie plaaslik genoeg weerspieël word nie, en dat dit steeds onderbenut en onderbeklemtoon is in die drie Kaapse koerante.

#### 7.2.5 Watter kennis is nodig om te berig oor die Kopenhagen klimaatsberaad?

Die vier deelnemende joernaliste se menings oor hul professionele opleiding, onderwerp area en beskikbare konferensies dui aan dat daar in die Wes-Kaap ruimte is vir die verbetering van die standaard van opleiding van omgewingsjoernaliste. Deelnemers is ook van mening dat hulle koerante 'n kampvegter rol kan speel en as opvoeder moet optree deur die leserspubliek die geleentheid te bied om meer te leer oor klimaatsverandering en internasionale samewerking oor klimaatsverandering. Daarom kan *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* as effektiewe middels gebruik word om die leserspubliek in te lig oor klimaatsverandering en ramprisiko in die vorm van verantwoordelike gedrag.

#### 7.2.6 Wat is die joernaliste se mening oor die beriggewing van die Kopenhagen klimaatsberaad?

Verder is van die deelnemers van mening dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* ook 'n waghond rol oor die regering het omdat koerante verantwoordelike beleide

oor klimaatsverandering asook individuele houdingsverandering en besigheidsverandering dryf. Vir die inligting van internasionale klimaatsverandering samesprekings om bruikbaar te wees moet dit akkuraat, tydig, regverdig, leersaam en redelik verstaanbaar wees (Hellmuth *et al* 2007: 92).

Ten opsigte van wat belangrik was om by die Kopenhagen klimaatsberaad te dek, het die deelnemers aan die ondersoek gemeenskaplike sienings gedeel oor op watter onderwerpe daar gefokus moes word. Hierdie onderwerpe sluit in: om op hoogte te bly met die wending in internasionale onderhandelings; sleutel figure en staatshoofde se bywoning te volg; kantlyn gebeurtenisse te volg; op hoogte te bly met die daaglikse en gereelde persverslae; en om in kontak te bly met Suid-Afrika se onderhandelingspan.

#### 7.2.7 Wat is die joernaliste se mening van hulle koerante en hulle persoonlike verantwoordelikheid in die konteks van die Kopenhagen klimaatsberaad?

Die deelnemende joernaliste aan die kwalitatiewe studie het 141 artikels uit die geïdentifiseerde totaal van 299 items bygedra wat omgeskakel kan word na 47%. Hierdie groot persentasie kan gemotiveer word deur dat daar baie politieke momentum hieroor opgebou het, en omdat die leserspubliek graag 'n oplossing wou sien waarmee die politici en die Verenigde Nasie-prosesse vorendag kon kom.

Die deelnemers is bewus van die belangrike impak wat die Kopenhagen Ooreenkoms inhou vir die proses van rampbestuur in Suid-Afrika. Volgens al die deelnemende joernaliste word die plaaslike verband tussen klimaatsverandering en rampbestuur nou eers van naderby bekyk waar dit byvoorbeeld deesdae meer aandag by munisipaliteite kry. Die strategieë wat gevolglik geïmplementeer moet word lig rampbestuur in, maar dis ook 'n belangrike stap in 'n langer proses om betekenisvolle aksie en beleidsvorming oor internasionale klimaatsverandering samespreking te bekom.

Die deelnemende joernaliste se verwagtinge in die konteks om die leserspubliek proaktief te motiveer is neutraal, omdat hulle hul rol as die verantwoordelike oordrag van feite en politieke besluite beskou. Hulle beskou nie noodwendig hulle rol om die publiek te oorreed om iets te doen nie, omdat die leserspubliek self moet besluit wat hulle met die inligting wil doen.

### 7.2.8 Watter uitdagings word deur joernaliste ervaar in beriggewing oor internasionale klimaatsverandering samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad?

Deur middel van 'n literatuurstudie en die response van joernaliste wat vrywillig deelgeneem het aan die ondersoek, is verskeie uitdagings geïdentifiseer wat volgens die deelnemers die optimale verslaggewing oor klimaatsverandering en meer spesifiek internasionale samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad verhinder of bemoeilik. 'n Belangrike faktor wat na vore gekom het vanuit hierdie bespreking, is die beperkinge wat veroorsaak word deur kommersiële nuuswaardes (groter fokus op rampe); en 'n tekort aan opleiding, tyd en ruimte wat veral bydra tot 'n vereenvoudiging van beriggewing oor klimaatsverandering.

Die kompleksiteit van die wetenskap, die ingewikkelde wetenskaplike terminologie, die inherente onsekerheid van die wetenskap, en die ontstaan van die klimaat skeptici beweging en die sogenaamde "climategate" debat die afgelope paar maande het ook baie bygedra hiertoe. Die langtermyn bedreigings wat klimaatsverandering inhou, is ook 'n struikelblok om oor verslag te lewer, omdat die meeste mense (politici en besluitnemers ingesluit) risiko op korttermyn bedink.

Wat verslaggewing oor internasionale samesprekings soos die Kopenhagen klimaatsberaad bemoeilik is dat die Verenigde Nasies se klimaatsonderhandelings deel was van 'n lang proses en nie 'n enkele gebeurtenis nie, wat dit moeilik maak om dit heelyd op 'n nuusagenda te hou. Volgens Leonie Joubert "it's very easy to write about climate vulnerability when you have a hurricane. It makes for great news coverage, it's very visual. What happens in climate negotiations, it all happens inside a building. It's a long turgid affair".

Terselfdertyd is dit 'n uitdaging om beide die ingeligte en oningeligte leserspubliek geïnteresseerd te hou omdat die vlakke van wetenskaplike geletterdheid verskil van leser tot leser. Dis belangrik om 'n versadigingspunt oor klimaatsverandering by die lesers te verhoed. Volgens die opinies van die deelnemers is die uitdagings in die verkryging van inligting van politici en nie-regering organisasies eenvoudig, maar dit is moeiliker om wetenskaplikes te vind omdat hulle van nature versigtig is om met joernaliste te praat.

Die deelnemers het aangetoon in hoofstuk ses dat hulle hul individuele posisies kan uitdruk wanneer hulle verslag lewer oor klimaatsverandering en die Kopenhagen klimaatsberaad indien hulle ontledingsartikels skryf. Neutrale en objektiewe beriggewing word van hulle verwag wanneer hulle verslag lewer oor 'n harde nuus gebeurtenis soos die Kopenhagen klimaatsberaad. In afdeling 5.3.3. in hoofstuk vyf word die gebruik van nuusagentskappe en buitelandse koerante in die versamelde 299 items bespreek, en dit bewys dat in die drie geselekteerde koerante (veral die *Cape Argus* en die *Cape Times*) daar meer gesteun moet word op plaaslike verslaggewers en bronne eerder as op eksterne bronne.

Vir Jorisna Bonthuys is: “besluite oor nuusdekking nie 'n wetenskaplike proses nie omdat dit ingekleur word deur beskikbare spasie, die nuusagenda van die dag en dikwels persoonlike voorkeure deur diegene wat die besluite hieroor neem”. In *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* moet daar dus meer gedoen word om klimaatsverandering boaan die politieke agenda te plaas. Verder is dit uitdagend om oor klimaatsverandering te skryf in 'n poging om die gaping tussen die akademië, die rampbestuurders en die burokrate (wat beleide vorm) te oorkom.

#### 7.2.9 Wat is die mening van klimaatsverandering kundiges van die Suid-Afrikaanse media tydens die Kopenhagen klimaatsberaad?

Doktor Gina Ziervogel en Jackson Rikhotso deel 'n gemeenskaplike belangstelling in die klimaatsverandering veld en hulle opinies is ingewin oor die verantwoordelikheid van Suid-Afrikaanse koerante. Hulle is van die mening dat die boodskap duidelik en helder oorgedra moet word en dit impliseer dat die joernaliste 'n begrip oor wye kwessies moet hê om die verlede, hede en toekoms in ag te neem. Dit sal daartoe lei dat daar meer klem geplaas moet word op die balans tussen ekonomiese, sosiale en omgewingsvolhoubaarheid as 'n manier om klimaatsrampe te verhoed of te verminder.

Vir Jackson Rikhotso moet die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur en ontwikkeling geïntegreer word om te verseker dat volhoubare ontwikkeling die behoeftes van die huidige generasie ontmoet: “and not compromising the needs of the future generations”.

### 7.3 Tekortkominge en voorstelle vir verdere navorsing

Die twee hoofbeperkinge geïdentifiseer in hierdie studie is tyd en ruimte. Die ideaal sou wees om nasionale publikasies in te sluit in hierdie studie, die tydperk van die teksanalise te verleng en 'n fokusgroep met koerantlesers te onderneem. Die mate waarin die navorsing vir veralgemening doeleindes gebruik kan word is beperkend omdat die navorsing slegs oor 'n tydperk van vier maande onderneem is en slegs navorsing van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* insluit wat deur een ondersoeker geanaliseer is.

Die teksanalise se studieperiode het geskied vanaf 2 November 2009 tot 26 Februarie 2010. Redes vir die moontlike tekort aan beriggewing tydens die studie periode is bespreek in hoofstuk vier. Die Sokker Wêreldbekertoernooi het verder die tyd beperk vir onderhoude met die rampbestuurders sowel as die beskikbaarheid van die onderskeie rampbestuurders. Dit het nie die kwaliteit van die onderhoude beïnvloed nie, maar het veroorsaak dat die data-insamelingsperiode verleng moes word.

'n Belangrike beperking van dataversameling deur onderhoude is dat die deelnemers slegs joernaliste, 'n klimaatsverandering spesialis en 'n rampbestuurder ingesluit het. Toekomstige navorsing oor die onderwerp sou ook ander deelnemers soos die redakteurs wat werksaam was in die betrokke studie tydperk by *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* kon insluit om dit meer verteenwoordigend te maak. Kwessies wat in die data-ontleding proses na vore gekom het, kon nie opgevolg word nie, maar voorstelle om hierdie tekortkominge te omseil is dus om opvolg-onderhoude te hou en 'n fokusgroep met al die deelnemers te reël.

Vir die kwantitatiewe studie het daar aanvanklik 'n totaal van 379 items gekwalifiseer, maar 80 items is uitgelaat omdat die artikels nie van toepassing was nie omdat dit in Saterdag uitgawes verskyn het of deel was van nasionale bylae en dus nie aan die perke van alleenlik Kaapse nuusblaaie voldoen het nie. In die kwalitatiewe studie is oopvrae in semi-gestruktureerde vraelyste aan deelnemers verskaf. Die eksterne en interne geldigheid van die navorsingstudie is deurgaans deur die ondersoeker gekontroleer en alhoewel die studie nie alomvattend is nie, is elke poging aangewend om die sleutel aspekte van die navorsing te bespreek.

Om die huidige studie se bevindinge te komplementeer met toekomstige studies, moet daar na ander mediateorieë gekyk word. Voorstelle om die tekortkominge te oorkom, is om die studieperiode te verleng. Daar kan ook verdere navorsing gedoen word spesifiek met die doel om te kyk watter impak advertensies en ander mediavorme soos films en dokumentêre films wat handel oor rampe, het op die publiek se risiko-persepsies. Indien moontlik moet verdere studies met dieselfde deelnemers onderneem word om latere uitkomst te bepaal en dit sal ook vergoed vir die oorheersing van ander stories in die nuus.

## **7.4 Aanbevelings vir die implementering van die bevindinge**

### 7.4.1 Die Burger, Cape Argus en die Cape Times

Die belangrikheid van die rol van die drie Kaapse koerante se dekking en verteenwoordiging van die Kopenhagen klimaatsberaad raak duidelik wanneer die ontsaglike impak van klimaatsverandering op die Wes-Kaap en Suid-Afrika in ag geneem word. Die literatuurstudie dui daarop dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* daartoe kan bydra om positiewe verandering teweeg te bring in die konteks van klimaatsverandering omdat die media 'n fundamentele rol in die vorming van mense se risiko-persepsies speel.

Die tradisionele rol en joernalistieke norme van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* moet uitbrei omdat die koerante so 'n groot deel van ons lewens is, dit is indirek 'n manier hoe ons oor onself leer, en omdat klimaatsverandering nuwe eise daaraan stel wat nie meer beperk kan word tot 'n omgewingskwessie nie. 'n Kwantumskuif is daarom nodig in nuusblaaie om as 'n effektiewe agent van verandering op te tree en klimaatsverandering as 'n nuwe genre en vakgebied te erken. Klimaatsverandering moet as 'n ernstige relevante probleem daagliks verteenwoordig word, met gepaste oplossings sodat dit die samelewing help om ingeligte keuses te maak.

Die uitdagings wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* in die gesig staar om vertrou te word as 'n ware boodskapper van betroubare feite en van die realiteit is hulle kunsmatige stel van kriteria en ideologieë wat die agenda bepaal waarvoor mense dink. Uitdagings wat die besluitneming oor die verteenwoordiging van klimaatsverandering

bemoeilik, is dat nuusdekking van klimaatsverandering plaasvind in groter kontekste van regulerende raamwerke, tegniese kapasiteit uitdagings, kulturele en institusionele druk, en joernalistieke norme. Die spesifieke uitdagings bekom uit die empiriese data sluit in 'n oorbeklemtoning van data met 'n Westerse fokus, 'n tekort aan wetenskaplike opleiding, beperkte toegang tot inligting, en 'n gebrek aan vertrouwe tussen joernaliste en wetenskaplikes.

Daar moet na langtermyn voldoende aksie beweeg word, waar *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* die volle uitdaging van die klimaatsverandering aanspreek en nie slegs op katastrofiese rampe fokus nie. Die empiriese data dui ook aan dat in die konteks van klimaatsverandering 'n sosiaal bewuste gedrukte media samewerking moet bewerkstellig tussen die nuuskantoor, wetenskaplikes en die joernaliste.

#### 7.4.2 Onderwerp area

Teoreties is die Kopenhagen klimaatsberaad die ideale onderwerp vir internasionale omgewing samewerking omdat dit oorvleuel met alles en gevolglik is dit geweldig aktueel. *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* moet hulself daartoe verbind om klimaatsverandering van probleemoplossing tot houdingsverandering uit te beeld. In hierdie konteks sal dit help om plaaslike veranderinge van die Wes-Kaapse klimaat uit te beeld deur inligting wat die Wes-Kaapse leserspubliek direk raak, eerder as oor ysberes. Dit sal ook help om te leer uit onlangse krisisse en 'n duideliker verbintenis te skep tussen energie en klimaat, omdat dit die kans sal vergroot dat die leserspubliek op volhoubare en verantwoordelike maniere kollektief sal optree.

Klimaatsverandering is 'n mega-tendens onderwerp met toenemende belangrikheid en die deelnemende joernaliste het aangedui dat daar meer gefokus moet word op die ekonomiese impak hiervan; die ontwikkelende navorsing in die verband; mariene kwessies; en aanpassing, impak en response op mikrovlakke. Om die publiek te help om die erns van klimaatsverandering en internasionale klimaatsverandering samesprekings te verstaan, moet mediahuise ook meer hulpbronne aan joernaliste beskikbaar stel.



### 7.4.3 Joernaliste

Die opinies van beide groepe deelnemers het aangedui dat hulle glo in die wesenlike gevaar van klimaatsverandering en die belangrikheid van die Kopenhagen klimaatsberaad, en die gevolge wat dit tesame met die Kopenhagen Ooreenkoms vir rampbestuur inhou en dat dit meer gereeld in 'n plaaslike konteks vir koerantlesers gekontekstualiseer moet word. Dus om mense se persepsies van die risiko te verhoog moet beriggewing oordeelkundig, proporsioneel, duidelik en volhoubaar oor 'n lang tydperk, met gepaste oplossings wees.

*Die Burger, Cape Argus* en die *Cape Times* is daarom 'n kritiese skakel in suksesvolle rampbestuur om begrip en momentum vir aanpassing en bewusmaking op te bou. Dit impliseer uiteindelik dat die rol van joernaliste ook sal moet uitbrei. Klimaatsverandering is besig om Suid-Afrika te affekteer en dit konfronteer die joernalis met bykomende eise om betrokke te raak by die onderwerp. Joernaliste moet 'n nuwe houding in neem om by te dra tot 'n meer bewuste en akkuraat ingeligte samelewing. Joernaliste moet kyk na ons verantwoordelikheid as 'n globale gemeenskap en help om op 'n plaaslike vlak langtermyn, volhoubare politieke druk uit te oefen (Bird *et al* 2010: 57).

Verslaggewing oor klimaatsverandering is kompleks omdat joernaliste moeilike kwessies moet verduidelik en moet wegbeweeg van die blote erkenning van omgewingsvraagstukke na meer ondersoekende joernalistiek waar stories opgevolg word. Die sosiale konteks van die Wes-Kaapse leser se persoonlike agtergrond moet in ag geneem word veral omdat die publiek se gebruik van inligting nie lineêr is nie.

Daarom vir 'n onderwerp soos klimaatsverandering moet mense wetenskaplik geletterd wees sodat hulle die kompleksiteit van die debat kan verstaan en hierin speel joernaliste 'n spesifieke rol. Joernaliste se rol is belangrik omdat die invloed van die inhoud van die boodskappe verder strek as slegs die inhoud deur middel van bewusmaking van die publiek oor klimaatsverandering, en die bemagtiging van lesers deur verslaggewing oor ontwikkelende bedreigings en geleenthede soos die Kopenhagen klimaatsberaad.

#### 7.4.4 Joernaliste, redakteurs en klimaatwetenskaplikes

Die verwarming van die planeet is stelselmatig, maar ekstreme weersomstandighede kom toenemend voor. Uit afdeling 5.3.6 in hoofstuk vyf is dit duidelik dat daar 'n merkwaardige tekort aan beriggewing met 'n wetenskaplike en tegnologie raam is en dit verhoog die belangrikheid dat die beriggewing van die wetenskap afhanklik is van die joernalis en sy/haar kommunikasie met wetenskaplikes.

Ten opsigte van samewerking tussen joernaliste en wetenskaplikes het hierdie ondersoek aan die lig gebring dat vele uitdagings bestaan, byvoorbeeld die gebrek aan doelgerigte netwerke en samewerking tussen rolspelers. Die empiriese resultate betreffende hierdie uitdagings dui aan dat struikelblokke die hoeveelheid van akkurate kennis wat oorgedra kan word na die leserspubliek beperk, omdat dit die joernaliste se oordeel en motivering oor die erns van klimaatsverandering en die Kopenhagen Ooreenkoms in die konteks van rampbestuur oor die langtermyn beïnvloed.

Beriggewing oor die komplekse wetenskaplike onsekerheid dra daartoe by om die leserspubliek se bewustheid oor die realiteit van klimaatsverandering te affekteer. Wanneer daar oor klimaatsverandering berig word, moet die joernalis die wetenskap ontrafel en dit akkuraat en verantwoordelik aan die publiek oordra sodat ingeligte besluite (as deel van ramp voorbereiding) geneem kan word.

Die verskille in waardes van langtermyn visie en *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se fokus op korttermyn gebeurtenisse moet ook begryp word. Koerante waardeer onmiddellikheid en daarom moet wetenskaplike onsekerheid in die navorsing gemeenskap gekommunikeer word deur versigtig bewoorde wetenskaplike bevindinge eerder as dramatiese oogopvallende vermaaklike stories soos rampe wat gehore se aandag trek.

Die dialoog tussen joernaliste en wetenskaplikes kan verbeter word indien joernaliste hulle rol in die groter konteks van samewerking met wetenskaplikes sien. 'n Verskil tussen wetenskaplikes en joernaliste is hulle nabyheid tot die inrigting van kennis. Hierdie verskille moet erken word sodat 'n netwerk van samewerking tussen rolspelers gebou kan word en akkurate wetenskaplike verslaggewing kan plaasvind om

kommunikasie oor internasionale samesprekings wat oor klimaatsverandering handel te verbeter.

Die vestiging van betroubare netwerke binne die klimaatsverandering wetenskap vakgebied deur middel van werksinkels is 'n goeie begin, maar moet uiteindelik deel vorm van 'n deurlopende uitgangspunt ten opsigte die Kopenhagen klimaatsberaad en klimaatsverandering. Hierdie kontak sal groter begrip en minder agterdog tussen die nuusblaaie en wetenskaplikes bewerkstellig. Dit sluit ook in verbetering in kommunikasie tussen redakteurs en wetenskaplikes op spesifieke maniere. Die deelnemers is van mening dat die redakteurs die potensiaal het om 'n aansienlike bydra in die konteks van die klimaatsverandering te lewer, aangesien redakteurs 'n strategiese posisie in die groter media landskap vul.

## 7.5 Samevatting

Die navorsingsdoel was om met 'n gemengde navorsingsmetode te bepaal wat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* se houding is teenoor die Kopenhagen klimaatsberaad in die konteks van rampbestuur, en terselfdertyd om die ondersoek se betroubaarheid en geldigheid te verhoog. Vir Conboy (2007) is nuus die eindproduk van 'n komplekse proses en het koerante 'n eksplisiete normatiewe rol in hoe ons die wêreld sien. Koerante is 'n heersende bron van inligting en die verteenwoordiging van 'n kwessie soos die onlangse Kopenhagen klimaatsberaad het 'n opvallende invloed op die publiek se begrip oor die erns van internasionale klimaatsverandering samesprekings.

Volgens Michael Jarraud, direkteur-generaal van die Wêreld-Meteorologiese Organisasie, is daar aanduidings dat meer ekstreme weertoestande meer gereeld plaasvind en op die langtermyn is daar ongetwyfeld 'n tendens van stygende temperature en veranderende weerstoestande (Bonhuysb 2009: 5).

Suid-Afrika se klimaatfluktuasies is onomstootlik – droogtes en onvoorspelbare weertoestande beteken dat nuusdekking oor klimaatsverandering 'n paradigmaskuif benodig omdat die mensdom se aksies 'n beslissende effek op die klimaat het en dit veroorsaak dat rampe toenemend vinniger en meer gereeld plaasvind. Vanuit die bespreekte tendense se gevolge vir Suid-Afrikaanse rampbestuur het dit baie meer sin

om omgewingsvriendelike maatreëls in te stel as om later hulp aan rampgebiede te moet verleen. Uit die bostaande empiriese data wil dit blyk asof 'n gebrek aan daaglikse nuusdekking die hoofrede kan wees waarom individue nie gemotiveerd is om moeite te doen om bewus te raak van klimaatsverandering nie en die publieke debat oor hierdie kwessie moet aangemoedig word.

Die empiriese resultate is betekenisvol omdat dit die behoefte aan 'n uitgebreide rol vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* identifiseer, omdat hulle kardinale rolspelers in die vorming van die Wes-Kaapse leserspubliek se risiko-persepsies en oortuigings is. Volgens Boykoff en Roberts (2008: 9) ontvou nuusdekking in 'n groter konteks van nuuswaardes, ekonomiese norme en joernalistieke norme waar dit kombineer om uitdagings vir die beriggewing oor klimaatsverandering te vorm.

*Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* funksioneer in 'n sosiale konteks waar dit die samelewing beïnvloed oor hoe hulle klimaatsverandering verstaan en daarmee omgaan. Uit die bostaande data is vasgestel dat beide groepe van die deelnemende joernaliste en klimaat kundiges vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* 'n groter kampvegter rol sien in die konteks van klimaatsverandering. In hierdie ondersoek het dit dus na vore gekom dat spesifieke veranderinge sal moet plaasvind sodat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* moet transformeer om klimaatsverandering inligting en ramp bewustheid te verbeter om die leserspubliek se korttermyn horisonne te verbeter.

Die voorafgaande empiriese resultate bevestig dus dat daar ruimte is vir kwalitatiewe verbetering waarbinne joernaliste moet wegbeweeg van die blote erkenning na meer ondersoekende en gepaste joernalistiek oor internasionale klimaatsverandering samesprekings, om sodoende 'n optimale rol te speel om die dringendheid van klimaatsverandering te beklemtoon. Klimaatsverandering en internasionale samesprekings oor klimaatsverandering moet as volhoubare kwessies beskou en uitgebeeld word. Aldus moet joernaliste 'n beter begrip weergee oor die erns gaan internasionale samesprekings, en hoe klimaatsverandering die daaglikse lewens van die lesers beïnvloed en hoe hulle die risiko's kan verminder. Die afleidings van die kwalitatiewe studie is dat die individuele leser verantwoordelik is om te besluit wat hy/sy met die inligting doen en dat dit nie die joernalis se taak is nie.

Vanuit die bogenoemde bespreking en voortvloeiend uit die empiriese data is dit duidelik dat doelgerigte verandering oor die erns van nasionale en internasionale samewerking oor klimaatsverandering vir *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* asook hul lesers tot positiewe en volhoubare ekologiese aksies kan lei, waar behoeftes van ontwikkeling met die verligting van klimaatsverandering gebalanseer word.

Volgens Yvo de Boer het die Kopenhagen klimaatsberaad aangedui: “there has been some progress, but not nearly enough to present to the world as a success in Copenhagen. Science tells us that we have a window of opportunity in which we can still act, in which we still have a good chance of avoiding the worst consequences of climate change. The solutions exist. The will exists. The question is, will we, as humanity, rise to the occasion and seize the opportunity to agree to solutions?” (UNFCCCb 2009: 1-2).

Die Kopenhagen klimaatsberaad en die Kopenhagen Ooreenkoms het daarom 'n leemte gelaat vir meer ambisieuse en kollektiewe aksie. Die potensiaal van *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* moet gerealiseer word om die erns van internasionale samesprekings en die gevaar van klimaatsverandering tasbaar te maak. Daar is nog hoop vir 'n wetlik, bindende verdrag met COP-16 in Mexiko, met die voortsetting van die post-Kioto samesprekings vanaf 29 November tot 10 Desember 2010 om met deurslaggewende en veral regsbindende en konkrete besluite oor die beperking van nadelige kweekhuysgasse vorendag te kom.

Wanneer hierdie studie in die geheel beskou word, is dit duidelik dat *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* gebruik kan word as 'n effektiewe komponent van rampbestuur deur 'n rol te speel in die vorming van die leserspubliek se risiko-persepsies oor samewerking en geleentheid van internasionale klimaatsverandering samesprekings. Beriggewing in *Die Burger*, *Cape Argus* en die *Cape Times* kan daarom as 'n medium gebruik word om openbare druk vir meer beslissende klimaatsbeleidvorming te bewerkstellig.

## BRONNELYS

- Adam, B., Beck, U., & Van Loon, J.** (eds). 2000. *The Risk Society and Beyond*. Great Britain, Gateshead: Atheneum Press.
- Allan, S.** 2002. *Media, risk and society*. Philadelphia: Open University Press.
- Allan, S.** 2004. *News Culture*. United Kingdom: Bell&Bain.
- Allan, S., Adam, B., & Carter, C.** 2000. *Environmental Risks and the Media*. Great Britain, Guildford: Biddles Ltd.
- Altschull, H.J.** 1991. *From Milton to McLuhan: The ideas behind American Journalism*. New York: Longman.
- Andersen, M.** 2009. *Copenhagen was more than the accord*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.denmark.dk/en/menu/Climate-Energy/COP15-Copenhagen-2009/Selected-COP15-news/Copenhagen-was-more-than-the-accord.htm> [2010, Julie 2].
- Anderson, M. L., & Taylor, H. F.** 2004. *Sociology – understanding a diverse society*. Belmont: Wadsworth.
- Anon.** 2010. *Kopenhagen klimaatsberaad*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.copenhagenclimatecouncil.com/get-informed/climate-negotiations-updates.html> [2010, Januarie 15].
- Anton, T., & McCourt, R.** (eds). *The New Science Journalists*. New York: Ballantine Books.
- Babbie, E.** 2004. *The Practice of Social Research*. United States of America: Wadsworth/ Thomson Learning.
- Babbie, E. & Mouton, J.** 2001. *The practise of social research*. Cape Town: Oxford University Press Southern Africa.
- Batty, D.** 2009. *Copenhagen reaction: delegates speak*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.guardian.co.uk/environment/2009/dec/19/copenhagen-reaction-delegates-speak> [2010, September 15].
- Beck, U.** 1996. *The reinvention of politics: Rethinking modernity in the global social order*. Cambridge: Polity Press.
- Beck, U.** 1999. *World Risk Society*. Cambridge: Polity Press.
- Beckett, C.** 2008. *Supermedia: saving journalism so it can save the world*. United Kingdom: TJ International.
- Bennet, W.L.** 1996. An introduction to journalism norms and representations of politics. *Political Communication* 13: 373 – 384.

- Berger, A.A.** 2008. *Making Sense of Media: Key Texts in Media and Cultural Studies*. Singapore: Fabulous Printers.
- Biagi, S.** 2005. *Media/Impact: An Introduction to Mass Media*. Canada: Wadsworth.
- Bird, H., Boykoff, M., Goodman, M., Littler, J., & Monbiot, G.** 2010. *The Media and Climate Change*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.eurozine.com/articles/2010-01-11-discussion-en.html> [2010, Februarie 15].
- Bless, C., Higson-Smith, C., & Kagee, A.** 2006. *Fundamentals of social research methods – an African perspective*. Cape Town: Juta.
- Bonthuys, J.** 2009. SA se inkortings voorwaardelik. *Die Burger*. 8 Desember 2009: 4.
- Bonthuysb, J.** 2009. Vanjaar 'was die vyfde warmste jaar'. *Die Burger*. 9 Desember 2009: 5.
- Bonthuys, J.** 2010. Ryk lande moet hul eko-beloftes nakom. *Die Burger*. 28 Januarie: 5.
- Botes, E.** 2001. Riglyne vir omgewingsjoernaliste. [Gepubliseerde M.A. Tesis.] Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Bowman, T.** 2008. *Summary Report: A Meeting to Assess Public Attitudes about Climate Change*. [Aanlyn]. Herwin van: [http://www.climatechangecommunication.org/images/files/Report\\_on\\_Pub\\_Attitudes\\_About\\_CC%2008.pdf](http://www.climatechangecommunication.org/images/files/Report_on_Pub_Attitudes_About_CC%2008.pdf) [2010, Februarie 22].
- Boyce, T., & Lewis, J.** 2009. *Climate Change and the Media*. United States of America, New York: Peter Lang.
- Boykoff, J., & Boykoff, M.** 2004. *Journalistic Balance as Global Warming Bias: Creating controversy where science finds consensus*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.fair.org/index.php?page=1978> [2010, Februarie 20].
- Boykoff, M., & Boykoff, J.** 2007. Climate change and journalistic norms: A case study of US mass media coverage. *Geoforum* 38 (6): 1190 – 1204.
- Boykoff, M.** 2008. *Media and scientific communication: a case of climate change*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://www.eci.ox.ac.uk/publications/downloads/boykoff08-media-communication.pdf> [2010, Februarie 20].
- Boykoff, M.T., & Roberts, J. T.** 2008. *Human Development Report 2007/2008: Fighting climate change: Media Coverage of Climate Change: Current Trends, Strengths, Weaknesses*. [Aanlyn]. Herwin van: <http://hdr.undp.org/en/reports/global/hdr2007-2008/papers/boykoff,%20maxwell%20and%20roberts,%20j.%20timmons.pdf> [2010, Februarie 22].

- Brittle, C., & Muthuswamy, N.** 2009. *Scientific elites and concern for global warming*. [Aanlyn]. Herwin van: [http://www.climatechangecommunication.org/resources\\_reports.cfm](http://www.climatechangecommunication.org/resources_reports.cfm) [2010, Februarie 22].
- Buchinger, C.** 2006. The South African media's coverage of the Abu Ghraib prisoner abuses: an ethical study of two selected newspapers. [Gepubliseerde M.A. Tesis.] Stellenbosch: Stellenbosch Universiteit.
- Bulkeley, H., & Betsill, M.** 2003. *Cities and climate change: urban sustainability and global environmental governance*. Great Britain, Cornwall: TJ International.
- Burns, L.S.** 2004. *Understanding Journalism*. Great Britain, Trowbridge: Cromwell Press.
- Butler, C., & Pidgeon, N.** Media Communication and Public Understanding of Climate Change: Reporting Scientific Consensus on Anthropogenic Global Warming. In T. Boyce, & J. Lewis. *Climate Change and the Media*: 43-58. United States of America, New York: Peter Lang.
- Cai, X., Zhao, X., & Carey, G.** 2009. *Altruism and children perceptions about global warming*. [Aanlyn]. Herwin van: [www.ijsc-online.org](http://www.ijsc-online.org) [2010, Maart 4].
- Cammaerts, B., & Carpentier, N.** (eds). 2007. *Reclaiming the Media – Communication Rights and Democratic Media Roles*. Malta: Gutenberg Press.
- Campbell, F.** s.a. *The Construction of Environmental News: A study of Scottish journalism*. Great Britain, Aldershot: Ashgate Publishing.
- Carvalho, A.** (ed). 2008. *Communicating Climate Change: Discourses, Mediations and Perceptions*. [Aanlyn]. Herwin van: [http://www.lasics.uminho.pt/ojs/index.php/climate\\_change](http://www.lasics.uminho.pt/ojs/index.php/climate_change) [2010, Februarie 27].
